Ontstaan 1869
50 jaar selfstandig 2001

Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

# DIE ROL VAN RELIGIEUSE KONSTRUKTE IN NARRATIEWE BERADING: 'N SOSIOLOGIESE FOKUS.


**Pieter Kruger**
**BA (Teologie), BD**


**Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium vakgroep Sosiologie met spesialisering in Huweliks- en Gesinsvoorligting en –beraad in die skool vir Gedragswetenskap aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (Vaaldriehoekkampus).**

**Studieleier: Dr P.R. van Heerden**

**2003**
**Vanderbijlpark**


NORTH WEST UNIVERSITY
VAAL TRIANGLE CAMPUS

## ABSTRACT

In recent decades a new way of thinking has emerged. It is called the postmodern paradigm. The ongoing technological development and increased international exposure to the thoughts, opinions and values of others (even from abroad) led to a sense of diversity. People exist in a social ocean of opinions, values and beliefs. The legitimity of knowledge depends on social consensus. Therefor knowledge can be described as subjective, relative and pluralistic. The influence of the postmodern paradigm ranges from the intellectual scientific knowlegde on the one side of the spectrum to the personal cognition of individuals on the other side.

The postmodern paradigm has also influenced the theory on counseling. This study will discuss the narrative approach to counseling and the relevance of the postmodern paradigm to narrative counseling. The personal self is seen as the product of its social environment. Human identity and thought are constructed within a certain social reality. In this social reality certain dominant social discourses exist through which human thought, beliefs and values are shaped. The idea that people construct narratives (stories) as ways of making sense of personal experiences and the world they live in, is central to narrative counseling. Inquiring about and exploring these stories that people live by is essential for narrative counseling.

In counseling people tell stories about negative experiences and problems. They are stuck in these stories and see no escape for themselves. Sometimes religious constructs play a vital role in these stories, because people use them as tools to 'explain' their experiences and problems. These 'explanations' usually bring no clarification - instead they intensify the experience of a problematic situation. In this study the focus will be on the role of religious constructs and discourses in problematic stories. Religion is important to the persons in the casestudies. For this reason new possible religious discourses will be explored in an effort to re-author their stories. In the narrative conversations with the persons in the casestudies the principles of narrative counseling will be applied in assisting the persons to re-author their stories. In re-authoring their stories the persons in the casestudies experience an outcome to overcome and minimize the effect of the problematic religious constructs and discourses and to live new lifes through alternative stories that they constructed through alternative constructs and discourses.

# INHOUDSOPGAWE


| | | *Bladsy:* |
|---|---|---|
| **HOOFSTUK 1** | | **1** |
| **ORIËNTASIE TOT DIE STUDIE** | | |
| 1.1 | INLEIDING | 1 |
| 1.2 | PROBLEEMSTELLING | 1 |
| 1.3 | DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE | 2 |
| 1.3.1 | Algemene doelstellings | 2 |
| 1.3.2 | Spesifieke doelstellings | 2 |
| 1.4 | METODOLOGIE | 3 |
| 1.4.1 | Oriëntasie tot die navorsing | 3 |
| 1.4.2 | Kwalitatiewe navorsing | 3 |
| 1.4.3 | Die plek van teorie en literatuurstudie in die kwalitatiewe benadering tot navorsing | 5 |
| 1.4.4 | Tipes navorsingstrategieë in kwalitatiewe navorsing | 6 |
| *1.4.4.1* | *Fenomonologie* | 6 |
| *1.4.4.2* | *Gevallestudies* | 7 |
| 1.4.5 | Informasiekolleksie in kwalitatiewe navorsing | 8 |
| *1.4.5.1* | *Deelneming van gespreksgenote* | 8 |
| *1.4.5.2* | *Onderhoudvoering (Gesprek)* | 9 |
| 1.4.6 | Kwalitatiewe analise en interpretasie | 10 |
| 1.4.7 | Die kwalitatiewe navorsingsverslag | 11 |
| 1.4.8 | Betroubaarheid en geldigheid van die studie | 11 |
| 1.5 | BEGRIPSVERHELDERING | 12 |
| 1.6 | HOOFSTUKINDELING | 12 |
| **HOOFSTUK 2** | | **16** |
| **DIE BASIS VAN DIE STUDIE** | | |
| 2.1 | INLEIDING | 16 |
| 2.2 | POSTMODERNISME | 16 |
| 2.2.1 | Die modernistiese paradigma | 16 |
| *2.2.1.1* | *Inleiding* | 16 |

*2.2.1.2 Objektiwiteit* 17

*2.2.1.3 Atomisties* 17

*2.2.1.4 Samevatting* 18

2.2.2 Die postmoderne denkraamwerk 18

*2.2.2.1 Inleiding* 18

*2.2.2.2 Sosiale diversiteit* 18

*2.2.2.3 Subjektiwiteit* 19

*2.2.2.4 Relatiwiteit* 20

*2.2.2.5 Pluralistiese kennis* 20

*2.2.2.6 Konstruksies van die realiteit* 21

*2.2.2.7 Kontekstualiteit* 22

*2.2.2.8 Relasionele realiteit* 22

*2.2.2.9 Refleksiwiteit* 23

*2.2.2.10 Samevatting* 24

2.3 'N KONSTRUKTIVISTIESE EPISTEMOLOGIE 24

2.4 DIE BYDRAE VAN SOSIALE KONSTRUKSIONISME 26

2.5 SAMEVATTING 29

**HOOFSTUK 3** **31**

**DIE ROL VAN TAAL VIR DIE VERSTAAN VAN KONSTRUKTE**

3.1 INLEIDING 31

3.2 DIE EPISTEMOLOGIESE BETEKENIS VAN TAAL VIR KONSTRUKTE 31

3.2.1 Die aard van taal 31

*3.2.1.1 Metaforiese taal* 33

3.3 DIE EPISTEMOLOGIESE BETEKENIS VAN RELIGIEUSE TAAL VIR RELIGIEUSE KONSTRUKTE 34

3.3.1 Die aard van religieuse taal 35

3.4 SAMEVATTING 37

**HOOFSTUK 4** 38

**DIE NARRATIEWE MODEL VAN BERADING**

4.1 INLEIDING 38
4.2 DIE NARRATIEF – 'N GEKONSTRUEERDE REALITEIT 38
4.3 DIE DOMINANTE STORIE 39
4.4 GESPREK IN NARRATIEWE BERADING 41
4.5 EKSTERNALISERING 43
4.6 DIE SOSIALE KONTEKS 47
4.7 DEKONSTRUKSIE 49
4.8 UNIEKE UITKOMSTE 50
4.9 DIE ALTERNATIEWE STORIE 52
4.10 DIE UITBOU VAN DIE ALTERNATIEWE STORIE 54
4.11 REFLEKSIWITEIT IN NARRATIEWE BERADING 57
4.12 SAMEVATTING 58

**HOOFSTUK 5** 61

**DIE DEKONSTRUKSIE EN REKONSTRUKSIE VAN RELIGIEUSE KONSTRUKTE**

5.1 INLEIDING 61
5.2 DIE DEKONSTRUKSIE VAN BEPERKENDE TAAL 61
5.3 NUWE TAAL VIR NUWE BESKRYWINGS 62
5.4 DIE DEKONSTRUKSIE VAN BEPERKENDE RELIGIEUSE TAAL 64
5.5 NUWE RELIGIEUSE TAAL VIR NUWE RELIGIEUSE KONSTRUKTE 67
5.6 DIE ROL VAN DIE BYBEL IN DEKONSTRUKSIE EN REKONSTRUKSIE 74
5.7 SAMEVATTING 75

**HOOFSTUK 6** 78

**EMPIRIESE STUDIE: VAN DOMINANTE STORIE TOT ALTERNATIEWE STORIE**

6.1 INLEIDING 78

6.2 DIE STORIE VAN NELIA 79

6.2.1 Die eerste gesprek 79

*6.2.1.1 Refleksie op die eerste gesprek* 80

6.2.2 Die tweede gesprek 82

*6.2.2.1 Refleksie op die tweede gesprek* 84

6.2.3 Die derde gesprek 87

*6.2.3.1 Refleksie op die derde gesprek* 87

6.2.4 Refleksie deur die gespreksgenoot 88

6.3 DIE STORIE VAN RIANA 89

6.3.1 Die eerste gesprek 89

*6.3.1.1 Refleksie op die eerste gesprek* 94

6.3.2 Die tweede gesprek 95

*6.3.2.1 Refleksie op die tweede gesprek* 97

6.3.3 Refleksie deur die gespreksgenoot 99

6.4 DIE STORIE VAN SYBRANDT EN TINA 100

6.4.1 Die eerste gesprek 100

*6.4.1.1 Refleksie op die eerste gesprek* 101

6.4.2 Die tweede gesprek 101

*6.4.2.1 Refleksie op die tweede gesprek* 104

6.4.3 Refleksie deur die gespreksgenote 106

6.5 SAMEVATTING 107

**HOOFSTUK 7** **109**

**REFLEKSIE OP DIE STUDIE**

7.1 INLEIDING 109

7.2 SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN DIE STUDIE 109

7.3 BYDRAE VAN DIE STUDIE 111

7.4 TEKORTKOMINGE IN DIE STUDIE 112

7.5 AANBEVELINGS VIR TOEKOMSTIGE NAVORSING 113

7.6 REFLEKSIE DEUR SKRYWER 113

7.7 SLOTGEDAGTE 114

**BIBLIOGRAFIE** **115**

## TABELLE

TABEL 1: 4

Die onderskeid tussen kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsing.

TABEL 2: 46

Die verskil tussen internaliserende en eksternaliserende gesprekke.

TABEL 3: 59

Die implikasies van die aannames van narratiewe berading vir die beradingsproses.

TABEL 4: 69

'n Illustrasie van die invloed van die dominante storie op religieuse konstrukte en die aanwending van metafore in die herskrywing van stories.

TABEL 5: 72

'n Illustrasie van hoe die beginsels van die oop-beskouing van God kan bydra tot die herskrywing van stories in narratiewe berading.

## FIGURE

FIGUUR 1: 40

'n Voorstelling van die dominante storie.

FIGUUR 2: 53

'n Voorstelling van die alternatiewe storie.

FIGUUR 3: 71

'n Voorstelling van hoe sekere metafore oor God, 'n sekere God-konstruk wat bydra tot die konsolidering van 'n alternatiewe storie, tot gevolg het.

## Waarneming

Hoe ingewikkeld weerloos is die mens,
jy sou hom eerder uit die weg moet gaan,
tog kom dit voor dat jy teenoor hom staan
sonder gebruikaanwysing, met die wens
dat julle saam iets van mekaar mag leer
binne die sober voorbestemde perk.
Gaan dan met groot omsigtigheid te werk:
van alles waaraan hy hom kan beseer
- hy wat so seldsaam letselvatbaar is -
sal jy jou nooit volledig vergewis
vóór dit te laat is om hom af te sweer.

(Elizabeth Eybers)

(Uit: Groot Verseboek, 2000:230)

# HOOFSTUK 1

# ORIËNTASIE TOT DIE STUDIE

## 1.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk het ten doel om die studie te oriënteer. In die probleemstelling word die aard van die navorsingsprobleem aan die orde gestel. Daaruit vloei dan die doelstellings van die beoogde navorsing. Die metodologie wat gevolg gaan word ten einde die doelstellings te verwesenlik, word bespreek. Sleutelterme wat deurgaans gebruik word in die navorsing word verhelder en laastens word 'n oorsig gegee van die uitleg van die navorsingsverslag.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

In die alledaagse realiteit word waargeneem dat mense konkrete probleme ervaar. Dikwels is dit ook mense se behoefte om hulp te kry ten opsigte van die probleme wat hulle ervaar. So kom mense dan vir berading in die hoop dat hulle hulp sal ontvang om die probleem te bowe te kan kom.

Mense rangskik hulle ervaringe van gebeure op 'n sekere wyse in narratiewe (stories), in 'n poging om by 'n samehangende verstaan van hulleself en die wêreld rondom hulle te kan kom (Freedman & Combs, 1996:30). Aangesien mense in beradingsessies die probleme wat hulle ervaar ook in stories aan die orde stel, is dié stories probleemdeurdrenkte stories.

In beradingsessies word dit dikwels waargeneem dat religie 'n rol speel in die verstaan van die probleem wat deur 'n persoon aan die orde gestel word. Persone wat kom vir berading soek van die berader dikwels antwoorde op religieuse kwessies en vrae, soos Armistead (1995:xvii) ook opmerk.

Skrywer is van mening dat 'n persoon se konstrukte aangaande religie wat sake soos Godsbegrip insluit en deur byvoorbeeld die konteks van die geloofsgemeenskap beïnvloed word, dikwels bepaal hoe die persoon sy probleemdeurdrenkte ervaringe beleef en verstaan.

Wat die ondersoek ten opsigte van die navorsingsprobleem ten doel het, word vervolgens bespreek.

## 1.3 DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE

### 1.3.1 Algemene (of oorhoofse) doelstellings:

Volgens Fouché (2002a:107) kan die doel (in hierdie geval die algemene doel) gesien word as die breër, meer abstrakte gedagte waartoe die poging van navorsing gerig is. Die doel van dié studie is om die rol van religieuse konstrukte in narratiewe te eksploreer. In die lig hiervan die volgende:

Soos die tema van die studie aandui, word die studie binne die sosiologie onderneem. Sosiologie is die studie van sosiale gedrag. Dit fokus op die invloed van sosiale instellings en -verhoudinge op mense se gedrag en oortuigings. Die perspektief waaruit die sosiologie werk, is om onderliggende patrone en invloede van sosiale gedrag te ondersoek. Die sosiologie bestudeer sosiale instellings soos die gesin, die samelewing, politiek en religie, om enkeles te noem (Schaefer, 1989:5).

Uit die aard van die probleemstelling sal in hierdie studie dus meer spesifiek aan religie as sosiale instelling aandag gegee word. Dié studie het ten doel om hierdie patrone en invloede wat van toepassing is op die navorsingsprobleem na te vors.

### 1.3.2 Spesifieke doelstellings:

Met die spesifieke doelstellings word na die meer konkrete, meetbare en haalbare doelstellings van die navorsing verwys. Volgens Fouché (2002a:107) het dit te doen met daardie realistiese stappe wat op grondvlak, binne 'n sekere tydsverloop geskied, om die algemene doelstelling te verkry. Dit beteken dat daar stapsgewys aan die volgende aandag gegee sal word:

- Omdat dié studie binne die studieveld van die narratiewe berading onderneem word, sal dit die vertrekpunt van die studie wees. Vir die doeleindes van die studie sal aandag gegee word aan die teorie van narratiewe berading en dit sal van toepassing gemaak word op die gevallestudies wat deel uitmaak van die empiriese ondersoek in hierdie studie.

- Aangesien daar in die narratiewe berading gepoog word om gedrag binne konteks te verstaan (Morgan, 2000:9), behoort die navorsingsprobleem ook binne sy konteks ondersoek te word. In die sosiologie word daar ook spesifiek gekyk na die relasie tussen die individu en die wyer samelewing. Om van hierdie relasie bewus te wees, stel mense in staat om verbande te trek tussen hulle onmiddellike, persoonlike konteks en die wyer sosiale konteks wat tot hulle vorming bydra (Schaefer, 1989:5). Hierdie uitgangspunt vorm die basis om spesifiek na die rol van die religie as sosiale instelling te kyk en hoe dit bydra tot die vorming van die religieuse konstrukte in die lewe van die gespreksgenote, in die gevallestudies. Die doel hiervan is om 'n beskrywing te bied van die spesifieke detail van die situasie en die sosiale konteks van die gespreksgenote.
- Die gevallestudies sal dien as die empiriese ondersoek. Die rede vir die nodigheid van 'n empiriese ondersoek is om dit wat in die teorie geformuleer is, toe te pas en so die kennisbasis van die dissipline verder uit te brei (Fouché, 2002a:108).

  Met die interpretasie van die versamelde data, beide teoreties en empiries, sal gepoog word om 'n verduideliking te gee van die betekenis daarvan soos dit van toepassing is op die navorsingsprobleem.

## 1.4 METODOLOGIE

### 1.4.1 Oriëntasie tot die navorsing:

Fouché (2002b:100) is van mening dat die navorsing op so wyse moet geskied, dat die betekenisse van die versamelde data duidelik na vore kan kom. Op dié wyse lei die interpretasie van hierdie data tot 'n 'ontdekking' (Fouché, 2002b:102).

Die metodiek waarmee hierdie navorsing aangepak word en waardeur gepoog word om die betekenisse van die versamelde data bekend te maak, word in paragraaf 1.4.2 tot paragraaf 1.4.8 bespreek.

### 1.4.2 Kwalitatiewe navorsing:

In die studie word 'n keuse gemaak om kwalitatief te werk te gaan. Hier volg 'n

uiteensetting van die verskil tussen kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsingsmetodes (Potgieter, 2000:103).

**TABEL 1: Die onderskeid tussen kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsing** (Potgieter, 2000:103).

| **Kwantitatiewe navorsing** | **Kwalitatiewe navorsing** |
|---|---|
| Meestal modernisties. | Meestal postmodernisties. |
| Konsentreer op feite as waarheid. | Konsentreer op waarheid as konstruk; waarheid het vele alternatiewe. |
| Getalle en hoeveelhede is belangrik. | Werk meer beskrywend. |
| Geheel word in segmente opgebreek en ondersoek. | Die geheel van die saak word beskou. |
| Die navorser staan onafhanklik van die objek wat nagevors word. | Die navorser en die objek het wedersydse invloed op mekaar. |
| Grense vir die ondersoek word afgebaken: steekproewe. | Die omgewing waarin die objek hom bevind, speel ook 'n rol. |
| Veralgemening van data en feite. | Konsentreer eerder op ideografiese waarhede / gekonstekstualiseerde kennis. |
| Klem word geplaas op die ontdek van nuwe feite. | Nuwe betekenis word eerder gekonstrueer deur nuwe taal. |
| Nuwe aspekte moet bewys word. | Nuwe aspekte wil eerder geïllustreer word. |
| Die betroubaarheid van die navorsing hang van die metodes af. | Betroubaarheid van die navorsing hang van die toepaslikheid in konteks af. |
| Klem val op evaluering. | Klem val op beskrywing. |
| Die navorser wil verklaar. | Die navorser wil verstaan. |
| Daar bestaan 'n dualisme tussen navorser en die navorsing. | Daar bestaan 'n rekursiewe verbintenis tussen navorser en die navorsing. |

Hiernaas word nog kenmerke van die kwalitatiewe navorsingsproses aangedui, wat dien as verdere redes vir dié keuse van navorsing.

Mouton en Marais (1990:155-156) dui die volgende in verband met die kwalitatiewe navorsingsproses aan:

- Die navorsingsprosedure is nie so streng geformuleer nie. Dit is meer dinamies en aanpassings kan in die navorsingsproses gemaak word.

- Die omvang van die navorsing is minder gedefinieerd sodat die navorsing nie voorafbepaald of deterministies is nie.

Die volgende prinsipe van die kwalitatiewe navorsingsproses is volgens Reid en Smith (1981:88-89) belangrik:

- Die navorser probeer 'n eerstehandse, holistiese verstaan van die saak wat nagevors word, verkry.
- Metodes van dataversameling soos deelnemende, ongestruktureerde gesprekke en deelnemerobservasie word gebruik om 'n indiepte-begrip van die navorsingsprobleem te bekom.
- Genoegsame begrip van die saak wat ondersoek word, kan verkry word deur 'n eerstehandse ondersoek deur 'n enkele navorser.

Cresswell (1998:16) maak die volgende gevolgtrekkings ten opsigte van die kwalitatiewe navorsingsproses:

- Daar is 'n behoefte om 'n gedetaileerde beskouing van die saak wat nagevors word, te gee.
- Die studie betrek individue in hulle natuurlike omgewing (nie-kliniese opset).
- Die navorser beskou die saak vanuit die verwysingswêreld van die deelnemer (gespreksgenoot) eerder as om ekspert waarde-oordele te probeer maak.

Hierdie uitgangspunte van die kwalitatiewe navorsing sluit nou aan by die uitgangspunte van die postmoderne denke en narratiewe berading (vergelyk hoofstuk 2 en 4). Vir hierdie rede is dit die verkieslike benadering tot die navorsing wat in hierdie studie onderneem word.

### 1.4.3 Die plek van teorie en literatuurstudie in die kwalitatiewe benadering tot navorsing:

Volgens Fouché en Delport (2002:266) skep die gebruik van literatuur in navorsing, 'n logiese raamwerk vir die navorsing wat plaasvind ten opsigte van die navorsingsprobleem. Hierdie raamwerk skep 'n konteks van verwante studies waarin die navorsing kan geskied. Dit is vir skrywer van uiterste belang,

want dit is nodig dat die navorsing wat in hierdie studie onderneem word, teoreties fundeer moet word.

Marshall en Rossman (1999:28) dui die funksies van 'n deeglike oorsig van literatuur in kwalitatiewe navorsing aan:

- Dit bevestig die onderliggende aannames in die navorsing wat onderneem word.
- Dit dra daartoe by dat die navorser deeglik kennis dra van verwante navorsing en die intellektuele denkraamwerke wat die studie ondersteun.
- Dit verfyn en herdefinieer die navorsingstema.

Vir die skrywer is hierdie funksies toepaslik vir die navorsing wat onderneem word en dit bevestig die skrywer se oortuiging dat 'n verduidelikende, teoretiese raamwerk vir hierdie navorsing geskep moet word.

Na die bestudering van relevante literatuur vind die empiriese ondersoek dus plaas en word daar nou gekyk na navorsingstrategieë wat toepaslik is vir hierdie studie.

### 1.4.4 Tipes navorsingstrategieë in kwalitatiewe navorsing:

Kwalitatiewe navorsing verskil van kwantitatiewe navorsing in die sin dat dit die navorser nie van 'n stap-vir-stap plan of vaste resep voorsien om te volg nie. In kwalitatiewe navorsing word die ontwerp en strategie bepaal deur die keuses en die aksies van die navorser. Die kwalitatiewe navorser skep dus die navorsingstrategie wat die beste by sy navorsing pas (Fouché, 2002c:272).

Vir die doeleindes van hierdie studie is dit vir die skrywer belangrik om kennis te neem van die volgende twee navorsingstrategieë.

#### *1.4.4.1 Fenomonologie:*

Fouché (2002c:273) dui aan dat hierdie navorsingstrategie poog om die betekenis van ervaringe van 'n spesifieke verskynsel, onderwerp of konsep op verskeie individue, te verstaan en te interpreteer. Tipies van dié strategie is dat 'n beskrywing van die essensie van die ervaringe wat bestudeer word, gegee

word. Dit word gedoen deur die analisering van gesprekke en interaksies wat die navorser met gespreksgenote het. Navorsers wat van dié strategie gebruik maak, sal grootliks van deelnemerobservasie gebruik maak as 'n metode van dataversameling. Data word sistematies versamel en betekenisse, temas en algemene beskrywings van die ervaring word geanaliseer binne die spesifieke konteks van die gespreksgenote. Dit sal ook die wyse van navorsing in die empiriese gedeelte van hierdie studie wees, waar daar van gevallestudies gebruik gemaak sal word.

*1.4.4.2 Gevallestudie:*

Die betekenis van ervaringe soos in die probleemstelling genoem, sal in die gevallestudies bestudeer word. 'n Gevallestudie word gesien as 'n ondersoekende of indiepte-analise van 'n begrensde sisteem wat kan verwys na 'n proses, aktiwiteit, gebeurtenis, 'n individu, of meer as een individu. Waar meer as een geval ter sprake is, word gepraat van 'n *kollektiewe gevallestudie*. Die sin van 'n *kollektiewe gevallestudie* is dat vergelykings tussen gevalle en konsepte gemaak kan word, sodat teorieë (diskoerse) uitgebrei kan word (Fouché, 2002c:275-276). Vir hierdie rede kies die skrywer om van 'n *kollektiewe gevallestudie* gebruik te maak, want so kan 'n meer omvattende begrip van die navorsingsprobleem verkry word.

Die persone wat vir die gevallestudie geselekteer is, is persone wat die skrywer vir berading genader het. Omdat hulle stories met religieuse diskoerse en konstrukte verband gehou het, is hulle geselekteer om aan die navorsing deel te neem. Dit is drie gevalle wat deel sal uitmaak van die *kollektiewe gevallestudie*.

Fouché (2002c:275) sê dat die ondersoek en beskrywing van die gevalle plaasvind deur gedetaileerde, indiepte-metodes van dataversameling. Dit sluit verskeie informasiebronne wat eie aan die konteks is in, soos gesprekke, dokumente en observasie. Die navorser benodig dus 'toegang' tot vrymoedige deelnemers (in hierdie geval gespreksgenote). Die ondersoek van die gevalle in hierdie studie vind dan ook deur gesprekke plaas. Dit dien ook as die basis vir die beskrywing van die navorsingsprobleem.

Vervolgens word kennis geneem van die wyse van kolleksie van informasie in hierdie studie.

### 1.4.5 Informasiekolleksie in kwalitatiewe navorsing:

Vir die doeleindes van dié studie, word gefokus op die volgende:

#### *1.4.5.1 Deelneming van gespreksgenote (en navorser):*

Uit die aard van hierdie studie word gebruik gemaak van die deelneming van gespreksgenote as 'n metode om informasie te versamel. Dit behels dus die observasie van hierdie persone deur die navorser ten opsigte van die navorsingsprobleem. In die navorsing gaan dit egter nie alleen oor die observasie van hierdie persone nie, maar ook oor die deelneming van die navorser aangesien die wyse waarop die informasie versamel word nie die navorser uitsluit nie (vergelyk paragraaf 1.4.5.2). Strydom (2002:279) dui aan dat mense se konsepsie van realiteit nie direk toeganklik vir buitestaanders is nie en daarom moet metodes gevind word om dié gesigspunte, so akkuraat as moontlik te ontsyfer en te verstaan. Om dit te vermag moet navorsers beide menslike aktiwiteite en die fisiese konteks waarin die aktiwiteite plaasvind, in ag neem. Hierdie saak word deeglik bespreek in hoofstuk 2.

In die gebruikmaking van deelneming as 'n metode om informasie te versamel, word die volgende moontlik gemaak:

- Die fenomonologiese navorsingstrategie kan van toepassing gemaak word omdat die navorser hier juis besig is om indiepte-insig te verkry in die manifestasie van die realiteit van die deelnemers (gespreksgenote).
- Daar kan gefokus word op die alledaagse en natuurlike ervarings van die deelnemers (gespreksgenote). Die fokus is op die gevoelens, indrukke en ervarings wat deur die omstandighede van die werklike wêreld veroorsaak word.
- Daar is 'n oop-einde en natuurlike verloop in die navorsing.

(Strydom, 2002:280-281).

Hierdie gegewens is toepaslik vir hierdie studie, want daar word gepoog om te verstaan hoe die navorsingsprobleem die gespreksgenote se lewe, ervaringe en oortuigings beïnvloed. Die narratiewe gesprek is juis 'n gesprek met 'n oop-einde en daarom is hierdie wyse van informasiekolleksie bruikbaar in narratiewe berading.

*1.4.5.2 Onderhoudvoering (Gesprek):*

Nog 'n wyse van informasiekolleksie wat nou aansluit by die deelneming van gespreksgenote is onderhoudvoering. Die volgende word in verband met onderhoudvoering aan die orde gestel:

- Greef (2002:292) meen dat ouderhoudvoering eerder as *gesprek* verstaan moet word omdat dit gaan oor houdinge en interaksie. In hierdie gesprek word gepoog om die wêreld vanuit die deelnemer se gesigspunt te verstaan. So word die betekenis van mense se ervarings ontvou en hulle leefwêreld blootgelê. Daarom is dit 'n belangrike wyse van data- of informasieversameling in kwalitatiewe navorsing.
- Seidman (1998:1) sê dat die navorser juis *gesprek* voer met ander mense omdat daar 'n belangstelling is in ander mense se stories. Stories is 'n manier om tot begrip van ander te kom omdat stories essensieel is in die betekenisvormingsproses. Elke woord wat mense gebruik in die vertel van hulle storie is 'n mikrokosmos van hulle bewussyn.
- Holstein en Gubrium (1995:4) wys daarop dat alle gesprekke interaksioneel is. Dit beteken dat beide die navorser en die deelnemer onvermydelik betrokke en aktief is in die proses van betekenisvorming.

Dit is duidelik dat die insigte in hierdie paragraaf ooreenkom met dié beginsel van narratiewe berading; dat stories in die narratiewe gesprek belangrik is vir die kommunikasie van betekenis. Daarom word *gesprekke* (onderhoudvoering) aangewend as middel om informasie in hierdie studie te versamel.

Tot op hierdie punt is aandag geskenk aan die wyse van insameling van informasie, beide teoreties en empiries. Die vraag is nou hoe hierdie informasie

geïnterpreteer en gestruktureer moet word ten einde 'n navorsingsverslag saam te stel. Dit word vervolgens bespreek.

### 1.4.6 Kwalitatiewe analise en interpretasie:

De Vos (2002:339-340) beskou data-analise as die proses waardeur struktuur geskep word deurdat orde en betekenis gegee word aan die data wat versamel is. Dié proses behels onder andere die volgende:

- Versameling van data:
  - Data word teoreties en empiries versamel. Teoretiese versameling vind plaas deur die bestudering van literatuur (vergelyk paragraaf 1.4.3). Empiriese versameling vind plaas deur die wyses van informasiekolleksie soos bespreek in paragraaf 1.4.5.
- Bestudering en interpretering van data:
  - In die bestudering van die versamelde data word die toepaslikheid daarvan ten opsigte van die studieveld en die navorsingsprobleem bepaal.
- Weergee en voorhou van geïnterpreteerde data:
  - Hierdie toepaslike geïnterpreteerde data word dan in die navorsingsverslag weergegee (vergelyk paragraaf 1.4.7).

In kwalitatiewe navorsing is die proses van data-analise egter nie liniêr nie, maar sirkulêr, wat beteken dat die proses dinamies is en kan verander. Daar kan 'n wisseling tussen stappe van die proses wees. Dit bevestig die woorde van paragraaf 1.4.4 dat kwalitatiewe navorsing nie 'n stap-vir-stap plan of vaste resep volg nie, maar dat die ontwerp en strategie bepaal word deur die verloop van die navorsing.

In die analise van die versamelde data van hierdie studie, beide teoreties en empiries, sal die stappe van die proses ook gevolg word. Daar sal aan die hand daarvan gepoog word om 'n struktuur daar te stel wat sinvol aangewend kan word vir die ordening van die navorsingsverslag.

### 1.4.7 Die kwalitatiewe navorsingsverslag:

Die eienskappe van die kwalitatiewe navorsingsverslag behels volgens Delport en Fouché (2002:357) die volgende:

- Dit is minder gestruktureerd as 'n kwantitatiewe navorsingsverslag (vergelyk paragraaf 1.4.6).
- Dit is meer beskrywend (en dikwels langer) as 'n kwantitatiewe navorsingsverslag vir die volgende redes:
    - i. Dit fokus op 'n veelvoud van perspektiewe om sodoende die leser 'n gevoel te gee van die subjektiewe wêreld van die gespreksgenote.
    - ii. Aangesien die verslagskrywing te doen het met persoonlike ervaringe en betekenisse van mense, het dit 'n meer beskrywende en narratiewe styl.

Daar is breedvoerig aandag geskenk aan die kwalitatiewe benadering tot navorsing. Daar is deurgaans aangedui hoe dié tipe navorsing bydra tot die uitkoms van hierdie studie. Die rede vir dié keuse is ook deurgaans deur skrywer aangetoon.

Vervolgens word aandag gegee aan die betroubaarheid en geldigheid van die studie.

### 1.4.8 Betroubaarheid en geldigheid van die studie:

Daar word deurgaans van verwysings na literatuur gebruik gemaak om by te dra tot die teoretiese betroubaarheid en geldigheid van hierdie studie.

Wat die empiriese betroubaarheid en geldigheid van hierdie studie betref die volgende:

- Aantekeninge van die gesprekke is met die toestemming van die gespreksgenote gemaak.
- Die aantekeninge van die gesprekke is onmiddellik daarna in verbatimvorm verwerk.
- Hierdie aantekeninge van die gesprekke is beskikbaar ter insae.

- Die geleenthede wat vir die gespreksgenote gegee is om te reflekteer op hulle ervaring van die beradingsproses is bedoel om die geldigheid van die narratiewe beradingsproses te bepaal.

## 1.5 BEGRIPSVERHELDERING

Sekere terminologie word deurlopend in die studie gebruik. Die volgende paragraaf het ten doel om die begrippe te verhelder.

- **Narratiewe berading:**

  White en Epston (1990:3) reken dat mense se gedrag bepaal word deur hulle persepsies. Mense rangskik hulle ervarings van die verlede, hede en toekoms in stories (of narratiewe). Hierdie narratiewe het 'n bepaalde betekenis in hulle lewe. In narratiewe berading word met dié narratiewe gewerk.

- **Diskoers:**

  'n Diskoers word gedefinieer as 'n sisteem van oortuigings, praktyke en institusionele strukture wat dieselfde waardes deel. Diskoerse onderhou spesifieke wêreldbeskouings. Dit het die mag om mense se keuses te vorm oor watter lewenservarings uiteindelik in narratiewe sal ontwikkel en hoe dit sal ontwikkel (Freedman & Combs, 1996:42,43).

- **Konstruk(te):**

  'n Konstruk word gedefinieer as 'n komplekse idee wat ontstaan uit die sintese van eenvoudiger idees (Mc Leod *et al.*, 1986:238).

## 1.6 HOOFSTUKINDELING

Die ordening van hierdie studie word soos volg aangebied:

- **Hoofstuk 2**

  **Die basis van die studie**

  Omdat die studie in die veld van die narratiewe berading lê, is dit nodig om inleidend tot die studie aan die teorie onderliggend aan die narratiewe berading aandag te gee:

  - In die eerste plek sal aandag gegee word aan die *postmodernistiese denkraamwerk* as basis tot die teorie van die narratiewe berading.
  - Tweedens sal die uitgangspunt van die *konstruktivisme* dat mense se realiteite gekonstrueerde realiteite is, bespreek word.
  - Derdens sal vanuit die *sosiale konstruksionisme* aangedui word hoe sosiale diskoerse, met die fokus op religieuse diskoerse, tot stand kom en bydra tot die vorming van mense se persoonlike konstrukte ten opsigte van hulleself, hulle wêreld en hulle probleme.

- **Hoofstuk 3**

  **Die rol van taal vir die verstaan van konstrukte**

  Aspekte van sosiale konstruksionisme soos *taal* en diskoerse (Doan, 1997: 129) sal in hierdie hoofstuk aandag geniet. In die bespreking van die rol van konstrukte vir die verstaan van narratiewe sal gekyk word na die rol van *taal* in die totstandkoming van diskoerse en konstrukte. Daar sal in die hoofstuk spesifiek aandag gegee word aan *religieuse taal* se rol in religieuse diskoerse en konstrukte.

- **Hoofstuk 4**

  **Die narratiewe model van berading**

  Teen die agtergrond van die voorafgaande word in dié hoofstuk breedvoerig aan die beginsels van die *narratiewe berading* aandag gegee.

- **Hoofstuk 5**

  **Die dekonstruksie en rekonstruksie van religieuse konstrukte**

  In hierdie hoofstuk sal aangedui word hoe die proses van dekonstruksie lig werp op die oordragprosesse van godsdienstige idees en oortuigings. Dit lê

konstrukte en diskoerse bloot wat bydra tot dit wat in die probleemstelling aan die orde gestel is (vergelyk paragraaf 1.2). Daar sal ook verder beweeg na 'n proses van rekonstruksie van religieuse konstrukte waardeur mense hulle probleemdeurdrenkte stories kan herskryf.

- **Hoofstuk 6**

  **Die empiriese studie: Van dominante storie tot alternatiewe storie**

  Die inligting uit die vorige hoofstukke vorm die teoretiese basis vir die empiriese studie.

  Aan die hand van die beginsels van die narratiewe berading, word op gespreksmatige wyse vasgestel op watter wyse die gespreksgenote hulle dominante storie konstrueer, wat die geskiedenis daarvan is en in watter mate religieuse konstrukte 'n rol daarin speel.

  Daar word ook koöporatief na unieke uitkomste in die narratiewe van die gespreksgenote gesoek. Dit word aangewend in die proses van *herskrywing* "re-authoring". So word die einddoel van die narratiewe berading in vooruitsig gestel – die totstandkoming van die alternatiewe of gerekonstrueerde storie (narratief) (Marvel *et al.*, 2000:4-5).

  Die alternatiewe storie word uitgebou. Daar word verduidelik hoe die alternatiewe storie funksioneer binne nuwe landskappe van aksie en identiteit by die gespreksgenote (Morgan, 2000:61-63).

  Die moontlikheid en gebruik van simboliek, soos rituele of terapeutiese dokumentasie, word verduidelik en toegepas (Morgan, 2000:74-75).

  Daar sal ook 'n selfrefleksie deur die gespreksgenote plaasvind ten opsigte van die narratiewe beradingsproses, die betekenis van die alternatiewe storie en die bemagtiging daarvan vir die gespreksgenote se lewe.

- **Hoofstuk 7**

  **Refleksie op die studie**

  Die laaste hoofstuk sal 'n oorsig gee oor die verloop van die navorsing.

  Die bydrae van die studie sal bespreek word waarin beskryf sal word wat die bevindinge is wat uit die studie na vore gekom het.

Daar sal kortliks gekyk word na tekortkominge in die studie sowel as aanbevelings vir toekomstige navorsing. Ten slotte sal daar 'n refleksie deur die skrywer wees ten opsigte van sy ervaring van die studie.

***Belangrike notas:***

***Geslag:***

*Wat persoonlike voornaamwoorde betref, word daar in die studie deurgaans na 'n persoon verwys as slegs 'hy' en 'hom' in plaas van 'hy/sy' en 'hom/haar'. Die rede is slegs om die omslagtigheid van hierdie skryfwyse te beperk.*

***Aard van terapeutiese verhouding:***

*In die narratiewe berading word wegbeweeg van 'n kliniese gedagte van 'terapie' met 'n 'pasiënt'. Die rede hiervoor is dat die narratiewe berading gespreksmatig is (vergelyk paragraaf 4.4). Die skrywer verkies dus om eerder te verwys na 'berading' as na 'terapie', na 'berader' eerder as na 'terapeut' en na 'gespreksgenoot' eerder as na 'pasiënt'.*

# HOOFSTUK 2
# DIE BASIS VAN DIE STUDIE

## 2.1 INLEIDING

Aangesien dié studie binne die studieveld van die narratiewe berading onderneem word en dít die vertrekpunt van die studie is, is dit op hierdie stadium nodig om te kyk na wat die narratiewe berading ten grondslag lê.

Van Jaarsveld (2001:98) wys daarop dat die *narratiewe model* verband hou met die *konstruktivistiese epistemologie* wat sy wortels in die *postmodernisme* het. Skrywer wil byvoeg dat die narratiewe model ook verband hou met die *sosiale konstruksionisme*. Hieruit is dit logies dat daar aan die volgende sake aandag gegee moet word:

- *Wat is postmodernisme?*
- *Wat word bedoel met konstruktivistiese epistemologie?*
- *Wat is die sosiale konstruksionisme?*
- *Die narratiewe model vir berading.*
  (Dit word breedvoerig in hoofstuk 4 bespreek.)

## 2.2 POSTMODERNISME

In hierdie bespreking word belangrike aspekte van die postmodernisme uitgelig. Dit vorm die basis van dit wat in hoofstuk 4 in verband met die narratiewe model van berading bespreek sal word.

Om te verstaan wat met postmodernisme bedoel word en wat die belang daarvan vir hierdie studie is, is dit nodig om eers aan *modernisme* aandag te gee.

### 2.2.1 Die Modernistiese paradigma:

#### *2.2.1.1 Inleiding:*

Volgens Doherty (1991:38) was die opkoms van die modernistiese wêreldbeskouing of paradigma in die vroeë 20ste eeu, 'n reaksie op die morele en filosofiese idealisme van die romantisisme van die 19de eeu. Die tipiese eienskappe van die modernistiese paradigma word kortliks bespreek.

*2.2.1.2 Objektiwiteit:*

Hierdie reaksie op die morele- en filosofiese idealisme van die romantisisme het 'n oortuiging tot gevolg gehad wat sentraal tot die modernistiese paradigma ontwikkel het. Volgens Gergen (1991:83) word die oortuiging gekenmerk deur die gedagte dat objektiewe kennis ten opsigte van hierdie lewe en die wêreld moontlik is. Hierdie objektiewe kennis hou dus dié 'belofte' in dat die mensdom tot die volle waarheid aangaande die lewe en die wêreld kan kom. Dié gedagte word bevestig deur Van Jaarsveld (2001:98), as hy daarop wys dat die standaardbeeld van die wetenskap wat as modern getipeer word, berus op die objektiwiteit van wetenskaplike kennisaansprake. Modernisme gaan dus van die standpunt uit dat die feite van die wêreld onafhanklik van die waarnemer bestaan en as mense rasioneel is, sal hulle die feite leer ken soos dit op 'n ontologiese wyse bestaan (Gergen, 1991:91). Volgens die modernistiese paradigma meen Gergen (1991:6) dat die hoofeienskap van die self, as 'n persoonlike entiteit, daarin geleë is dat die self die vermoë het om objektief te redeneer oor sake soos die self se oortuigings, opinies en bewustelike intensies.

*2.2.1.3 Atomisties:*

Die moderniste is gefassineer deur die verskuiwing van die wêreld na die individuele bewussyn en die 'mikro'-eenhede van ondersoek. Freud byvoorbeeld was 'n modernistiese teoretikus en ons sien in sy navorsing hoe hy die impak van die groter sosiale konteks in mense se lewens buite rekening laat en dat hy van mening is dat die ware 'self' in die mikrokosmiese detail van die individuele psige gevind kan word (Doherty, 1991:38).

Wat dít vir die verstaan van die menslike identiteit beteken, is dat iets soos 'n kenbare 'self' as onafhanklike entiteit bestaan. Individue besit 'n sekere basiese persoonlikheid of karakter en in die meeste normale verhoudinge word hierdie essensiële self bekend gemaak en word dit selfs later voorspelbaar hoe mense sal optree (Gergen, 1991:83).

*2.2.1.4 Samevatting:*

Volgens die modernisme kan kennis op 'n objektiwistiese wyse verkry word omdat dit onafhanklik, atomisties en ontologies bestaan. Hoewel hierdie bespreking van die modernistiese paradigma slegs twee aspekte uitlig, is dit twee aspekte wat belangrik is vir die verstaan van die postmodernisme.

**2.2.2 Die postmoderne denkraamwerk:**

*2.2.2.1 Inleiding:*

Volgens Doherty (1991:40) kom *postmodernisme* in die 1970s en 1980s na vore en verteenwoordig dit 'n breek met van die mees uitgediende prinsipe en diskoerse van die modernisme. Gergen (1991:7) tipeer *postmodernisme* as 'n 'kondisie'; 'n kondisie wat 'n nuwe paradigma of wêreldbeskouing verteenwoordig.

Op hierdie punt is dit nodig om te noem dat vir die doeleindes van hierdie studie dit verkieslik is om eerder van 'postmoderne denke' as 'postmodernisme' te praat. Die rede vir dié keuse is soos Swanepoel (2003:10) aanvoer: "Die agtervoegsel '-isme' wil denkrigtings en bewegings binne algemene rame plaas waarteen die 'postmoderne denke' in wese gekant is. 'Postmoderne denke' is nie 'n patroon nie, dis eerder 'n denkwyse". (Waar bronne dus geraadpleeg word, sal die verwysings na 'postmodernisme' as 'postmoderne denke' aangedui word.)

Vervolgens word gekyk na die uitgangspunte van postmoderne denke.

*2.2.2.2 Sosiale diversiteit:*

Gergen (1991:6) is van mening dat die rede waarom modernistiese oortuigings besig is om uitgedien te raak, grootliks as gevolg van *sosiale versadiging* is.

Wat bedoel hy met sosiale versadiging? Deur die tegnologiese vooruitgang soos telekommunikasie, lugverkeer, televisie, radio, rekenaarnetwerke ensovoorts, is die individu toenemend blootgestel aan ander mense, aan hulle opinies, oortuigings, houdings en waardes, selfs van regoor die wêreld. Dit lei daartoe

dat die individu as't ware geabsorbeer word deur hierdie sosiale diversiteit. Die wêreld het 'n kosmopolitaanse dorpie geword met die gevolg dat die individu, 'bevolk' word met ander.

Die uitwerking van sosiale versadiging in mense se persoonlike lewe is dat die veelvuldige maniere van dink en doen van ander nagevolg word, dat dit moontlik word om ander se posisies in te neem, hulle oortuigings aan te neem, hulle taal te begin praat en hulle rolle te begin speel. Hierdie veelvuldigheid en die uitnodiging om verskillende rolle te speel, lei tot die fragmentering van die self in so 'n mate dat die modernistiese gedagte van 'n essensiële self met kenbare karaktertrekke verdwyn (Gergen, 1991:7).

Volgens die postmoderne denke behoort mense 'n sensitiwiteit te ontwikkel vir hierdie sosiale diversiteit waaraan hulle blootgestel word en behoort hulle die invloed daarvan in hulle lewe te verstaan.

*2.2.2.3 Subjektiwiteit:*

In aansluiting by dié gedagte wys Swanepoel (2003:10) daarop dat die individu se realiteit al meer *subjektief* word omdat die mens in 'n multiversum woon wat deur die daad van waarneming gestalte kry.

So word die objektiwiteit waarop die modernisme aanspraak maak, ondermyn omdat daar 'n groeiende gevoel van twyfel is in die objektiwiteit van enige posisie wat die self ten opsigte van sy eie waardes, oortuigings, rolle en opinies het.

Dit is soos Gergen (1991:85) sê: "For as opinions are expressed, one becomes aware of the alternative voices lurking under the eaves of consciousness, like Herman Hesse's subterranean Steppenwolf, howling its mocking disapproval. In the face of continuous point and counterpoint - both in the public and private spheres – one slowly approaches the awareness that perhaps the monument to objectivity is hollow".

Dit is hieruit duidelik dat geen mens ooit daarop aanspraak kan maak dat hy die volle waarheid in pag het nie. In die multiversum is sy mening maar slegs 'n mening - 'n subjektiewe mening.

*2.2.2.4 Relatiwiteit:*

Dit is uit die voorafgaande duidelik dat in die resente era, die postmoderne era, die oortuiging dat die moontlikheid van objektiewe kennis en absolute waarheid bestaan, ondermyn word. Wat volgens die postmoderne denke uitgewys word, is die *relatiwiteit* van kennisaansprake wat impliseer dat die moontlikheid bestaan dat verskeie standpunte in verskillende situasies ewe geldig is (Gergen, 1991:7). Vir die postmoderne denker is daar nie 'n absolute ware perspektief wat kan dien as 'n basis om altyd-geldende uitsprake te maak nie. Daar is eerder ruimte om voortdurend die dominante diskoerse van die samelewing uit te daag (Doherty, 1991:41).

Dit is ook die bedoeling van dit wat Heitink sê: "juist in een postmoderne cultuur ontstaat meer ruimte voor het articuleren van die eigen levensoortuiging, omdat deze principieel ruimte laat voor de ander om tot haar of zijn eigen vertolking hiervan te komen" (soos aangehaal deur Van Jaarsveld, 2001:100).

In die postmoderne denkwyse word die geleentheid geskep dat 'n veelvuldigheid van stemme binne die sfeer van menslike moontlikhede gehoor kan word.

*2.2.2.5 Pluralistiese kennis:*

Die klem op veelvuldigheid open die deur vir dié moontlikheid dat daar 'n vrye spel van diskoerse kan wees en dat alle diskoerse tot uitdrukking kan kom (Gergen, 1991:247). Hierdie beskouing staan bekend as *pluralisme* (Van Jaarsveld, 2002:99).

Swanepoel (2003:10) maak dit duidelik dat daar algaande 'n sensitiwiteit ontwikkel vir dié gedagte dat daar vele individue is wat elkeen andersdenkend is. Elke persoon kyk op 'n ander wyse na die werklikheid. 'n Persoon se siening is 'n siéning van die werklikheid; nie noodwendig die énigste en korrékte of 'objektiewe' siening nie. As gevolg van die blootstelling aan die multiversum van die postmoderne wêreld, word kennis dus op 'n pluralistiese wyse deur waarneming verkry.

Die postmoderne denke erken verskeidenheid sowel as uniekheid. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat 'n persoon se kennis waartoe hy kom, verband hou met 'n persoonlike verstaan van die multiversum. Kennis is konstruksies van dit wat 'n persoon verstaan van wat hy waarneem.

*2.2.2.6 Konstruksies van die realiteit:*

Dit raak al hoe duideliker dat die modernistiese verstaan van die self, as die blote verwerker van reële en identifiseerbare karaktereienskappe soos rasionaliteit, emosies, inspirasie en wil nie meer voldoende is om die kompleksiteit van die postmoderne mens te verstaan nie. Dít is nie meer die essensie van menswees nie, maar die self word nou verstaan as die uitkoms van sy manier van konseptualisering (Gergen, 1991:7). Van Jaarsveld (2001:100) meen dat in die postmoderne wêreld daar dié besef is dat die objekte van die menslike realiteite nie soseer in 'n ontologiese sin 'in die wêreld' is nie, maar eerder produkte van 'n sekere perspektief of diskoers is. Feite word nou deur perspektiewe en diskoers verplaas.

Soos mens in die diversiteit van postmoderne wêreld kennis neem van die een perspektief na die ander, vervaag die objektiwiteit van dit wat die self as 'waarheid' ag. 'Wat daar is', hang af van hoe dit gekonseptualiseer word en daarom word dit volgens Gergen (1991:138) al hoe belangriker om bewus te wees van hoe die individu sy realiteite *konstrueer*. Daar is al meer 'n verskuiwing van 'n objektiewe realiteit na *konstruksies van realiteit* (Gergen, 1991:134).

Hierdie gedagte word uitgebrei deur Freedman en Combs (1996:23) wat van mening is dat mense se oortuigings, waardes, sosiale gewoontes en sosiale gebruike met verloop van tyd ontstaan as gevolg van sosiale interaksie. Dit beteken dat mense kollektief hulle sosiale realiteit konstrueer soos hulle leef.

Aangesien dit duidelik is dat mense nie as geslote, atomistiese entiteite bestaan nie, speel die konteks volgens die postmoderne denke 'n rol in die 'vorming' van die individu.

*2.2.2.7 Kontekstualiteit:*

Gergen (1991:134) sê dat alle pogings om 'die waarheid te vertel', om 'wys' te wees, om tot 'insig' te kom, om intelligent of diepsinning te wees, konstruksies van taal is. Taal opsigself is dubbelsinnig omdat die betekenis van woorde binne 'n sekere sosiale denkraamwerk pas en dan word dit baie moeilik vir enigiemand buite daardie denkraamwerk om sondermeer sulke 'waarheid' opreg as sy eie toe te eien.

Om dit te systap moet dit, volgens Gergen (1991:137), moontlik wees om taal te systap. Dit beteken daar moet ook uit kultuur wat 'n sosiale konstruksie is, getree word. Die teendeel is egter dat die meeste mense eerder die gemeenskaplike konstruksies in stand hou, want hieruit vind mense diskoerse wat normatief en aanvaarbaar is en wat kan dien om sekere sosiale instellings te regverdig en ander nie. Wat dus as 'waarheid' gesien word, hang van die *sosiale konteks* af en daardie 'waarheid' sal op die persone in daardie konteks invloed uitoefen.

Daarby moet ons ook in gedagte hou dat die 'horison van verstaan', soos Gergen (1991:104) dit noem, voortdurend met die verloop van die tyd verander, wat veroorsaak dat een diskoers op 'n gegewe tydstip meer relevant as 'n ander is.

Dis duidelik dat die postmoderne denke die mens met slegs perspektiewe en diskoerse laat wat opsigself nie 'n produk van die individu self is nie, maar van die omliggende sosiale konteks waarin dit gebed is. Dit hou ook verband met die volgende aspek.

*2.2.2.8 Relasionele realiteit:*

Omdat die individu binne 'n sosiale konteks bestaan, is dit duidelik dat die individuele 'self' in die postmoderne wêreld nie meer verstaan word as 'n individuele essensie waaraan iemand getrou bly nie. 'n Mens se identiteit kom nou voortdurend op 'n ander manier na vore, dit word voortdurend hervorm en in 'n ander rigting gestuur, soos mens deur die see van ewig-veranderende verhoudinge binne hierdie sosiale konteks beweeg. Persoonlike identiteit word

geskep en herskep in verhoudinge. Die individu is die uitkoms of manifestasie van relasies waartoe getree word (Gergen, 1991:139,146).

Op die vraag: 'Wie is ek?', bestaan dus 'n legio moontlikhede. Dit word bevestig deur die woorde van Gergen (1991:140): "Within this simmering stew, one begins to savor a newly emerging taste. As the ingredients coalesce, and the self vanishes with the rising vapors, one now detects a new reality – the reality of relationships. To appreciate the possibility, two preliminary steps are useful: first to bid final adieu to the concrete entity of self and then trace the reconstruction of self as relationship".
Volgens Gergen (1991:229) word die pad so oopgemaak vir 'n fassinerende spel van moontlikhede van menswees en die toenemende besef dat mense binne 'n *relasionele realiteit* bestaan.

Die postmoderne perspektief maak die individu op grond van sy relasies waartoe hy tree, bewus van sy eie posisie en oortuigings binne die multiversum waarin hy woon. Hierdie gewaarwording noodsaak selfrefleksie.

*2.2.2.9 Refleksiwiteit:*

Volgens Gergen (1991:7) veroorsaak die 'kondisie van postmodernisme' dat mense in 'n staat van voortdurende konstruksie en rekonstruksie leef. Elke realiteit van die individu wat so geskep word, skep weer 'n speelveld vir *refleksie* en uiteindelik die nuuskierige ondersoek van nog ander realiteite. Die ekstreme hiervan is dat in 'n wêreld waar enigiets onderhandelbaar is, enigiets ook aanvaarbaar word.

Lax (1992:75) meen dat *refleksiwiteit* dit vir die mens moontlik maak om homself die objek van sy eie waarneming te maak. Die implikasie hiervan word as volg deur Freedman en Combs (1996:169) verwoord: "...it is through the experience of *reflecting* on our experience that we make meaning of it".

Dit is deur die daad van selfrefleksie wat mense betekenis gee aan hulle ervaringe. Die postmoderne multiversum waarin mense woon maak hulle bewus van die noodsaaklikheid van selfrefleksie en selfbewussyn.

*2.2.2.10 Samevatting:*

In paragrawe 2.2.2.1 tot 2.2.2.9 is die uitgangspunte van die *postmoderne denke* bespreek. Hierdie uitgangspunte is van toepassing op die narratiewe model van berading en daarom sal daar in die bespreking van die narratiewe model van berading in hoofstuk 4 aangedui word wat die waarde van hierdie uitgangspunte is, onder andere:

- Die sosiale multiversum waarin mense woon, speel 'n rol in die verstaan van hulleself en hulle probleme.
- Belewenisse van mense is subjektief.
- Die kennis waartoe mense kom, is slegs konstruksies van hulle eie kognisie.
- Hierdie kennis is daarom relatief.
- Mense se probleme en belewenisse kan op 'n pluralistiese wyse verstaan word.

In paragraaf 2.1 is aangedui dat die *narratiewe model* verband hou met die *konstruktivistiese epistemologie* wat sy wortels in die *postmodernisme* het. Skrywer het egter bygevoeg dat die narratiewe model ook verband hou met die *sosiale konstruksionisme*. Vervolgens word gekyk na die betekenis en bydrae van *konstruktivisme* en *sosiale konstruksionisme* tot die studie.

## 2.3 'N KONSTRUKTIVISTIESE EPISTEMOLOGIE

Om 'n ander persoon se woorde te verstaan, moet daardie persoon se vooropgestelde struktuur van verstaan toeganklik wees. Vir die korrekte interpretasie van daardie persoon se woorde, word veronderstel dat sy 'intensies' of 'oortuigings' deur sy aanhoorder verstaan word, soos hýself dit verstaan (Gergen, 1991:103). Ander persone se woorde kom egter nie met aanduidings van hoe dit geïnterpreteer moet word nie. Dit is ook die geval in berading. Die berader het nie sondermeer toegang tot die gespreksgenoot se

gedagtes, sy intensies en oortuigings nie en daarom kan die berader nie tot 'n klinkklare en finale verstaan van die gespreksgenoot se woorde kom nie. Hoe is dit dan moontlik om die woorde van die gespreksgenoot en die betekenis wat hy daaraan koppel, te verstaan? Waar laat dit die postmoderne, narratiewe berader?

Die antwoord op hierdie vrae hou verband met die *konstruktivistiese epistemologie*. Wat beteken dit? *Epistemologie* hou verband met persone se leerprosesse; die wyse waarop hulle waarneem, hoe hulle die realiteit beskryf en daarop reageer (Swanepoel, 2000:10). Daar word nagedink oor, 'hoe weet 'n persoon wat hy weet?' of 'hoe het 'n persoon tot 'n sekere insig gekom?'. Hierdie nadenke is belangrik vir die verstaan van die navorsingsprobleem.

Die term *konstruktivisme* kan op twee maniere gebruik word, naamlik:

- om aan te dui dat die persoon se begrip van die wêreld en eksterne realiteit nie 'n direkte weergawe is van dit wat daar buite is nie, maar slegs die resultaat van individuele prosesse is wat gerig word deur taal en
- om aan te dui dat die individu ook die interpreteerder van sy ervaringe is (Potgieter, 2000:27).

*Konstruktivisme* fokus dus op hoe persone hulle realiteit *konstrueer* en verstaan vanuit hulle individuele ervarings en waarnemings. Mense skep vir hulle orde deur abstraksies te maak van die wêreld wat hulle waarneem. Hierdie abstraksies is 'n privaatbeeld – dit word *persoonlike konstrukte* genoem (Van Jaarsveld, 2001:162-163). Dit vorm 'n persoonlike, teoretiese raamwerk waardeur mense leef en ervarings interpreteer. Waarneming en interpretasie is dus 'n subjektiewe proses. Die waarnemer kan nie losgemaak word van dit wat waargeneem word nie (Van der Watt, 1993:76). Mense is gevangenes van hulle eie persepsies (Freedman & Combs, 1996:20). Die pogings van 'n persoon om deur *konstrukte* realiteit te skep, vertel meer van die persoon as van die eksterne realiteit. *Konstruktivisme* maak dus 'n *epistemologiese* skuif weg van objektiewe kennis na subjektiewe kennis.

Die kognitiewe proses van *konstruering* vind nie in 'n sosiale vakuum plaas nie. Die manier waardeur 'n persoon betekenis uit sy *gekonstrueerde* realiteit skep, word ook bepaal deur die invloed van die sosiale omgewing van daardie persoon. Dit word bevestig deur dié aanhaling: "The experiental world in which human knowers find themselves living is *constructed*, because it is a result of the cognitive agents' own distinguishing and relating, beginning with the individual's distinction between the self and the experiential world. The highest, most reliable level of experiential reality then arises through interaction with those entities in the individual's experiential field that have been categorized as others. This 'social' interaction yields, on the one hand, the only objectivity feasible in the *constructivist* model and, on the other, an *epistemological* basis for the elaboration of ethics" (Von Glasersfeld, 1991:26).
Dit word ook deur Gergen (1985:267) aangedui: "...the terms in which the world is understood are social artifacts, products of historically situated interchanges among people. From the *constructionist position* the process of understanding is not automatically driven by the forces of nature, but is the result of an active, cooperative enterprise of persons in relationship". *Konstruktivisme* sien die eksterne realiteit wat 'n persoon waarneem as 'n *sosiale konstruksie* (Doherty, 1991:41).

Om die eksterne realititeit waarbinne 'n persoon sy *persoonlike konstrukte* vorm as *sosiale konstruksie* te ondersoek, is dit vervolgens nodig om aandag te skenk aan die uitgangspunte van *sosiale konstruksionisme.*

## 2.4 DIE BYDRAE VAN SOSIALE KONSTRUKSIONISME

Vir die sosiologiese fokus van hierdie studie is *sosiale konstruksionisme* van belang, want dit fokus op hoe kennis, idees en menings met verloop van tyd binne 'n sosio-kulturele konteks ontwikkel het. Hierdie idees en menings binne 'n sosio-kulturele konteks staan bekend as algemene narratiewe "grand narratives" (Doan, 1997:130). Skrywer verkies om na hierdie algemene narratiewe as *sosiale diskoerse* te verwys. Die rede vir dié keuse is dat die

woord *diskoers* 'n sisteem van oortuigings, praktyke en institusionele strukture wat dieselfde waardes deel, omskryf (Freedman & Combs, 1996:42).

*Sosiale diskoerse* word in stand gehou deur getalle, tradisie en magstrukture. So word dit normatief omdat mense hulleself daaraan meet en beoordeel. Doan (1997:130) is van mening dat mense deur *sosiale diskoerse* geassimileer word en hulle daarom in so 'n mate daarmee identifiseer dat hulle dit ag as hulle eie menings en oortuigings. So word dit deel van mense se persoonlike konstrukte. Die gevolg is dat die *sosiale diskoerse* op die ou end net nagepraat word. Dit is dus duidelik dat mense elke situasie benader met 'sosiaal geoefende' maniere van waarneming (Gergen, 1991:92).

In die volgende illustrasie is dit duidelik dat *sosiale diskoerse* nodig is vir mense om begrip van hulle wêreld moontlik te maak – as dit nie daar is nie, is begrip ook nie moontlik nie: "a psychological theory positing demonical possession is unlikely to be adequate in interpreting the identity problems of middle-class Jewish intellectuals in New York City. These people simply do not have an identity capable of producing phenomena that could be so interpreted. The demons seem to avoid them. On the other hand, psycho-analysis is unlikely to be adequate for the interpretation of identity problems in rural Haiti, while some sort of Voudon psychology might supply interpretive schemes with a high degree of empirical accuracy. Neither the Voudon gods nor libidinal energy may exist outside the world defined in the respective social contexts. But in these contexts they do exist by virtue of *social definition* and are *internalized as realities* in the course of *socialization*. Rural Haitians are possessed and New York intellectuals are neorotic. Possession and neurosis are thus constituents of both objective and subjective reality in these contexts. This reality is empirical available in everyday life. The respective psychological theories are empirically adequate in precisely the same sense." (Luckman soos aangehaal deur Franklin, 1990:298).

Volgens die *sosiale konstruksionisme* word *sosiale diskoerse* oor wat reg en goed is tot stand gebring en in stand gehou deurdat die sosiaal gekoördineerde menslike aktiwiteite daartoe bydra. In berading is daar dus nie alleen 'n belangstelling in die persoonlike idees (konstrukte) van 'n gespreksgenoot nie, maar ook in die kollektiewe idees (*sosiale diskoerse*) van dié waarmee die gespreksgenoot te doen het (Van der Watt, 1993:74). Die fokus is dus op interafhanklikheid en nie onafhanklikheid nie (Van der Watt, 1993:37). Die *sosiale konstruksionisme* help die gespreksgenoot om te sien dat die betekenis wat hy gee aan sy ervaringe van die lewe en sy realiteit nie iets is wat passief ontvang word nie, maar dat dit slegs *konstruksies* is waaraan hy en sy sosiale omgewing 'n skeppende hand het. Hierdie besef kan help om die greep van dominante diskoerse in mense se lewens te verslap (Freedman & Combs, 1996:46).

Drie prosesse vind plaas in die konstruering en instandhouding van sosiale groepe se *diskoerse* naamlik: tipifikasie, institusionalisering en legitimering. (Reïfikasie wat verband hou met die drie prosesse, word ook verduidelik.)

- *Tipifikasie:*

  Dit is die proses waardeur mense hulle waarnemings van die realiteit in tipes en klasse organiseer. Deur netwerke van tipifikasie soos gesinne, vriende, onderwysers, ensovoorts leer mense onder meer van sake soos kindwees, liefde, omgee en goeie maniere (Berger & Luckmann, 1966:45-46).

- *Institusionalisering:*

  Dit hou verband met die proses van hoe sosiale instellings ontstaan rondom hierdie netwerke van tipifikasies. Hierdie instellings kan verband hou met moederskap, die reg, sosiale klas, opvoeding, godsdiens, ensovoorts. Institusionalisering help gemeenskappe en mense om die tipifikasies en die 'kennis' waartoe hulle gekom het, in stand te hou. Dit kan mense egter ook blind maak vir ander moontlikhede (Berger & Luckmann, 1966:72).

- *Legitimering:*

  Dit verwys na die proses waarin legitimiteit verleen word aan die sosiale instellings en die tipifikasies van 'n bepaalde gemeenskap of samelewing. So verkry die tipifikasies as *sosiale diskoerse* mag. *Sosiale diskoerse* marginaliseer almal wat nie daarby inpas nie en daarom is konformering nodig om aanvaarbaar te wees (Berger & Luckmann, 1966:110).

- *Reïfikasie:*

  Reïfikasie is die onvermydelike eindproduk van die vorige drie prosesse. Die produkte van menslike handelinge (in die geval die prosesse tipifikasie, institusionalisering en legitimering) word as onafhanklike 'waarhede' gesien, eerder as middele waardeur *sosiale diskoerse gekonstrueer* word. So veroorsaak reïfikasie dat mense kan vergeet dat hulle 'n aandeel in die outeurskap van hulle eie lewe en die menslike wêreld het (Berger & Luckmann, 1966:106).

Postmoderne denke wil van hierdie totaliserende *sosiale diskoerse* "grand narratives" wegbeweeg. *Sosiale konstruksionisme* dra dus hiertoe by deurdat die invloed van *sosiale diskoerse* uitgewys word en dit vir die gespreksgenoot moontlik word om sy eie diskoerse wat op sy eie geleefde ervarings en persepsies gebaseer is, na vore te bring. Dit erken die bestaansreg van die eie en unieke denke van 'n gespreksgenoot en maak dit los van veralgemenings (Swanepoel, 2003:10).

## 2.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die aspekte van die postmoderne denke. By elke aspek is kortliks aangedui wat die invloed van daardie aspek is op die wetenskapsbeoefening in die algemeen sowel as die persoonlike kognisie van mense. Hierdie aspekte en die invloed daarvan lê ook die teorie van narratiewe berading ten grondslag – dit sal in hoofstuk 4 verder bespreek word. Die bydrae van konstruktivisme sowel as die sosiale konstruksionisme is ook bespreek, waardeur aangedui is dat mense se realiteit 'n gekonstrueerde realiteit is wat

deur sosiale diskoerse gevorm word. Hierdie bydrae is essensieel vir die narratiewe berading sowel as die bestudering van die gespreksgenote se stories in die gevallestudies.

# HOOFSTUK 3

# DIE ROL VAN TAAL VIR DIE VERSTAAN VAN KONSTRUKTE

## 3.1 INLEIDING

Alvorens die narratiewe model van berading bespreek word, is dit vir die doeleindes van hierdie studie belangrik om 'n verdere aspek van die *sosiale konstruksionisme* naamlik taal, te bespreek. Gergen en Gergen (1991:78) dui die volgende in verband met die betekenis van taal aan: "...it is not the cognitive processing of the single observer that absorbs the object into itself, but it is the *language* that does so". Wat hieruit voortvloei is die gedagte dat daar 'n verband tussen *taal* en die *konstrukte* van die gespreksgenoot is. Hoe dra *taal* daartoe by dat 'n persoon tot 'n sekere insig kom? Dit is dus nodig om na die epistemologiese rol wat *taal* in die totstandkoming van *konstrukte* speel, te kyk. Daar word aan die volgende aandag gegee:

*3.2 Die epistemologiese betekenis van taal vir konstrukte:*

*3.2.1 Die aard van taal*

*3.2.1.1 Metaforiese taal*

*3.3 Die epistemologiese betekenis van religieuse taal vir religieuse konstrukte:*

*3.3.1 Die aard van religieuse taal*

*3.4 Samevatting*

## 3.2 DIE EPISTEMOLOGIESE BETEKENIS VAN TAAL VIR KONSTRUKTE

'n Persoon se verstaan van sy werklikheid word bepaal deur die manier waarop dit gekonstrueer is. Dit is 'n kognitiewe proses waarin *taal* 'n rol speel. Die bydrae van *taal* in die konstruering van menslike realiteit is dus baie belangrik. Dit word vervolgens bespreek.

### 3.2.1 Die aard van taal:

Van der Watt (1993:37) dui aan dat die wêreld deur gedeelde sisteme van verstaan beskryf word wat in 'n gesproke of geskrewe *taal* weergegee word. Sosiale diskoerse word deur *taal* in stand gehou. Waar kom die *taal* vandaan?

*Taal* is 'n *sosiale verskynsel* wat ook deur *sosiale interaksie* gegenereer, onderhou en aangepas word. Dit is dus 'n integrale deel van die wêreld (Franklin, 1990:255). Deur *taal* met ander mense te deel, kry 'n persoon ook deel aan die wêreld wat hy met ander deel. *Taal* verbind dus mense aan mekaar. Mense gebruik dan die gemeenskaplike *taal* om hulle wêreld te verstaan en te beskryf. So word *taal* die voertuig vir die ontwikkeling van betekenis en word menslike realiteit deur die aaneenlopende en deelnemende proses van taalontwikkeling gekonstrueer (Van der Watt, 1993:76). Weereens val die klem op betekenisse wat deur mense geskep word as hulle kollektief beskrywings en verduidelikings in *taal* genereer. Die modernistiese gedagte dat *taal* die intensionele en kreatiewe produk van die individuele kognisie alleen is, vervaag (Gergen, 1991:110).

Kennis word dus deur *taal* verkry en is slegs die produk van die linguïstiese moontlikhede van die *taal* wat mense praat (Freedman & Combs, 1996:29). Aspekte soos die waardes, ideale en oortuigings van mense en die kultuur waarin hulle leef, is in *taal* ingebed. *Taal* help om hierdie aspekte 'n 'naam' te gee en om dit so identifiseerbaar en kenbaar te maak. Dit lei tot die verstaan van hierdie aspekte wat andersins ongeïdentifiseerd in die agtergrond sou bly, maar steeds hulle effek ten goede of slegte sou deurwerk. So kan 'n persoon hierdie aspekte se werkinge bewustelik herken en beheer. Terwyl daar kollektief ooreengekom word oor die beskrywing en betekenis van woorde, aksies, waardes en so meer, word 'n persoon se persoonlike persepsies gevolglik ook daardeur gerig. So dra *taal* by om die *samelewing te koördineer*. 'n Persoon wat dieselfde *taal* as ander leer praat, sal dus ook soortgelyke waardes en maniere van waarneming oor die wêreld aanleer. *Taal* is die middel waardeur 'n persoon in staat gestel word om sy wêreld te ken en tegelykertyd te konstrueer. Om te praat is dus nie *neutraal of passief* nie, want elke keer as mense praat, word realiteite geskep en word legitimiteit aan die onderskeidings wat daardie woorde bring, gegee (Freedman & Combs, 1996:28,29).

In die aanloop tot hoofstuk 4 wat handel oor die narratiewe model van berading is dit nodig om ook kennis te neem van *metaforiese taal.*

*3.2.1.1 Metaforiese taal:*

Gergen (1991:108) meen dat mense se begrip en verstaan van hulle wêreld en belewenisse egter van *metafore,* narratiewe vorm, ironie en dies meer afhanklik is. *Metafore* is simboliese taal. Om die betekenis en werking van *metafore* as simboliek te verstaan, word aandag gegee aan wat met simboliek bedoel word. Franklin (1990:118,119,122) dui die volgende aan:

- *Simboliek het twee komponente:*

  Die twee komponente word saamgebind in een samegroeiende entiteit, waar die een komponent gebruik word om die ander uit te lig tot groter prominensie. Die een komponent wat gebruik word om die ander uit te lig, is 'simboliek' en die ander komponent wat uitgelig word, is 'betekenis'.

- *Simboliek skep kreatiewe keuse:*

  Hoe die twee komponente van die entiteit verbind word, hang van 'n keuse af. Simboliek skep 'n vryheid om die subjektiewe verstaan en betekenis van die entiteit op verskeie maniere na vore te laat kom.

- *Simboliek is nie 'n lukrake assosiasie van betekenis en simbole nie:*

  Daar moet 'n gemene deler wees wat die basis skep vir die entiteit om die simbool en die betekenis in 'n simboliese relasie saam te bind sodat dit verstaanbaar en toepaslik kan wees.

- *Simboliek verdiep belewenisse:*

  Met simboliek word gepoog om die betekenis van 'n entiteit uit te lig en belewenisse te intensiveer. So kan die betekenis meer effektief wees om kennis, emosies, insig en aksie tot stand te bring – alles wat help om belewenisse te verdiep.

Hierdie aspekte van simboliek is betekenisvol vir die verstaan van wat 'n *metafoor* is. *'Metafoor'* kan dus as volg verstaan word:

- Combs en Freedman (1990:xiv) definieer 'n *metafoor* as iets wat vir iets anders staan.
- Volgens Swanepoel (2000:37) beteken die Griekse woord 'metapherein', wat die etimologiese basis vir *metafoor* is, om die kwaliteit en betekenis van 'n voorwerp aan 'n ander oor te dra.

Dit gaan in *metafore* dus om die *oordrag van betekenisse* van die een saak na die ander. Op dié wyse word verbande tussen die twee sake gelê. Volgens Müller (1996:137) skep *metafore taalspanning* omdat 'n *metafoor* nie vaste betekenis het nie – dit kan nie verabsoluteer word nie. 'n *Metafoor* se betekenismoontlikhede is dus oop. Dit het ruimte vir verbeelding en daarom kan die uitwerking daarvan ook nie voorspel word nie. Hieraan sal in hoofstuk 5 meer aandag geskenk word.

Aangesien die navorsingsprobleem handel oor die rol van religieuse konstrukte in mense se lewens word vervolgens ook gekyk na die rol van religieuse taal vir religieuse konstrukte.

## 3.3 DIE EPISTEMOLOGIESE BETEKENIS VAN RELIGIEUSE TAAL VIR RELIGIEUSE KONSTRUKTE

In hierdie gedeelte word nader beweeg aan die fokus van die studie. In die gevallestudies wat in hoofstuk 6 aan die orde gestel word, speel *religieuse konstrukte* 'n rol in die *dominante stories* (vergelyk paragraaf 4.3) van die gespreksgenote. Dit is nie die 'hoofprobleem' van die dominante stories nie, maar eerder vervleg met ander probleme van die dominante stories – dit is bydraend tot die probleme wat die gespreksgenote in die gesprek aanbied. Dit is nodig om in die berading ook met die gespreksgenote in 'n gesprek te tree oor die *religieuse konstrukte* wat deel vorm van hulle stories.

Daar is reeds in paragraaf 3.2.1 aangedui dat *taal* die vermoë het om die struktuur en die inhoud van mense se ervaringe ten diepste te affekteer. Die 'wat' en 'hoe' van hulle geleefde lewens is in 'n groot mate die gevolg van die

skeppende vermoë van *taal*. Is dit ook waar van *religieuse taal*? Dra *religieuse taal* ook daartoe by dat 'n persoon tot 'n sekere insig kom? Speel *religieuse taal* ook 'n *epistemologiese rol* in die totstandkoming van 'n persoon se *religieuse konstrukte*?

In dié gedeelte word gepoog om dié vrae te beantwoord.

**3.3.1 Die aard van religieuse taal:**

Lindbeck sê die volgende van godsdienste: "...religions are seen as comprehensive interpretive schemes, usually imbedded in myths or narratives and heavily ritualized, which structure human experience and understanding of self and world..." (Franklin,1990:256).

Uit die aanhaling is dit duidelik dat godsdienste omvattende *diskoerse* verteenwoordig. *Narratiewe* (stories) lê hierdie *diskoerse* ten grondslag. Hierdie *diskoerse* rig menslike ervarings en dien as riglyn vir *die verstaan van die self en die wêreld*.

Voeg hierby die gedagte van Van der Watt (1993:37) dat sosiale diskoerse deur *taal* in stand gehou word, dan stem die skrywer met Franklin (1990:257) saam wat konkludeer dat *religieuse taal* die mag het om mense se betekenis van religie te vorm. Mense se *religieuse ervarings en oortuigings* hang van die beskikbaarheid van *religieuse taal* af.

Net soos taal 'n sosiale verskynsel is wat deur *sosiale interaksie* gegenereer, onderhou en aangepas word, so is dit ook waar van *religieuse taal*. Taal koördineer menslike interaksie en net so bevorder *religieuse taal* ook sekere *sosiale maniere* van bestaan in die wêreld. *Religieuse taal* is bedoel om die proposisies aangaande God en *religieuse waardes* sosiaal te koördineer (Franklin, 1990:358).

Schaefer (1989:357) beskryf *religieuse oortuigings en waardes* as gedeelde konsepte (*konstrukte*) van wat goed, verkieslik en aanvaarbaar is. Dit word deur die volgende bevestig: "The emergence of rational religion was strictly conditioned by the general progress of the races in which it rose. It had to wait for the development in human consciousness of the relevant general ideas and

of the relevant ethical intuitions. It required that such ideas should not merely be casually entertained by isolated individuals, but that they should be stabilized in recognizable forms of expression, so as to be recalled and communicated" (Franklin, 1990:358).
Uit die voorafgaande is dit duidelik dat *religieuse* kennis, idees en menings met verloop van tyd binne 'n sosio-kulturele konteks (geloofsgemeenskap) ontwikkel.

*Religieuse taal* help om aan religieuse proposisies, oortuiginge en waardes van die geloofsgemeenskap prominensie te verleen (Franklin, 1990:372). Die oorvleueling van die geloofsgemeenskap met 'n persoon se lewe, dra by tot die persoonlike verstaan van wie God is (Armistead, 1995:xiv). In die geloofsgemeenskap word *religieuse taal* gevind wat essensieel is vir die persoonlike religieuse lewe en ervaringe van 'n persoon. Dit rig dus daardie persoon se *persoonlike optrede. Religieuse taal* is daarom *nie neutraal* nie, want mense organiseer hulle alledaagse ervarings deur *religieuse taal* wat deur sosiale interaksie verkry is. In die loop van 'n persoon se lewe word hy deur religie of 'n bepaalde geloofstradisie in 'n positiewe of negatiewe sin beïnvloed (Van Jaarsveld, 2001:103). Dit is daarom in berading belangrik dat die gespreksgenoot se verhaal in verband gebring sal word met die geloofsgemeenskap se stories (geloofs-ekosisteem) (Müller, 1996:175-176).

Griffith en Griffith (1992:65,70) meen dat *taal wat oor God handel (religieuse taal)*, wat mense met mekaar deel, 'n rol speel in die totstandkoming van 'n persoon se *God-konstrukte*. Dit word beskou as persoonlike beskouings en ervaringe van God. Daarom is *God-konstrukte* spesifiek en uniek aan elke individu. Hierdie *God-konstrukte* funksioneer in 'n persoon as kognitiewe strukture en word deur daardie persoon as die 'waarheid' beskou. So word *religieuse diskoerse* deel van die persoonlike stories van mense.

Nog 'n saak wat volgens Griffith en Griffith (1992:82) belangrik is, is dié besef dat *God-konstrukte* nie alleen die lewe van 'n individu raak nie, maar ook die

ander sisteme waarmee die individu te doen het. Aangesien dit die basis word van wat die 'waarheid' en aanvaarbaar is, beïnvloed dit ook 'n persoon se houding en gedrag ten opsigte van byvoorbeeld gesinsverhoudinge en interpersoonlike verhoudinge.

Die *konstruktivistiese* gedagte dat die pogings van 'n persoon om deur *konstrukte* realiteit te skep meer vertel van die persoon as van die eksterne realiteit (Freedman & Combs, 1996:20), is ook waar van *religieuse konstrukte*. Die behoefte aan God is uniek aan elke individu en word bepaal deur sekere gebeure binne 'n sekere konteks, op 'n sekere tyd. 'n Persoon se unieke idees en ervaringe van God reflekteer dus ook in 'n mate die persoon se eie uniekheid (Armistead, 1995:xi). Vir die berading moet egter in gedagte gehou word dat gedagtes aan God nie altyd aangenaam is nie as gevolg van negatiewe belewenisse wat in die dominante storie vertel word.

## 3.4 SAMEVATTING

In berading is die *gesproke taal* van die gespreksgenoot op sigself veelseggend. Dit vertel hoe hy dié wêreld wat gehelp het om sy persoonlike oortuigings te konstrueer, sien en daaroor voel. Omdat realiteit *konstruksies van taal* is, is die gespreksgenoot se persepsies gebonde aan *taal*. Die dun beskrywings van die dominante storie (vergelyk paragraaf 4.3) van die gespreksgenoot is *beperkend*. Dieselfde kan van die *taal* wat daardie dun beskrywings in standhou, gesê word. Dit is dan nodig om die *taal* van daardie sosiale diskoerse en persoonlike konstrukte wat die probleem in standhou te *dekonstrueer* (vergelyk paragraaf 4.7).

In berading ondervind gespreksgenote probleme as hulle stories nie met God se Storie geïntegreer kan word nie. Nie alleen is die *dekonstruering* van hierdie stories nodig sodat die inhoude en invloede daarvan blootgelê kan word nie, maar die *dekonstruering van taal* wat die stories in standhou is ook nodig. Hieraan word in hoofstuk 5 aandag geskenk.

# HOOFSTUK 4
# DIE NARRATIEWE MODEL VAN BERADING

## 4.1 INLEIDING

Doan (1997:131) is van mening dat narratiewe beraders gemaklik is met die uitgangspunte van die postmoderne denke. In aansluiting by hoofstuk 2 en 3 word die narratiewe model van berading vervolgens bespreek.

## 4.2 DIE NARRATIEF - 'N GEKONSTRUEERDE REALITEIT

Volgens Freedman en Combs (1996:30) aanvaar postmoderne skrywers die sentrale rol van *narratiewe* (stories) in die organisering, onderhouding en sirkulering van kennis wat mense aangaande hulleself en hulle wêreld het.

Dit is reeds gesê dat mense hulle realiteite skep deur die taal wat hulle gebruik (verwys paragraaf 3.2.1). Hierdie realiteite word deur *narratiewe* (stories) wat mense vertel en leef, lewend gehou. Mense kombineer en interpreteer hulle ervarings deur *narratiewe* daaruit saam te stel (Van Jaarsveld, 2001:102). Dié saamgestelde of gekonstrueerde *narratiewe* gee betekenis aan hulle lewens.

In mense se pogings om sin te maak van die lewe, rangskik hulle, hulle ervaringe van gebeure wat in 'n sekere volgorde en oor tyd plaasvind, op so 'n wyse in *narratiewe* (stories), dat hulle by 'n samehangende verstaan van hulleself en die wêreld rondom hulle kan kom (Freedman & Combs, 1996:30). Lax (1992:69) is van mening dat die individu self, op die ou einde as 'n narratief beskou kan word omdat identiteit ook in 'n narratief gekonstrueer word. In aansluiting hierby konstateer Müller (1996:117): "Om 'n verhaal te vertel, om jou persoonlike verhaal te vertel, is nooit net die aanmekaarryg van 'n klomp 'objektiewe' feite nie. Dit is om ervaringe te verbaliseer. Dit is dieselfde as om ervaringe te interpreteer. Elke keer as ons doen, nadink, oordeel en ervaar, is ons besig om te interpreteer".
Die mate waarin 'n individu slaag om deur 'n *narratief* (storie) sin te maak van sy lewe en sy ervaringe, in dieselfde mate verleen daardie *narratief* (storie) dan

die gevoel van kontinuïteit. So bring dit betekenis in sy lewe en word daar dan staatgemaak op daardie *narratief* (storie) om orde te bring in sy daaglikse lewe. Dit word ook aangewend in die interpretering van verdere ervaringe.

Morgan (2000:5,8) voeg by dat verskillende stories (*narratiewe*) ook tegelyk kan ontwikkel en voor kom, sodat mense se lewens gekenmerk word deur 'n veelvoud van stories "multistoried". Daar kan ook verskillende tipes stories wees: uit die verlede, in die hede, oor die toekoms, stories oor individue en oor die gemeenskap, familiestories en stories oor verhoudinge.


In die lig van die voorafgaande is skrywer van mening dat die *narratief* (storie) sinvol aangewend kan word in berading, aangesien dit die manier is waardeur mense beskryf wat hulle verstaan van dit wat hulle waarneem. Hierdie stories is die basis van die gesprek tussen die gespreksgenoot en die narratiewe berader.

## 4.3 DIE DOMINANTE STORIE

Namate meer gebeure rondom 'n spesifieke narratief (storie) gegroepeer word om dit in betekenis te laat toeneem, ontwikkel 'n *dominante storie*. Al die verskillende stories oor die verlede, hede en toekoms, oor individue en die gemeenskap, oor families en verhoudinge wat tegelyk kan afspeel, word geïnterpreteer aan die hand van die betekenis van die *dominante storie* op daardie tydstip. Hierdie *dominante storie* affekteer dus nie net die hede nie, maar het ook implikasies vir die toekoms en dít is vir die beradingsproses van belang (Morgan, 2000:6,7).

*Figuur 1* (p. 40) demonstreer die idee van stories wat bestaan uit gebeure wat in 'n volgorde en oor tyd aan mekaar verbind is. Die ander 'x' is ook gebeure wat plaasgevind het, maar nie deelgeword het van die storie nie omdat dit nie die dominante storie ondersteun nie. Daarom bly dit van minder belang in die lig van die dominante storie.

**FIGUUR 1: 'n Voorstelling van die dominante storie** (Morgan, 2000:7).




Die *dominante stories* wat beraders in berading hoor, is dikwels beskrywings van die probleme waarmee die gespreksgenote in hulle lewe te kampe het (probleemdeurdrenkte stories). Omdat die beskrywings fokus op die rol en betekenis van probleme in gespreksgenote se lewe, word daarna verwys as 'dun' beskrywings. Hierdie 'dun' beskrywings laat min ruimte vir die verstaan van die kompleksiteit van die lewe. Dit laat ook min ruimte vir gespreksgenote om hulle eie spesifieke betekenis van gebeure en hulle dade binne die konteks waarin dit voorkom, te artikuleer. Dun beskrywings verhoed dat ander moontlike betekenisse aan gebeure toegeken kan word. Dikwels ontstaan dun beskrywings ook by persone anders as die gespreksgenoot – persone wat 'n magsrol speel in dié sin dat hulle definisies van gebeure en verskynsels in spesifieke omstandighede as gesagvol beskou word. Dit het dan 'n negatiewe effek omdat daardie definisies as algemeen geldende 'waarhede' uitgedruk word en nie noodwendig ooreenstem met die ervaringe van die gespreksgenoot nie.

Dun beskrywings fokus veral op gespreksgenote se swakhede, onbekwaamhede en disfunksies en ontmagtig hulle dus in so mate dat hulle nie iets omtrent hulle probleme kan doen nie. Sodra hierdie dun beskrywings posvat, is dit maklik vir mense om 'bewyse' te vind dat hulle gevolgtrekkings omtrent hulleself en hulle probleme 'waar' is. So word hierdie *dominante stories* ondersteun en in standgehou. Omdat die *dominante storie* op hierdie wyse al magtiger word, affekteer dit ook toekomstige gebeure en belewenisse. Uiteindelik word

gespreksgenote se vaardighede, kennis en bekwaamhede verskuil agter die *dominante probleemdeurdrenkte storie* (Morgan, 2000:12-14).

Die rol van die narratiewe berader is dan om individue te help om iets te doen omtrent stories wat skeefgetrek het – stories wat problematies geword het en nie meer betekenisvol is nie (Doan, 1997:131).
In die volgende aanhaling word hierdie rol van die narratiewe berader bevestig: "Narrative therapy involves working with people who are stuck in problem-saturated stories that they tell themselves, and that society has told them, about who they are and what their lives signify. These stories have become "disabling" in the sense that the individuals feel they have lost control of their stories and are unable to change the meaning. . . It may not be the story the teller wants to tell but is perceived as the only story available" (Shapiro & Ross, 2002:97).

## 4.4 GESPREK IN NARRATIEWE BERADING

Gergen (1991:251) dui aan dat in die modernistiese praktyk van berading, die berader in die rol van ekspert geplaas word - wat dan die probleem assesseer, bepaal wat die rol daarvan is en dan besluit watter miskonsepsies, afwykings en dergelike foute reggestel moet word. In die postmoderne praktyk van berading is die berader se kundigheid in gedrang omdat hy nie sondermeer waarde-oordele en kennisuitsprake kan maak nie omdat elke gespreksgenoot uniek is en die verstaan van sy dominante storie ook uniek is. Die modernistiese idee dat die 'pasiënt' se gedagtes voorspelbaar en kenbaar is en reggestel moet word, verloor dus in die postmoderne praktyk van berading geloofwaardigheid.
Dit het tot gevolg dat die postmoderne narratiewe berader nie meer geïntereseerd is in die onderliggende psigologiese strukture van individue en gesinne nie, maar eerder in die taal en stories van sy gespreksgenote (Doherty, 1991:41). Gergen (1991:164) wys daarop dat daar eerder 'n groeiende besef is van die betekenis van die narratief as gekonstrueerde 'waarheid', in die uitkoms van psigiatriese behandeling. Dit is vir die skrywer dan juis die bevestiging dat hierdie wyse van berading betekenisvol is.

Dit is volgens Lax (1992:74) duidelik dat die beginpunt van berading die gespreksgenoot se storie is, oor hoe hy sy wêreld binne sy konteks verstaan. In berading sal die narratiewe berader dus in *gesprek* tree met die gespreksgenoot oor sy storie. Lax (1992:75) definieer *gesprek* as enige interaksie tussen mense waar daar 'ruimte gedeel' word en waar daar onderlinge interaksie in die ruimte is. In dié ruimte word daar geleentheid geskep om mekaar te verstaan en so word betekenisse van mekaar se gedagtes, gevoelens en aksies gevorm. Wanneer die narratiewe berader dan in *gesprek* tree met die gespreksgenoot oor sy storie, is dit 'n *gesprek* waarin die gespreksgenoot gerespekteer word omdat daar aandag verleen word aan die betekenisse wat die gespreksgenoot aan sy gedagtes, gevoelens en aksies heg.
Die narratiewe berader tree aktief in *gesprek* met die gespreksgenoot en ander wat die dominante storie in stand hou, nie as heldersiende vanuit 'n metaposisie nie, maar as 'n medegespreksgenoot. Dit is soos Doherty (1991:42) tereg opmerk: "...considers the therapist a conversationalist". Daar is ook nie meer 'n duidelike skeiding tussen wie die berader is en wie berading ontvang nie, want almal dra tot die gesprek by. Aangesien daar in die gesprek saam gekonstrueer word aan 'n nuwe realiteit, is die berader mede-konstrueerder en mede-outeur van 'n alternatiewe storie (Van der Watt, 1993:45).

So word die belangrikheid van die *'nie-weet-posisie'* "not-knowing" van beraders na vore gebring (Freedman & Combs, 1996:44). Dit impliseer dat die berader nie in 'n gesprek behoort te tree met voorveronderstellinge aangaande die gespreksgenoot of die uitkoms van die berading nie. Die berader het, soos Gergen (1991:103) sê, nie sondermeer toegang tot 'n gespreksgenoot se bewussyn nie en kan vir hierdie rede nie tot 'n voorafbepaalde kennis van die inhoud van die gespreksgenoot se lewe en die betekenis daarvan kom nie. Hierdie *nie-weet-posisie* word verkry deur vanuit 'n 'posisie van nuuskierigheid' te luister wat die gespreksgenoot vertel.

Aangesien die berader 'n *nie-weet-posisie* inneem, beteken dit geensins dat die berader nie oor kennis aangaande die beradingsproses beskik nie. Die kennis waaroor die narratiewe berader behoort te beskik, is juis die proses van narratiewe berading "storying". Die vrae wat deur die berader gevra word, is dan bedoel om die gesprek te fasiliteer en om meer helderheid en begrip te kry omtrent die unieke antwoorde van die gespreksgenoot (Freedman & Combs, 1996:44-45).

Narratiewe berading is 'n respekvolle, nie-blamerende benadering tot berading waarin die gespreksgenote gesien word as die eksperts of kundiges ten opsigte van hulle eie lewe (Morgan, 2000:4). Daarby verhinder die *nie-weet-posisie* die berader om 'n bemiddelende rol of 'n outoritêre rol te speel waar hy dit sy plig ag om mense te 'oortuig' of te 'versoen' (Marvel *et al.*, 2000:2).

In die volgende bespreking word gekyk hoe die dominante storie in die narratiewe gesprek hanteer word.

## 4.5 EKSTERNALISERING

Freedman en Combs (1996:48) wys daarop dat mense geneig is om gesprekke en diskoerse te internaliseer. Internaliserende gesprekke, waar die probleem geag word as deel van die persoon, het 'n negatiewe effek op mense en lei tot dun beskrywings.

Wat volgens Doan (1997:131) belangrik is, is dat die narratiewe berader in gedagte moet hou dat die gespreksgenoot nie as die probleem geag moet word nie, maar dat die probleem as die probleem geag moet word. Die proses word *eksternalisering* genoem. Op hierdie manier kan die invloede van 'n geïnternaliseerde diskoers, geobjektiveer word en geskei word van die gespreksgenoot. So word die probleem iets wat apart en verskillend van die gespreksgenoot bestaan en die gespreksgenoot slegs beïnvloed (Freedman & Combs, 1996:47,48).

Deur *eksternalisering* word 'n byvoeglike naamwoord, 'n selfstandige naamwoord. Waar die gespreksgenoot sê: 'Ek is 'n depressiewe persoon', vertaal die die berader dit eerder as 'die Depressie maak dinge vir jou moeilik'.
Crafford en Kotzé (1997:108-109) beveel aan dat daar aan die probleem 'n naam gegee moet word om te help met die proses van *eksternalisering* en *objektivering* of beliggaming van die probleem. Dit word ook die *'personifisering'* van die probleem genoem. Die taal en naam vir die probleem behoort van die gespreksgenoot te kom. Daarom luister die berader na die gespreksgenoot in die hoop om 'n woord of frase te hoor waarmee die gespreksgenoot die probleem beskryf of daarna verwys. Op grond hiervan mag die berader 'n suggestie maak en mense uitnooi om 'n toepaslike naam waarmee daar na die probleem verwys kan word, te kies. Dit kan selfs iets eenvoudig wees, soos die voorbeeld hierbo genoem, bloot 'Die Depressie'.
Die berader moet uiters sensitief wees om seker te maak dat die naam die gespreksgenoot aanspreek. Soos die gesprek vorder kan die naam waarop ooreengekom is, ook verander soos nuwe 'karaktertrekke' van die probleem ontdek word (Morgan, 2000:18-20).

In die loop van gesprekke kan baie dinge *geëksternaliseer* word en Morgan (2000:20-21) dui 'n aantal voorbeelde aan:

- Gevoelens soos angs, bekommernisse, skuldgevoelens.
- Verhoudingsprobleme soos konflik, jaloesie.
- Siekte.
- Gewoontes soos aanwensels wat verleentheid veroorsaak.
- Kulturele en sosiale praktyke soos rassisme, heteroseksuele dominansie.
- Metafore wat mense gebruik soos 'die golf van weemoed'.

Dit is ook moontlik om in die loop van gesprekke meer as een probleem te *eksternaliseer* en dan is dit nodig om dit te prioritiseer. Soms werk een probleem saam met 'n ander sodat hulle 'bondgenote' word, byvoorbeeld vrees wat saam met onsekerheid werk.

Deur *eksternalisering* en *objektivering* word die probleem as entiteit beskou. Dit help om probleme nie as vas en onbeweeglik te sien nie. Op hierdie manier kan daar 'n deeglike ondersoek gedoen word van die 'identiteit' van die probleem: oor die taktieke, intensies, voorkeure en afkeure, motiewe, leuens en bondgenote (Crafford & Kotzé, 1997:109). Daar kan ook gekyk word na die geskiedenis van die probleem, wanneer die probleem die eerste keer opgemerk is en wanneer die probleem op sy sterkste is. So kan gespreksgenote probleme ook makliker herken as moeilikheidmakers en kan hulle dan makliker keuses maak oor hoe die probleem gekonfronteer gaan word.

Aangesien gespreksgenote in *eksternalisering* aan die probleem as 'n onafhanklike entiteit begin dink, verminder die nodigheid om 'n sondebok te vind wat die skuld en blaam moet dra. Deur *eksternalisering* word die effek van etikettering, patalogisering en diagnosering verminder. Gespreksgenote se vaardighede, vermoëns en belange word al meer sigbaar deur die proses van *eksternalisering*. Hoe meer sigbaar dit word, hoe meer toeganklik is dit om te ontgin. So word ruimte geskep vir gespreksgenote om verantwoordelikheid te neem en om hulleself en hulle verhoudinge vanuit 'n nuwe en nie-probleemversadigde posisie te beskryf (Morgan, 2000:24-25).

Morgan (2000:17) is dan ook van mening dat, omdat die probleem apart van die gespreksgenoot en sy identiteit gesien word, die *verhouding* met daardie probleem, die eintlike probleem is. Omdat *eksternalisering* die geleentheid skep om gespreksgenote se vaardighede, vermoëns en belange na vore te bring, help dit die gespreksgenote om hulle eie opinies en idees te gee oor hoe die *verhouding* met die probleem ingerig gaan word om die invloed daarvan te minimaliseer of om dit hopelik te beëindig.

Hierdie verandering van die *verhouding* met die probleem vind plaas deur gesprekke wat daarop gemik is om die gespreksgenoot se storie te herskryf, sodat 'n alternatiewe, aantrekliker storie ontwikkel kan word. (Meer hieroor volg in dié hoofstuk, paragraaf 4.9.)

White en Epston (1990:39-40) som die waarde van *eksternalisering* raak op:

- Dit verminder onproduktiewe en onnodige konflik tussen mense en dispute.
- Die gevoel van mislukking in reaksie op die effek van die probleem word verminder.
- 'n Weg word gebaan vir mense om te verenig in die stryd teen die probleem.
- Dit word vir mense moontlik om aktief hulle lewe te herwin en los te maak van die probleem.
- Mense word bevry om 'n ligter, meer effektiewe benadering te volg ten opsigte van komplekse probleme.
- Geleentheid word geskep vir gesprek met en oor die probleem.

*Tabel 2* toon die verskil tussen internaliserende en eksternaliserende gesprekke. Dit is duidelik wat die waarde van eksternaliserende gesprekke vir die proses van narratiewe berading is.

**TABEL 2: Die verskil tussen internaliserende en eksternaliserende gesprekke** (Morgan, 2000:29-31).

| **Internaliserende gesprekke** | **Eksternaliserende gesprekke** |
|---|---|
| Sien die persoon as die probleem. | Sien die probleem as die probleem. |
| Probleem word in die persoon gelokaliseer. | Die probleem bestaan buite die persoon. Die verhouding tussen die persoon en die probleem word ondersoek. |
| Fokus op wat verkeerd of afwykend is in die persoon. | Probleem binne 'n konteks geplaas, waarin sy 'identiteit' verstaan word. |
| Aksies gesien as die manifestasies van die sentrale psige van die persoon. | Aksies gesien as gebeure in volgorde, oor tyd, volgens 'n sekere verloop. |
| Soek die opinies van ander om gedrag en probleme te verduidelik. | Nooi mense om hulle eie betekenis en verduideliking te gee vir gebeure. |
| Beskrywings geneig om totaliserend te wees op persoon en laat min ruimte vir ander beskrywings van sy identiteit. | Identiteit kom na vore in 'n veelheid van beskrywings. |
| Neem nie die sosiale praktyke wat die probleem onderhou en voed in ag nie. | Neem die sosiale praktyke wat die probleem onderhou en voed in ag. |
| Lei tot dun beskrywings van die lewe, van die persoon self en verhoudinge. | Lei tot ryk beskrywings van die persoon self en verhoudinge. |

*Tabel 2 vervolg:*

| | |
|---|---|
| Ondersoek die interne, mikrokosmiese psige van die persoon wat hulp soek. | Ondersoek die kulturele en sosio-politiese diskoerse wat die persoon se lewe beïnvloed. |
| Lei tot die kategorisering van die persoon in terme van hoe hy van die norm verskil. Waar persoon as 'anders' gesien word, beleef hy dikwels diskriminasie. | Erken verskille en daag die 'norm' uit. Maak diskriminerende praktyke sigbaar. |
| Verstaan die probleem as deel van persoon se identiteit. Vind maniere om 'te leef met' die effek van sekere patalogiese diagnoses. | Gaan oor die onderhandeling met die probleem en verandering van die verhouding met die probleem. |
| Die terapeut is die kundige wat moet help. | Die persoon self is die kundige op sy eie lewe en sy verhoudings. |
| Die probleem word reggestel deur sekere strategieë toe te pas. | Daar is 'n gemeenskaplike poging om verandering te laat plaasvind. Deur eksternalisering word gesoek watter vaardighede en kennis beskikbaar is om die verandering te laat plaasvind. |
| Tipiese taal is "Ek is..." | Tipiese taal is "Dit is...." |
| Praat meesal in besonderhede oor die probleem. | Soek alternatiewe beskrywings en stories buite die probleembeskrywing. |

## 4.6 DIE SOSIALE KONTEKS

Die volgende saak wat die berader in gedagte moet hou, is dat die dominante storie waarmee hy in 'n gesprek te doen het, nie in isolasie ontwikkel het nie. Daarom meen Doan (1997:131) dat beraders aanvaar dat narratiewe (stories) met mekaar verbind is. Die ontwikkeling van 'n mens se eie narratief of storie is iets wat gedoen word in samewerking met ander, in interaksie met ander. So word mense se persepsies oor hulleself op 'n rekursiewe wyse gekonstrueer. Mense vorm hulle realiteite en narratiewe binne 'n *konteks* van 'n gemeenskap met ander. Elke individu se storie is in die groter storie wat hy met ander deel, ingebed Lax (1992:71). Hierdie 'groter storie' word beskryf as 'n diskoers.

Stories ontwikkel dus nie in 'n vakuum nie – daar is altyd 'n *konteks* waarbinne dit plaasvind en waarin dit gevorm word. Die wyse waarop mense hulle lewens

verstaan, word dus beïnvloed deur die diskoerse van die gemeenskap en kultuur waarin hulle leef (Morgan 2000:9). Die *sosiale konteks* dra by tot die stories wat hulle so konstrueer, want die interpretasie en betekenis wat hulle aan gebeure gee, word deur politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele beperkinge en moontlikhede begrens. In aansluiting hierby sê Augsburger (soos aangehaal deur Müller, 1996:160): "Human beings are both inventors of and inventions of culture".

Freedman en Combs (1996:32) meen dat mense die groot stories (diskoerse) van hulle kultuur 'bewoon' – hulle bestaan deur daardie diskoerse. In enige kultuur sal sekere diskoerse meer dominant raak as ander. Hierdie diskoerse word die maatstaf vir wat die verkieslike en aanvaarde maniere van dink en doen binne 'n bepaalde konteks is.

Wat tydens berading in gedagte gehou moet word, is dat die gespreksgenoot se ervaring van die lewe en spesifieke probleme wat sy lewe beïnvloed, ingebed is binne 'n *eiesoortige konteks* (Louw, 1997:366). Hierdie eiesoortige konteks vertel ook iets van die persoon se lewensverhaal of geskiedenis.

Verder is Freedman en Combs (1996:35) van mening dat 'n gespreksgenoot in 'n spesifieke konteks, 'n spesifieke voorstelling van homself verkies – dit word die "preferred self" genoem. In berading word dan aandag gegee aan die verskillende ervaringe van die persoon en word daar onderskei in watter konteks, watter identiteit verkieslik is. Daar word gefokus op die groei en ontwikkeling van daardie identiteit wat vir die gespreksgenoot verkieslik is. Dit is dan ook wat met die volgende treffende aanhaling bedoel word: "We are swimming in a sociocultural river whose water can both nourish and drown us. If we pay attention to the whole river, and not our small rivulet, we may be able to make choices about our direction, instead of either being swept mindlessly along or stubbornly clinging to the Truth we need to believe in and becoming fossilized on the river bottom" (Doherty, 1991:42).

Dit blyk sover dat in die narratiewe berading dit nodig is om vas te stel wat die invloed van die dominante storie en sosiale diskoerse in die lewe van die

gespreksgenoot is. Die volgende aspek wat bespreek word, is 'n middel wat tot hierdie ondersoek bydra.

## 4.7 DEKONSTRUKSIE

Probleme oorleef en floreer as hulle deur spesifieke idees, oortuigings en beginsels ondersteun word. Dit geld vir spesifieke idees, oortuigings en beginsels op persoonlike vlak sowel as daardie spesifieke idees, oortuigings en beginsels van die breër konteks (diskoerse) waarin die persoon leef. Narratiewe beraders is geïnteresseerd in die *dekonstruksie* van dominante stories sowel as diskoerse wat mense domineer, marginaliseer en onderdruk (Doan, 1997:131). Morgan (2000:45) verstaan *dekonstruksie* dan as die 'uitmekaar haal' van hierdie stories en diskoerse om dit aan vraagstelling en uitdaging te onderwerp. So word *dekonstruksie* 'n bondgenoot van eksternalisering omdat dit bydra om die probleem los te maak van die gespreksgenoot. Aangesien die identiteit van die probleem apart van die gespreksgenoot gehou word, word die geleentheid geskep om meer ondersoekende vrae oor die probleem te vra.

Freedman en Combs (1996:63,66) noem dat in vraagstelling wat bedoel is om die dominante stories te dekonstrueer, op die volgende gefokus kan word:

- Vrae wat die verloop en patroon van die probleem ondersoek.
- Vrae wat bedoel is om die invloed van die probleem op die gespreksgenoot se lewe en verhoudinge (en andersom) vas te stel "mapping".
- Vrae wat die probleem se taktieke en optrede ontbloot.

Volgens Freedman en Combs (1996:57) nooi *dekonstruktiewe vraagstelling* gespreksgenote uit om hulle dominate stories vanuit verskillende perspektiewe te beskou. Dit help hulle om agter te kom hoe hulle die stories gekonstrueer het en om die stories se beperkinge raak te sien.

Marvel *et al.* (2000:3) sê dat in die proses van *dekonstruksie*, die berader bedag moet wees op onvolledighede en teenstrydighede in die stories van die gespreksgenote. Daar moet ook vrae daaroor gevra word. Hierdie

onvolledighede en teenstrydighede skep geleentheid om ander aspekte van die gespreksgenoot se lewe wat nog nie 'n storie geword het nie, te ondersoek. Hierdie aspekte kan in ander moontlike stories ontwikkel wat dalk 'n dominante probleemversadigde storie kan vervang. Daarom sê Lax (1992:72) moet die wêreld soos mense dit ken, ***gedekonstrueer*** word, op die uitkyk vir die onverwagte.

## 4.8 UNIEKE UITKOMSTE

In aansluiting by die voorafgaande is dit dus belangrik om in gedagte te hou dat daar altyd uitsonderings is. Morgan (2000:55) sê dit so treffend dat probleme nooit 100% suksesvol is nie! Dit beteken dat daar ander gebeure is wat buite die dominante storie staan en wat ook oor tyd, volgens 'n sekere verloop verbind is en die dominante storie weerspreek. As die geskiedenis en effek van die probleem bepaal is, fokus die berader op daardie kere waar die probleem minder of selfs geen invloed op die gespreksgenoot gehad het nie. Dit is spesifieke ***unieke uitkomste***, geleenthede wat uitstaan omdat dit in kontras met die dominante storie is; "anything that wouldn't have been predicted in light of a problem-saturated story" (Freedman & Combs, 1996:89).
Hierdie unieke uitkomste kan enigiets wees: 'n plan, aksie, stelling, droom, begeerte, oortuiging of vermoë. Dit gaan soms ongemerk verby omdat gespreksgenote nie daarop bedag is nie, minder betekenis daaraan heg en dit nie deel van hulle stories maak nie (Morgan, 2000:52,54).

Freedman en Combs (1996:68) sien ***unieke uitkomste*** as openinge of deurgange na alternatiewe stories en na ryker beskrywings van die lewens en verhoudinge van die gespreksgenote. As hierdie openinge nie spontaan ontwikkel nie, kan die berader vrae vra wat die gespreksgenoot uitnooi om te soek na daardie kere waar die probleem minder of selfs geen invloed op hom gehad het nie.

Die feit dat klem op die ***unieke uitkomste*** geplaas word, help om die gespreksgenoot meer bewus daarvan te maak (Marvel *et al.*, 2000:5). Wanneer daar dan ooreengekom word op die ***unieke uitkomste*** wat vir die gespreksgenoot

relevant is, word dit ontwikkel in 'n alternatiewe storie. Die toepaslikheid van *unieke uitkomste* word in die *dualistiese landskap van aksie en identiteit (bewussyn)* ondersoek (Freedman & Combs, 1996:93,96). Die gedagte is dat gespreksgenote se gekonstrueerde stories in hierdie dualistiese landskap ontvou.

Die *landskap van aksie* hou verband met die wie, waar, wat, wanneer en hoe van die storie, om so die verloop van gebeure in tyd te volg. Vrae word gevra oor die gebeure en aksies wat tot die *unieke uitkoms* gelei het en ook oor die gebeure en aksies wat deur die *unieke uitkoms* tot stand gebring is. Daar is 'n soeke na 'n draaipunt of 'n betekenisvolle gebeure waar die dominante storie verander, sodat 'n nuwe of alternatiewe storie kan ontwikkel (Morgan, 2000:61).

Freedman en Combs (1996:97) is van mening dat in die ontwikkeling van die *unieke uitkomste* dit belangrik is om die rentmeesterskap van die gespreksgenoot "agentive self" te beklemtoon. 'n Vraag soos: 'Hoe het jy bereik wat jy bereik het?', maak die gespreksgenoot bewus van sy persoonlike aandeel in die uitkoms van sy alternatiewe storie.

Hierdie *unieke uitkomste* moet ook in die *landskap van identiteit* ontwikkel word (Freedman & Combs, 1996:98). In die *landskap van identiteit* reflekteer die gespreksgenoot op die implikasies van die ervaringe in die *landskap van aksie*. Dit beteken dat die *landskap van identiteit* as 'n denkbeeldige landskap funksioneer waar hy uit die *landskap van aksie* tree en reflekteer op die betekenisse, intensies, oortuigings, waardes, vaardighede en kwaliteite wat hy in die *landskap van aksie* ervaar.

Die spel tussen die *dualistiese landskappe* bring mee dat begrip vir die lewe en gedagtes van die karakters in die storie ontwikkel. Dit help ook die betrokkenes om te eksperimenteer met die nuwe gedagtes wat deur die *unieke uitkomste* na vore gebring is.

Met die gebruikmaking van *unieke uitkomste* word dus gepoog om 'n nuwe konteks te skep waarin 'n persoon bemagtig word om 'n alternatiewe storie tot stand te bring (Morgan, 2000:57). Dit is ook die konklusie waartoe Shapiro en Ross (2002:99) kom: "The building blocks for this new story are found in the discovery of hopeful moments, thoughts or events that do not fit with the problem story. . . Lingering over such occurrences, and asking the patient [conversation participant] to reflect on their details, helps them grow in importance and power. The patient's [conversation participant's] new story is built by linking together hopeful thoughts and actions over time (past and future) and space them into a coherent narrative. Building these links is not easy but can be facilitated by paying careful attention to the details of change on the patient [conversation participant] and his/her significant others, and specific steps leading up to these hopeful moments . . . The patient [conversation participant] puts together the pieces".


Daar is in die voorafgaande paragrawe heelwat verwys na die alternatiewe narratief of storie. Dit word nou bespreek.

## 4.9 DIE ALTERNATIEWE STORIE

In paragraaf 4.8 is aangedui dat daar in die lewe van gespreksgenote altyd gebeure is wat teenoor die dominante storie staan, maar wat nie stories word nie. Dié gebeure en hulle betekenisse word ontgin as unieke uitkomste en word aangewend as die boustene om 'n *alternatiewe storie* te konstrueer. Dit is dan moontlik om lewenstories wat pynlike betekenisse of net onaangename keuses dra, te verander en nuwe stories te konstrueer (Freedman & Combs, 1996:32). *Alternatiewe stories* is 'anti-probleem' en kan dus die invloed van probleme verminder en nuwe moontlikhede vir die lewe van die gespreksgenoot bring (Morgan, 2000:14).

*Figuur 2* (p. 53) demonstreer hoe hierdie gebeure 'x' wat soms ongesiens verbygaan as unieke uitkomste, aangewend kan word in die ontwikkel van 'n *alternatiewe storie*.

**FIGUUR 2: 'n Voorstelling van die alternatiewe storie** (Morgan, 2000:55).




Doherty (1991:41) wys daarop dat die belangrikste werk van berading die *herskrywing* "re-authoring" van dominante stories oor die gespreksgenoot se lewe en verhoudinge is. Daarom meen Doan (1997:131) is die taak van die berader om gespreksgenote aan te moedig om die outeurs van hulle eie stories te word. Dit maak dan sin omdat daar ook reeds in paragraaf 4.5 aangedui is dat gespreksgenote rentmeesters van hulle eie *alternatiewe storie* behoort te word.

As stories en diskoerse deur eksternalisering en dekonstruksie ondersoek word, is groter selfbegrip vir die gespreksgenoot moontlik. Omdat stories die basis van identiteit is, is dit volgens Lax (1992:71) ook nodig dat die ontwikkeling van 'n *alternatiewe storie* sal fokus op nuwe konstruktiewe lewensdiskoerse.

Met die ontwikkeling van 'n *alternatiewe storie* kan daar met die gespreksgenoot se *metafore en frases* geëksperimenteer word om verskillende perspektiewe ten opsigte van die *alternatiewe storie* daar te stel. So raak die gespreksgenoot betrokke by die herskryf van sy dominante storie en die ontwikkeling van 'n *alternatiewe storie* (Freedman & Combs, 1996:93). Doherty (1991:42) meen ook dat *metafore* aangewend kan word om die gespreksgenoot te help om homself beter te verstaan. Dit kan die gespreksgenoot se vaardighede, bevoegdhede en belange beklemtoon wat nodig is om die *alternatiewe storie* te ondersteun en in stand te hou.

Op dié wyse word dit vir die gespreksgenoot moontlik om weer aansluiting by sy eie voorkeure, hoop, drome en idees te vind en sal die *alternatiewe storie*

hopelik die gespreksgenoot se toekomstige aksies ten goede beïnvloed (Morgan, 2000:59).

Freedman en Combs (1996:101-103) gee praktiese riglyne vir die ontwikkeling van die *alternatiewe storie*. Dit behels die volgende:

- Begin by die *unieke uitkoms*.
- Maak seker die *unieke uitkoms* verteenwoordig 'n verkieslike uitkoms.
- Ondersoek die unieke uitkoms in die *landskap van aksie.*
- Ondersoek die unieke uitkoms in die *landskap van identiteit.*
- Vra uit oor 'n *vorige gebeure* wat iets in gemeen het met die unieke uitkoms of die betekenis van die unieke uitkoms.
- Ondersoek die storie van die *vorige gebeure* in die *landskap van aksie.*
- Ondersoek die storie van die *vorige gebeure* in die *landskap van identiteit.*
- Vra vrae wat daardie gebeure in die *verlede verbind met die hede.*
- Vra vrae wat die storie *verleng tot in die toekoms.*

Uit die volgende aanhaling van Freedman en Combs (1996:15,16) kom die waarde van *alternatiewe stories* duidelik na vore: "We became interested in working with people to bring forth and "thicken" stories that do not support or sustain problems. We discovered that, as people began to inhabit and live out these alternative stories, the results went beyond solving problems. Within the new stories, people could live out new self-images, new possibilities for relationship, and new futures".

In die herskrywing van dominante stories is dit nie genoegsaam om maar net van die invloed van die probleem bevry te word nie. 'n Verdere aspek in die herskrywing van dominante stories is om die uiteindelike alternatiewe storie wat gekonstrueer word, uit te bou.

## 4.10 DIE UITBOU VAN DIE ALTERNATIEWE STORIE

Die alternatiewe storie moet *'ryklik beskryf'* word om te dien as die teenoorgestelde van die dun beskrywings van die dominante storie. Volgens

Morgan (2000:15) het ryk beskrywings te doen met die artikulasie van die fyn detail van die alternatiewe storie wat gekonstrueer is. Die wyse waarop die alternatiewe storie in 'n gesamentlike proses tussen die berader en die gespreksgenoot gekonstrueer word, hoe dit vertel word en aan wie dit vertel word, is belangrike oorwegings.
Net soos dit nodig was om die probleem 'n naam te gee, net so is dit ook nodig om die alternatiewe storie 'n naam te gee en net so moet die berader ook versigtig wees om suggesties te maak wat die gespreksgenoot in sy ervarings as irrelevant kan beskou. Soos in die geval van die probleem kan die gespreksgenoot ook gevra word om die alternatiewe storie se effek te evalueer, nou en vir die toekoms. Hierdie refleksie help om die alternatiewe storie te konsolideer en te artikuleer. So kan die berader ook bepaal of die alternatiewe storie vir die gespreksgenoot 'n verkieslike rigting aandui om te beweeg (Crafford & Kotzé, 1997:109-110). Shapiro en Ross (2002:99) dui aan wat die rol van die berader moet wees in die gesamentlike poging om die alternatiewe storie te konstrueer en te verryk: "Narrative therapists also caution that rather than becoming cheerleaders for patient [conversation participant] change, their role is to stay behind the patient's [conversation participant's] progress, recognize it, emphasize it, but always ensure that it is being pursued and desired by the patient [conversation participant]".

Die volgende sake word deur Freedman en Combs (1996:206-224) genoem as middele wat van betekenis kan wees in die konsolidering en artikulering "thickening" van alternatiewe stories:

- Notas wat gedurende gesprekke gemaak is:
  - Dit kan 'n permanente rekord word van die pad wat die gespreksgenoot geloop het en daarom kan dit die ervaringe en voornemens van die gespreksgenoot sanksioneer en die nuwe narratief 'werklik' maak.
- Opnames:
  - Die terugspeel van video-opnames wat tydens gesprekke met die gespreksgenoot se toestemming gemaak is, help om nadenke oor die gesprekke en antwoorde te stimuleer. Die ervaring om een van sy eie

stellings so 'terug te hoor', artikuleer daardie stellings en so dra dit by tot die betekenisvolle aanwending daarvan vir die alternatiewe storie.

- Briewe:
  - Die berader kan vanuit 'n reflekterende posisie briewe aan die gespreksgenoot en mense wat by die gespreksgenoot betrokke is, skryf om die alternatiewe storie te konsolideer. Terugdenkend en verwysend na gesprekke kan die briewe die volgende ten doel hê:
    1. Om gesprekke op te som.
    2. Om idees of stories uit te brei.
    3. Om mense wat by die gespreksgenoot betrokke is, maar wat nie aan die berading deel gehad het nie, in te sluit deur hulle oor die verloop van die beradingsproses en die ontwikkeling van die alternatiewe storie in te lig.
- Dokumentasie:
  - Waar gespreksgenote ten opsigte van die konsolidering van die alternatiewe storie belangrike keuses maak, ooreenkomste bereik of belangrike prestasies behaal, word dokumente met toestemming van gespreksgenote gebruik. Dit kan as 'n verklaring dien van dit wat hulle bereik het in die teenwerking van die dominante storie. So dra dit by om die alternatiewe storie ryklik te beskryf.
- Soortgelyke ervarings:
  - Morgan (2000:95) beveel ook aan dat daar gebruik gemaak moet word van boeke of ander verhale wat handel oor soortgelyke ervarings. Deur die bestudering daarvan kry die gespreksgenoot hopelik verdere insig in sy ervaringe en kan dit bydra tot die ontwikkeling van nuwe vaardighede wat nodig is vir die konsolidering van die alternatiewe storie.
- Simbole:
  - 'n Verdere hulpmiddel is die gebruikmaking van rituele as simboliese handelinge om betekenis aan die alternatiewe storie te verleen. Uit die volgende definisies van wat rituele is, is die betekenis daarvan duidelik (Müller, 1996:183-185):

i. In rituele word op 'n simboliese wyse deur gebare, musiek, handelinge (soms formeel en gestruktureerd) gekommunikeer sodat die gedagtes wat dit oordra bewustelik vasgelê word.

ii. 'n Ritueel word ook verstaan as die gee van 'n antwoord op 'n bepaalde gebeurtenis, aan 'n persoon of gemeenskap of aan God.

iii. Rituele is daarop gerig om die voortgang van die lewe (alternatiewe storie) moontlik te maak omdat dit 'n manier is om mense oor die moeilike drumpels van die lewe te help.

Die volgende aanhaling van Morgan (2000:9) is betekenisvol vir die uitkoms van berading: "The act of living requires that we are engaged in the mediation between the *dominant stories* and the *alternative stories* of our lives". Dit word verkry deur die beginsel van *refleksiwiteit*. Aangesien gespreksgenote in die narratiewe berading deurgaans geleentheid gegee word om te reflekteer op die belewenis van hulle stories asook die beradingsproses, is dit vir skrywer nodig om aandag te skenk aan die beginsel van *refleksiwiteit*.

## 4.11 REFLEKSIWITEIT IN NARRATIEWE BERADING

In paragrawe 4.5, 4.7 en 4.10 is aangedui hoe die lewe en diskoerse van gespreksgenote deur *refleksiewe gesprekvoering*, die objekte van observasie gemaak word. Deur objektivering is dit vir gespreksgenote moontlik om weg te staan van die diskoerse waarmee hulle aanvanklik besig was en om dit vanuit 'n ander perspektief te beskou. So word hulle uiteindelik in 'n beter posisie geplaas om alternatiewe stories te konstrueer en betekenis daaraan te gee.

Die berader speel in die beradingsproses dan ook deurgaans 'n *refleksiewe rol* omdat hy konstant besig is om die woorde van die gespreksgenoot te 'vertaal' en dit weer aan die gespreksgenoot te *reflekteer*. So word bepaal wat die betekenis van die woorde van die gespreksgenoot in sy taalsisteem is. Dit plaas die gespreksgenoot ook in 'n *refleksiewe posisie* deurdat hy nou op sy eie woorde reflekteer (Lax, 1992:77).

Wat verder belangrik is, is dat die berader ook, terwyl die gespreksgenoot sy storie vertel, hom met intervalle onderbreek en opsom wat verstaan word. Wanneer die gespreksgenoot dan hoor wat die berader se verstaan van die betekenis van die storie is, kan dit gebeur dat hy sy eie betekenisse heroorweeg en verander omdat hy kennis neem van betekenisse wat anders as sy eie is. Deur hierdie *reflekterende proses* kan die gespreksgenoot bepaal of nuwe konstruksies wat navore kom betekenisvol is, aldan nie (Freedman & Combs, 1996:47).

Freedman en Combs (1996:186) is van mening dat *refleksie* betekenisvol en effektief kan wees omdat veelvuldige moontlikhede so na vore kom. Morgan (2000:61) meen dat *selfrefleksie* deur die gespreksgenoot deurlopend vloei tussen dekonstruksie, unieke uitkomste en storie-ontwikkeling. Dié *selfrefleksie* help byvoorbeeld om unieke uitkomste in die fondasie van die alternatiewe storie in te sement sodat dit die betekenisbasis kan word vir ander gebeure wat oor tyd plaasvind. Wat uiteindelik vir die narratiewe berading belangrik is, is dat gespreksgenote ook op hulle eie gekonstrueerde alternatiewe narratiewe sal *reflekteer*. Betekenisvrae, 'n terugblik op die verlede en die hede, help mense om hulle ervaringe (ook van die berading) te evalueer. Dit help hulle om 'n keuse te maak om in 'n betekenisvolle rigting te beweeg (Crafford & Kotzé, 1997:109).

## 4.12 SAMEVATTING

Samevattend toon *Tabel 3* (p. 59-60) wat die aannames van narratiewe berading is en hoe dit die proses van berading beïnvloed. Die tabel is gegrond op gegewens van Doan (1997:132) en Sween (1999:1).

**TABEL 3: Die implikasie van die aannames van narratiewe berading vir die beradingsproses** (Doan, 1997:132 & Sween, 1999:1).

| Aanname | Implikasie vir berading |
|---|---|
| Mense leef hulle lewe aan die hand van stories wat hulle oor hulleself vertel of wat hulle ander toelaat om oor hulle te vertel. Stories is gekonstrueer uit gebeure sowel as uit die betekenis van die gebeure. | Die berader is geïntereseerd in die taal en persepsies van die gespreksgenoot en om te verstaan hoe hy deur hierdie stories en hulle betekenisse gevorm is. |
| Die stories wat mense hulleself vertel, is nie verteenwoordigend van die ontologiese realiteit nie; dit is húlle realiteit van die wêreld. | Dit is deur taal wat die gespreksgenoot sy realiteit konstrueer. Berading wil hierdie verstaan van die realiteit na vore bring. |
| Die stories wat mense vertel, het 'n vormende effek wat betekenisvol of nie kan wees. | In 'n gesamentlike proses ondersoek die berader en gespreksgenoot 'n storie, die storielyn, outeurs en betekenisse daarvan asook die effek daarvan op die gespreksgenoot. |
| Meeste stories is die gevolg van die interaksie tussen mense en hulle gesinne en hulle kulturele konteks. Dit word sosiaal gekonstrueer. Mense leer hulleself ken deur die sosiale spieëls wat ander vir hulle voorhou om na hulleself te kyk. | Die berader ondersoek die geskiedenis van die gesin en die kulturele konteks. Daar word gekyk hoe die gespreksgenoot se identiteit binne hierdie sosiaal-gekonstrueerde diskoers pas. Aspekte van dié diskoers uit die verlede kan nie verander word nie, maar dit is moontlik om die betekenis wat daaraan gekoppel word te verander. |
| Die persoon is nooit die probleem nie, die probleem is die probleem. | Beraders poog om deur gesprek die probleem wat geïnternaliseer is te eksternaliseer. Die gespreksgenoot word geag as veel meer as die probleem en daarom word probleme geobjektiveer eerder as die gespreksgenoot of ander persone. Die berader help die gespreksgenoot om die probleem te analiseer apart van sy eie identiteit. |

*Tabel 3 vervolg:*

| | |
|---|---|
| Meeste mense werk onbewustelik net met een storie, soos die lens van 'n kamera. Dit is soos 'n filter wat bepaal watter informasie en ervaringe van belang is en wat dus nie veel ruimte laat vir ander perspektiewe nie. So word hulle ingeperk deur daardie storie, eerder as om die outeur te wees van veelvoudige stories wat meer ruimte skep vir 'n verkieslike storie. | Beraders poog om ruimte te skep vir alternatiewe stories en betekenisse deur die lens van die kamera ter herfokus. Dit is die proses van herskrywing. In narratiewe berading word ten minste twee stories vergelyk - dominante storie versus alternatiewe storie. Keuse bring opsies, ook 'n opsie vir 'n meer verkieslike storie. |
| In mense se lewens bestaan ook onsigbare storielyne van gebeure en ervaringe waaraan minder betekenis verleen word. Dit kan draaipunte in mense se problematiese stories wees en dit verander omdat dit in kontras met daardie stories is. | Narratiewe berading is 'n proses waarin hierdie storielyne beklemtoon word. Deur vraagstelling word daar gefokus op die betekenis, die invloed van hierdie alternatiewe storielyn en word dit uitgebou tot 'n alternatiewe storie. Dit bemagtig die gespreksgenoot vir die toekoms. |

# HOOFSTUK 5

# DIE DEKONSTRUKSIE EN REKONSTRUKSIE VAN RELIGIEUSE KONSTRUKTE

## 5.1 INLEIDING

Om 'n gespreksgenoot bewus te maak van die invloed van reïfikasie (verwys paragraaf 2.4) in sy lewe is dit duidelik dat die *dekonstruering* van die *sosiale diskoerse* belangrik is. Die *sosiale konstruksionisme* wil dan ook uitwys dat sekere van hierdie *sosiale diskoerse* totaliserend en onverdraagsaam ten opsigte van verskille, geslag, etnisiteit, ras en godsdiens is (Doan, 1997:130). Daarom sê Freedman en Combs (1996:1) moet daar in berading aandag gegee word aan hoe 'n gespreksgenoot se sosiale en interpersoonlike realiteit deur interaksie met ander mense en menslike instellings *gekonstrueer* is. So kan daar gefokus word op die invloed van *sosiale diskoerse* op die betekenis van die gespreksgenoot se storie.

Aangesien daar reeds in paragrawe 3.2 en 3.3 verwys is na taal as voertuig van sosiale diskoerse is dit dus nodig dat in die dekonstruksie van diskoerse die taal daarvan ook gedekonstrueer word.

## 5.2 DIE DEKONSTRUKSIE VAN BEPERKENDE TAAL

Morgan (2000:45) verstaan *dekonstruksie* as die 'uitmekaar haal' van diskoerse. Met *dekonstruksie* word die wêreld, soos dit verteenwoordig word deur diskoerse, afgebreek. Dit lei tot 'n beter verstaan van die invloed van daardie diskoerse op die wêreld en mense se lewens. Dieselfde beginsel is op *taal* van toepassing. Om te verstaan watter betekenis 'n persoon aan sy realiteit en stories heg, moet verstaan word hoe hy dit deur *taal* konstrueer. Deur die *dekonstruksie* van sy realiteit en stories word nie alleen die betekenis daarvan verstaan nie, maar word die *taal* wat gebruik word om dit te *konstrueer* ook blootgelê.

Hierdie *dekonstruksie* is belangrik vir die narratiewe paradigma. Deur *dekonstruksie* kan daar na die gespreksgenoot, sy unieke lewensomstandighede, sy unieke kennis en *unieke taal* gekyk word. So help *dekonstruksie* om van

betekenisse wat andersins versteek sou wees, kennis te neem. Aangesien 'n persoon se woorde en begrippe egter *relatiewe betekenis* het tot die taalsisteem waarin dit funksioneer en die betekenis dus *nooit finaal* is nie, is dit nodig om die *taal* wat 'n gespreksgenoot gebruik voortdurend te dekonstrueer om die betekenis daarvan vas te stel. Net so moet die *taal van sosiale diskoerse* (tradisionele konsepte) *gedekonstrueer* word sodat die voorveronderstellinge daarvan krities bevraagteken kan word (Van Jaarsveld, 2001:101).

As aanvaar word dat 'n persoon se realiteit deur taal verteenwoordig word, dan is dit ook waar dat die gebruik van *taal*, sy realiteit kan *verander*. 'n Verandering van oortuigings, verhoudinge, selfkonsep en so meer behels 'n *verandering van taal*. Volgens die *postmoderne denke* is *taal* altyd aan die verander en dus gewoonlik intermediêr en oop. In gesprekke met 'n gespreksgenoot is daar dus altyd die geleentheid om *nuwe taal* te ontwikkel waardeur nuwe betekenis vir problematiese oortuigings, gevoelens en gedrag onderhandel kan word (Marvel *et al.*, 2000). Müller (1996:130) meen hoewel dit moontlik is om deur *nuwe taal* nuwe betekenis te skep, dit belangrik is dat 'n *gedeelde taalkonstruk* moet bestaan voordat nuwe taal aan ervaringe gekoppel kan word in die poging om die ervaringe te herinterpreteer. So kan *nuwe taal* aan nuwe betekenisse legitimiteit verleen en kan dit in die gespreksgenoot se lewe bydra tot die konsolidering van 'n alternatiewe beskouing van die realiteit (Freedman & Combs, 1996:29).

Die funksie van *taal* is dus om mense se gedagtes na vore te bring. *Taal* simboliseer die inhoud van mense se gedagtes (Franklin, 1990:253). Beperkende gedagtes in die dominante storie word bekendgemaak deur *beperkende taal*. Maar daar is ook aangedui dat *taal* 'n persoon se persepsie kan beïnvloed en daarom word in die berading kollektief (die berader en gespreksgenoot) gesoek na *nuwe taal* om nuwe konstrukte vir 'n alternatiewe storie te vind.

## 5.3 NUWE TAAL VIR REKONSTRUKSIE

*Taal* het die vermoë om die inhoud van 'n persoon se verstaan (proposisies) van

wat hy waarneem en beleef, te vorm en te organiseer. Deur *taal* word 'n persoon se subjektiewe begrip van hierdie proposisies uitgelig (Franklin, 1990:295).
Sonder *taal* sal mense beswaarlik hulle persoonlike denke, gevoelens, verwagtinge, drome, vrese en oortuigings kan bekendmaak. 'n Liefdesverhouding sal sekerlik nie 'n liefdesverhouding wees sonder diė taal van emosies nie. Net so sal die sosiale, geïnstitusionaliseerde lewe sonder die taal van sosiale diskoerse nie maklik voortgesit kan word nie. So sal godsdienstige organisasies verdwyn as dit ontneem word van religieuse taal, byvoorbeeld die taal waarmee 'God' of 'die siel' beskryf word (Gergen, 1991:227).

In aansluiting by die voorafgaande is in paragraaf 3.2.1.1 aangedui dat *metaforiese taal* belangrik is vir die ontvouing van stories vir die hede en ook die toekoms. Die bruikbaarheid van *metafore* in *narratiewe berading* is duidelik. Enersyds daag *metafore* die gespreksgenoot uit om sy verbeelding in te span om in die *metafoor* nuwe moontlikhede van interpretasie van sy dominante storie te vind, wat nie die geval sou wees indien net logiese beredeneringe gebruik sou word nie. Die *dominante storie* word uitgedaag omdat *metafore* relevansie op nuwe maniere tussen sake plaas. Dit help ook met die proses van *eksternalisering*, want dit skep 'n afstand tussen die gespreksgenoot en die *dominante storie* deurdat daar op 'n manier gepraat word waar die gespreksgenoot nie meer direk oor homself praat nie (Müller, 1996:137,139).
In die *narratiewe berading* gaan dit ook oor die herskrywing van gespreksgenote se stories. Andersyds lê die waarde van *metafore* daarin dat 'n *alternatiewe storie* uit verkieslike *metafore* wat in die narratiewe gesprek na vore kom, *gekonstrueer* kan word. So word nuwe betekenisse en interpretasiemoontlikhede vir die lewe van die gespreksgenoot geskep (Swanepoel, 2000:54).

Die *konsolidering en artikulering* van 'n alternatiewe storie kan ook deur middel van *metafore* verkry word. Gergen (1991:223) meen dat solank mense

gemaklik voel met sekere *metafore*, die betekenis van daardie *metafore* langsamerhand 'waarheid' word. Later kom dit voor of die *metafore* opsigself die waarheid van daardie refleksies wat hulle verteenwoordig, in hulle dra.
Dit is waar van probleem-*metafore* van die dominante storie sowel as verkieslike *metafore*. In die narratiewe berading behoort nie net die 'waarheid' van die probleem-*metafore* gedekonstrueer te word nie, maar behoort die nuwe *metafore* waarmee die alternatiewe storie gekonstrueer word ook geartikuleer te word. So vorm dit langsamerhand die 'waarheid' vir die alternatiewe storie. Hierdie nuwe *metafore* kan mettertyd ook aangepas word, want die toets vir simboliek se toepaslikheid is die pragmatiese bruikbaarheid daarvan (Franklin, 1991:300). Indien die *metafore* hulle toepaslikheid in alternatiewe stories verloor, behoort nuwe *metafore* ontgin te word.

Uit hierdie gedeelte is dit duidelik dat *metafore* in narratiewe berading ook verband hou met die *konstruktivistiese epistomologie*, want dit verteenwoordig die bruikbare kennis wat deur berading verkry is om as *konstrukte* aangewend te word vir die *alternatiewe storie* (Swanepoel, 2000:38).

## 5.4 DIE DEKONSTRUKSIE VAN BEPERKENDE RELIGIEUSE TAAL

In paragraaf 2.4 is die fokus van *sosiale konstruksionisme* aangedui:

- Om aan te toon hoe *diskoerse* deur die sosiaal gekoördineerde aktiwiteite in standgehou word.
- Om in te sien dat mense se stories oor hulleself en die lewe nie iets is wat passief ontvang word nie, maar dat dit *gekonstrueerde stories* is waaraan hulle en hulle sosiale omgewing 'n skeppende hand het.
- Om die invloed van *sosiale diskoerse* uit te wys.

Aan die hand van hierdie uitgangspunte van die sosiale konstruksionisme word gekyk na religie.

Religie hou verband met *omvattende diskoerse* wat tot die *verstaan van die self en die wêreld* bydra. In georganiseerde godsdiens het mense dikwels te doen met *dogmatiese taal* wat inwerk op die vorming van hulle *religieuse konstrukte*.

*Dogma* word beskryf as die poging om so ver moontlik die algemene geloofswaarhede, op 'n objektiwistiese en rasionalistiese wyse, sistematies weer te gee. So kan dit dien as begeleiding van religieuse ervarings van mense en geloofsgemeenskappe. Dit is duidelik dat *dogmas* funksioneer as *religieuse diskoerse*. *Dogmas* is gekompliseerd want dit hou verband met metafisiese standpunte, abstraksies en veralgemenings (Franklin, 1990:368). Dit is duidelik dat dit saamval met 'n modernistiese denkwyse.

*Postmoderne denke* wil wegbeweeg van totaliserende *sosiale diskoerse*. Dit daag objektiwistiese en rasionalistiese kennisaansprake uit en dit geld ook vir dieselfde tipe religieuse aansprake (Gergen, 1991:253). Wat beteken dit vir *dogmas*? *Postmoderne denke* sowel as die narratiewe beskouing van berading het nie 'n probleem met *dogma* op sigself nie, maar eerder met die aanspraak op die finaliteit van dogmatiese konklusies. Hierdie finaliteit van die konklusies en die invloed daarvan op mense en hulle sosiale konteks is die sake wat vir die *proses van dekonstruksie* belangrik is. Dit is ook juis hierdie invloed wat deur die sosiale konstruksionisme en die konstruktivisme bestudeer word. Albei daag die finaliteit van die tradisionele dogmatiese verstaan van religie uit (Van der Watt, 1993:39).

Volgens Rice (1980:11) is daar in die hoofstroom van die historiese Christelike *dogmas* 'n *tradisionele, konvensionele, klassieke manier* van beskouing wat algemeen is. Deur hierdie tipe beskouing is daar met verloop van tyd religieuse konsepte gevorm wat slegs deur intense intellektuele nadenke verstaanbaar is (Erickson, 1998:34). Dit funksioneer as die *dominante diskoers* in die genoemde konteks. In dié *dogmas* word die wese van God tradisioneel in metafisies-ontologiese terme verklaar (Van Jaarsveld, 2001:126). God word veral gesien as die onbegryplike God en sy wese word hoofsaaklik beskryf in terme soos onbegryplik, ongeskape, onaantasbaar, onbeweeglik, onverganklik en onveranderlik. Durand (1982:207-208) meen hierdie *religieuse diskoers* lei tot totaliserende gevolgtrekkings soos:

- God is absoluut bewus van die wêreld as sy skepping en is intiem betrokke by die verloop van die kreatuurlike gebeure.
- God is absoluut onveranderlik in alle aspekte van sy wese en sy kennis van die wêreld. [Dit is hierdie laaste 'eienskap' van God wat 'n blywende rol speel in die Christelike persepsie van God naamlik dat Hy onveranderlik is in sy plan vir die mensdom en wêreld (Du Toit, 2001:103).]

*Religieuse diskoerse* wat in die geloofsgemeenskap as die 'waarheid' beskou word, het tot gevolg dat 'n persoon wat deel is van daardie geloofsgemeenskap sekere proposisies aangaande God as vanselfsprekend aanvaar. Hierdie genoemde *tradisionele religieuse diskoers* sê Rice (1980:13), het oor tyd tot die *persoonlike geloofservaring* van mense bygedra om tot die volgende gevolgtrekkings te kom:

- God is 'n konstante bron van sterkte vir die getroues.
- God weet nie net van alles wat gebeur nie, maar dit gebeur op 'n sekere manier omdat dit sy wil is.
- Almal speel die rol wat God aan hulle toesê.

Hierdie gevolgtrekkings is algemene beskouings wat volgens Rice (1980:14-16) dikwels in *dun beskrywings van religieuse konstrukte* in dominante stories van gespreksgenote aangetref word. Dit lei tot die volgende gedagtes:

- God is aandadig vir sonde en lyding, want aangesien dit 'n integrale deel van die wêreld is, is dit mos 'n integrale deel van God se plan!
- Die lewe is vasgelê in elke detail.
- Die toekoms is voorafbepaal en daarom geslote.
- Menslike vryheid is gebonde aan God se plan.

Daarom is Louw (1997:110) daarvan oortuig dat hierdie *abstrakte diskoerse* wat op metafisiese wyse oor God spekuleer, dikwels die rede is waarom 'n gespreksgenoot in krisistye nie sy geloof in God sinvol kan aanwend nie. Dit gee maklik aanleiding tot die idee van 'n apatiese God (Van Jaarsveld, 2001:103). As realiteit geslote is, is daar nie regtig ware alternatiewe nie - 'n

statiese God wat alles predestineer sal nie daarvoor te vinde wees nie (Rice, 1980:18,19). Hoe versoen mens liefde met so 'n God, want liefde het tog te doen met belangstelling en sensitiwiteit vir die ervaringe van ander? Is daar 'n ander alternatief vir statiese perfeksie? Dit is die vrae wat in gespreksgenote se harte leef as hulle 'kom antwoorde soek'.
Hierdie vrae skep spanning omdat daar gevra word of daar nie 'n ander manier is om na God te kyk nie.

Dit is reeds duidelik dat 'n persoon homself in terme van sy eie gekonstrueerde storie verstaan. Dit is egter so dat 'n persoon ook 'n storie aangaande God en religie konstrueer rondom sy geloofsbelewenisse. Uit hierdie belewenisse van mense groei bepaalde oortuigings wat hulle lewe vorm en beïnvloed (Erickson, 1998:36). In pogings om religieuse 'waarheid' dogmaties en korrek weer te gee, word hierdie *narratiewe aard* van mense se religieuse ervaringe nie in ag geneem nie (Franklin, 1990:369). Abstrakte dogma is nie genoegsaam om uitdrukking te gee aan mense se persoonlike en geestelike ervaringe van God nie. Daarom moet daar aandag verleen word aan die stories wat mense aangaande God en religie vertel. Volgens Erickson (1998:39) bring die narratiewe aard van mense se persoonlike ervaringe van God begrip vir hulle eiesoortige belewenis van God en help dit om helderheid te verkry oor hulle verhouding met God. Hieruit lei die skrywer af dat 'n ander tipe religieuse taal moontlik is wat kan bydra tot die uitkoms van alternatiewe religieuse konstrukte in narratiewe berading. Vervolgens word hierdie moontlikheid ondersoek.

## 5.5 NUWE RELIGIEUSE TAAL VIR RELIGIEUSE REKONSTRUKSIE

Om 'n nuwe manier te vind om God te verstaan, moet nuwe *taal* bekom word. Van Gennep stel die volgende ten opsigte van die voorafgaande: "wij zijn niet in staat te seggen, wie of wat God is. Het is voor ons niet mogelijk om in ontologische (in zijns-kategorieën) over God te spreken. Wij zijn alleen in staat om te verstaan, hoe Hij zich in de gelijkenis van zijn wezen aan ons toont of aan ons uitlegt" (Van Jaarsveld, 2001:126).

Dit is duidelik dat 'n simboliese spreke oor God nodig is om die mens se verstaan van God moontlik te maak. Hierdie gedagte verteenwoordig 'n paradigmaverskuiwing met betrekking tot Godskonsepte (konstrukte). Dit gaan om 'n *metaforiese verstaan* van God.

Daar is reeds in paragraaf 3.2.1.1 aangedui dat 'n *metafoor* betekenis simbolies oordra en verhelder wanneer 'n minder bekende term met 'n meer bekende term verbind word. Die betekenis van die laasgenoemde term suggereer iets oor die onbekende term met die doel om dit te verstaan. Die *metaforiese benadering* bring 'n persoon se verstaan en die sinvolle ervaring van God na vore binne die kontekste en relasies waarin hy leef (Van Jaarsveld, 2001:127). Deur 'n *metaforiese verstaan* van God word iets van God ontsluit sodat Hy vir mense betekenis kry. Hierdie ontsluitings kan bydra om unieke uitkomste te indentifiseer vir die alternatiewe storie van die gespreksgenoot.

Na aanleiding hiervan kan die vraag gevra word: "Het dogmas dus geen plek meer nie?". Die antwoord hierop is dat die andersheid van God wat in metafisiese terme beskryf word 'n plek het, as die finaliteit daarvan nie die *metaforiese verstaan* van God negeer nie. Die metafisies-ontologiese eienskappe van God hang saam met sy antropologiese eienskappe. Die antropologiese eienskappe kan verder omskryf word as God se menslikheidseienskappe wat essensieel is vir berading. Dit word *metafories* nadergebring en so bevatlik gemaak ter wille van die mens wat wil verstaan.

Van Jaarsveld (2001:248-254) verwys na 'n aantal probleemsituasies waarin die rol van Godskonsepte (God-konstrukte) in 'n gespreksgenoot se dominante storie aangedui word. Op grond van empiriese ondersoeke word sekere *metafore* gesuggereer wat vir die *herskrywing* van die gespreksgenoot se storie aangewend kan word. Die gegewens word in *tabel 4* (p. 69-70) saamgevoeg ter illustrasie van wat die invloed van *religieuse konstrukte* is.

**TABEL 4: Illustrasie van die rol van religieuse konstrukte in die dominante storie en die aanwending van metafore in die herskrywing van stories** (Van Jaarsveld, 2001:248-254).

| Dominante storie | Rol van religieuse konstrukte in die dominante storie. | Aanwending van metafore in die herskrywing van stories. |
|---|---|---|
| Angs | • Die gespreksgenoot ondervind dat sy konstrukte nie die probleemsituasie die hoof kan bied nie - hy ervaar angs.<br>• In plaas van vertroosting en hoop, word God gesien as 'n ongenadige Sadis. | • Die gespreksgenoot het 'n behoefte aan gerusstelling.<br>• Uit resultate van empiriese ondersoek blyk die metafoor, God as Vader (ouer) toepaslik te wees.<br>• Gaan gepaard met beter kommunikasie. |
| Depressie | • Die gespreksgenoot met depressie, se gedagtes sentreer rondom verlies, skuld, selfmoord. God is ver, ontoeganklik en onsimpatiek.<br>• In plaas van ontferming is God afwesig. | • Die gespreksgenoot het 'n behoefte om sy hart teenoor iemand uit te praat.<br>• Vadermetafoor, Vriendmetafoor is toepaslik.<br>• Waar skuld en sonde ter sprake is, is die Verlossermetafoor toepaslik. |
| Swak selfbeeld | • Die gespreksgenoot se gebrek aan selfvertroue en selfrespek is soms afkomstig van die idee dat God 'n patriargale, despotiese figuur is.<br>• Beleef nietigheid voor God en ook 'n minderwaardigheid teenoor ander rondom hom. | • Metafore verbonde aan Vriendskap is toepaslik.<br>• God laat binne die verhouding vryheid van doen en late toe.<br>• By God as Vriend kan hy ontspanne wees, want hy word aanvaar soos hy is. |
| Verslawing | • Probleme van verslawing kan ook verband hou met die gebrek aan verantwoordelikheid.<br>• Die gespreksgenoot kan nie staatmaak op Vriendmetafoor vir hulp en bystand nie. | • Metafore wat van mense ook verantwoordelikheid eis – mense word gesien as medeskeppers.<br>• God as Vader (ouer) vir ondersteuning is toepaslik. |

*Tabel 4 vervolg:*

| | | |
|---|---|---|
| Behoefte aan katarsis | • Die gespreksgenoot beleef frustrasie rondom probleme en die onvermoë om dit uit te praat, omdat God die Geweldige Krag is wat Hom nie steur aan die gespreksgenoot as individu nie. | • Daar is 'n behoefte aan 'n God met Wie gemaklik omgegaan kan word en Wie luister.<br>• Metafore soos Vriend en Ouer is toepaslik |


Die voorstelling in *figuur 3* (p. 71) sluit by *tabel 4* aan. 'n Voorstelling word gegee van hoe sekere *metafore* oor God, sekere God-konstrukte tot gevolg het. Daar word ook aangedui hoe dit bydra tot die konsolidering van 'n alternatiewe storie (Griffith & Griffith,1992:68).

Vanuit 'n konstruktivistiese epistemologie is dit duidelik dat gespreksgenote verskillende konstrukte oor God huldig en daarom uniek is. Suggesties rondom *metafore* wat bedoel is om 'n gespreksgenoot te help met die herskrywing van sy storie moet dus sensitief aangewend word (Van Jaarsveld, 2001:255).

'n *Metafoor* het nie vaste betekenis nie – dit is oop. Dit het ruimte vir verbeelding en daarom kan die uitwerking daarvan ook nie voorspel word nie. Juis vir hierdie genoemde rede is *metafore* belangrik vir die ontvouing van stories vir die hede en ook die toekoms. Dit geld ook vir die *metaforiese verstaan* van God.

Rice (1980:21) se gedagte van 'n *'oop-beskouing'* van God sluit hierby aan. Hierdie gedagte staan teenoor die konvensionele beskouing (paragraaf 5.4). Die sentrale punt van die *oop-beskouing* is dat God se betrokkenheid by die wêreld *eerder oop as geslote* is. Hiervolgens meen Rice (1980:22) kan gesê word dat God ook *oop* is vir ontwikkeling en veranderinge soos dit in die wêreld gebeur. God is *oop* vir verskillende ervaringe. Dit skep ruimte vir nuutheid, innovasie en oorspronklikheid - ook van God se kant af. Die *oop-beskouing* van God het

**FIGUUR 3: 'n Voorstelling van hoe sekere *metafore* oor God, 'n sekere God-konstruk wat bydra tot die konsolidering van 'n alternatiewe storie, tot gevolg het** (Griffith & Griffith,1992:68).



te doen met die *progressiewe* karakter van God se *verhouding* met hierdie wêreld.

Rice (1980:25) meen dat die *oop-beskouing* van God 'n meer Bybelse beskouing van God is, want dit beskou God as *intiem betrokke en sensitief* vir die verloop van gebeure in die wêreld en in mense se lewens. Wat in gedagte gehou moet word, is dat dié beskouing nie ten doel het om die eksistensie en karakter van God in die eerste plek te beskryf nie. Dit het wel eerder ten doel om die *konkrete ervaring van God* in die lewe van mense te verstaan.

'n Aantal beginsels is fundamenteel aan die *oop-beskouing* van God. Hierdie beginsels lê die grondslag vir sekere ervaringe wat positief kan bydra tot die *herskrywing van stories*. *Tabel 5* is 'n samevoeging van hierdie beginsels en dien as illustrasie van hoe die *oop-beskouing* van God kan bydra tot konklusies waardeur konstrukte geskep kan word wat vir die alternatiewe storie bruikbaar kan wees.

**TABEL 5: Illustrasie van hoe die beginsels van die oop-beskouing van God kan bydra tot die herskrywing van stories in narratiewe berading** (Rice, 1980:79-84).

| Beginsel | Positiewe ervaring | Bydrae vir narratiewe berading |
|---|---|---|
| *Die realiteit is oop:*<br><br>(God is Skepper en die mens sy mede-skepper) | • Daar is 'n besef van die voortgaande aard van gebeure.<br>• Besef dat innovasie en oorspronklikheid nooit uitgesluit is.<br>• Wat gebeur het, is nie vooraf bepaal nie – daar is geleentheid om aan ongelukkigheid uitdrukking te gee. | • Die besef dat dinge verkeerd kan loop in die lewe, skep 'n realistiese alternatiewe storie.<br>• Innovasie dra by tot deelname en verantwoordelikheid in die herskrywing van storie. |

*Tabel 5 vervolg:*

| | | |
|---|---|---|
| *Die toekoms is oop:*<br><br>(God is getrou) | • Die gespreksgenoot kan vryheid beleef en keuses maak.<br>• Hoop en optimisme kan beleef word.<br>• Die gespreksgenoot kan sy selfvertroue terugwen ten aanskoue van negatiewe ervaringe. | • Keuses is kreatiewe handelinge om die uitkoms daarvan ten goede te laat meewerk.<br>• Sterk klem word geplaas op persoonlike verantwoor-delikheid.<br>• Hoop help om konstruktief te reageer op die tragedies en om 'n alternatiewe narratief te konstrueer. |
| *God is sensitief teenoor mense se ervaringe:*<br><br>(God is liefde = selfopofferend) | • God het nie net meegevoel nie, maar beleef ook die pyn van lyding, is ook bly oor oorwinning, is ook tevrede as sy liefde beantwoord word.<br>• Hierdie ervaring van God se simpatie en empatie is vir mense dikwels van meer belang as om te verstaan wat hulle rol in God se 'groot plan' is.<br>• Daar is 'n gevoel van persoonlike waarde. | • Individuele waarde dra by tot integriteit wat im-plikasies het vir inter-persoonlike verhoudinge.<br>• Empatie skep 'n etiese basis vir menslike handeling.<br>• So word verantwoorde-likheid geskep om byvoor-beeld stories oor verhou-dinge te herskryf. |
| *Alles is nie vir God geheel en al verlore of betekenisloos nie:*<br><br>(God is genadig) | • Daar word 'n vryheid van persoonlike skuldge-voelens ervaar.<br>• God kan die goeie bewerk, ten spyte van hoe erg die seer en lyding van die dominante storie is. God kan tot mense se voordeel werk. | • Die realiteit van skuld word nie ontken nie, want daar word gewerk met die gedagte van persoonlike verantwoordelikheid.<br>• Uit tragedies kan nuwe groei plaasvind wat nodig is vir die herskryf van stories.<br>• 'n Lewe van oorgawe en gebed word as die moeite werd beleef en dra by tot die herskryf van stories. |

Die *oop-beskouing* van God is betekenisvol vir 'n persoon se persoonlike geloofservaringe. Dit gee erkenning aan 'n persoon se persoonlike bestaan en sy unieke belewenisse. Dit is duidelik dat die *oop-beskouing* van God nuwe moontlikhede ten opsigte van *religieuse taal* moontlik maak en daarom so toepaslik vir die uitgangspunte van die *narratiewe paradigma en berading* is. Die *oop-beskouing* van God laat 'n gespreksgenoot nie hulpeloos in sy dominante storie nie, maar bemagtig hom om ten spyte daarvan op te tree. Dit laat 'n gespreksgenoot ook nie volstaan met die gedagte dat alles maar ten goede gebeur en sal gebeur nie, maar moedig hom aan om ook verantwoordelikheid vir sy lewe te neem (Rice, 1980:83).

Du Toit (2001:182) meen dat geloof in God in 'n *postmoderne tyd* (anders as in die modernistiese tyd) gemakliker is met dié idee om *'nie presies te weet nie'*. Om *'nie presies te weet nie'* maak die moontlikhede van 'weet' *oop*. Die *oop-beskouing* maak mense juis bewus van God as die Een wat onmoontlik deur die mens met sy beperktheid aan ruimte en tyd, presies beskryf en verstaan kan word. Geloof in die postmoderne tyd is daarom gemakliker met onsekerheid as met 'n 'sekerheid' wat as ontwisbaar aangebied word. Geloof in die postmoderne tyd is gemakliker, want as mense die 'sekerhede' krities bevraagteken, word dit nie as ondenkbaar of as 'n teken van sinisme en ongeloof begroet nie. Hierdie onsekerheid is nie noodwendig sleg nie, aangesien dit kreatiwiteit stimuleer en vra na die ware en egte gronde van kennis (Du Toit, 2001:90). Dit dra by tot die strewe om altyd nog meer en beter te verstaan en dit is vir die uitkoms van berading noodsaaklik.

## 5.6 DIE ROL VAN DIE BYBEL IN DEKONSTRUKSIE EN REKONSTRUKSIE

Aangesien *die Bybel* ook 'n rol speel in die totstandkoming van religieuse diskoerse en die religieuse konstrukte van gespreksgenote, is dit nodig om aandag te gee aan *Skrifgebruik* in narratiewe berading. Het dit enigsins plek in narratiewe berading? Bestaan die gevaar nie om voorskriftelik om te gaan met die Bybel in die narratiewe gesprek nie?

Die Bybel is deel van die Christelike geloofsgemeenskap se identiteit. Net so speel dit 'n rol in die lewe van die gespreksgenoot wat aan hierdie gemeenskap deel het. Louw (1997:449) wys daarop dat effektiewe *Skrifbenutting* in sommige situasies in narratiewe berading nodig is. Waar die gespreksgenoot twyfel oor God se konkrete en aktiewe teenwoordigheid, kan Bybelverhale byvoorbeeld aangewend word om die gespreksgenoot daarvan bewus te maak. Sonder 'n verhaal is die beginsels (religieuse beginsels) soms geneig om los te raak van die situasie wat 'n gespreksgenoot beleef en daarom kan dit vir die gespreksgenoot irrelevant raak. So kan net die storie (sonder beginsels) slegs as 'n vertelling beskou word en nie werklik bevrydend wees nie (Müller, 1996:176).

Die berading ten opsigte van mense se geloofskrisisse in die dominante stories, gaan oor meer as net die tegniese bedrewendheid met die Bybel en gebed. Hierdie proses vereis 'n sensitiewe en kreatiewe gees by die berader, want met 'n semantiese skuif kan hy 'n totale nuwe dimensie in die gesprek bring (Müller, 1996:173-174). Hierdie semantiese skuif dra by tot die dekonstruksie van beperkende religieuse diskoerse en konstrukte. Dit baan die weg tot die konstruksie van ander bevrydende diskoerse en konstrukte wat aangewend kan word vir die alternatiewe storie.

By *Skrifgebruik* gaan dit nie net oor bloot algemene godsdienstigheid nie, maar oor 'n *geloofsintegrasie* daarvan in die gespreksgenoot se *storie van nood*. Müller (1996:130) dui aan dat daar 'n *gedeelde taalkonstruk* moet bestaan voordat nuwe taal aan ervaringe gekoppel kan word in die poging om die ervaringe te herinterpreteer. Andersins kan die *nuwe taal* nie aan nuwe betekenisse legitimiteit verleen nie. Daar moet by *Skrifgebruik* dus nuwe *gedeelde religieuse taalkonstrukte* na vore kom waarmee die gespreksgenoot hom kan identifiseer en wat hy kan aanwend in sy alternatiewe storie.

## 5.7 SAMEVATTING

In berading tree gespreksgenote in gesprek met die berader oor hulle dominante

stories. Dit is soms opmerklik dat religieuse konstrukte deel vorm van hierdie dominante stories - stories wat vertel van krisistye en ondraaglike psigiese pyn, en 'n soeke na 'n antwoord by God. Met religieuse konstrukte probeer gespreksgenote hulle psigiese balans handhaaf om hulle ontstelde harte tot bedaring te bring (Armistead, 1995:85).

Dikwels is 'n gespreksgenoot in 'n monologiese gesprek met 'n problematiese God-konstruk (religieuse konstruk) wat lei tot die stagnering van daardie gesprek (Griffith & Griffith, 1992:70). Dit word ontoereikend om die dominante storie te verklaar en so lei dit dikwels tot dun beskrywings. Soms weerkaats die invloed van hierdie konstrukte in die gespreksgenoot se interpersoonlike verhoudinge (Armistead, 1995:87).

In die narratiewe berading tree die berader in gesprek met die gespreksgenoot oor sy dominante storie. Dit sluit ook 'n gesprek oor sy God-konstrukte (religieuse konstrukte) in. Soms fasiliteer die berader ook 'n gesprek tussen die gespreksgenoot en die God-konstrukte (religieuse konstrukte).

Deur die narratiewe berading, met die hulp van sosiale konstruksionisme en dekonstruksie, word lig gewerp op die oordragprosesse van godsdienstige idees en oortuigings. Die vermelding van aspekte soos God se wil, straf, genade, ensovoorts in 'n gespreksgenoot se storie kan 'n aanduiding wees van die gespreksgenoot se binding aan en afhanklikheid van God. So word dit duidelik wat die verbande tussen die gespreksgenoot se storie en die Storie van God is (Van Jaarsveld, 2001:103). Die linguïstiese onderskeidinge wat in hierdie gesprek na vore kom (Griffith & Griffith, 1992:71), is bepalend vir die verstaan van die gespreksgenoot se God-konstrukte (religieuse konstrukte) en storie.

Aangesien die narratiewe berader vanuit die posisie van mede-konstrueerder werk, behoort hy ook by die soeke na nuwe God-konstrukte (religieuse konstrukte) in die herskrywing van die gespreksgenoot se storie, nie voorskriftelike te wees nie. Mense verwag soms wel morele leiding en daarom behoort daar saam gesoek te word na Skrifaanduidings wat toepaslik is in die

herstrukturering van God-konstrukte (religieuse konstrukte) (Van Jaarsveld, 2001:256).

Die konsolidering van die alternatiewe religieuse konstrukte is nodig vir die alternatiewe storie wat ook die pad na geloofsgroei is (Van Jaarsveld, 2001:257). Rekonstruksie van die gespreksgenoot se storie het te doen met empatie wat die gespreksgenoot ook teenoor homself ontwikkel. So kan hy sy vertroue in die realiteit versterk wat hy deur die herskrywing van sy storie skep. Op die manier kry hy nuwe insig en begrip. So kan hy weer integrasie met sy daaglikse lewe beleef asook 'n nuwe verdieping van sy verhoudinge met ander en met God (Armistead, 1995:117).

# HOOFSTUK 6

# EMPIRIESE STUDIE: VAN DOMINANTE STORIE TOT ALTERNATIEWE STORIE

## 6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die gevallestudies (soos beskryf in paragraaf 1.4.4.2) aan die orde gestel. In die gespreksgenote se dominante stories bestaan daar 'n noue skakeling met religieuse diskoerse en konstrukte. Louw (1997:367) meen dit is in berading belangrik om die godsdienstige reaksies op betekenisvolle gebeure gedurende gespreksgenote se lewensgeskiedenis te verstaan. In die gesprekke met die gespreksgenote in die gevallestudies word nie alleen aan die narratiewe benadering van berading aandag gegee nie, maar dus ook aan die religieuse diskoerse en konstrukte wat deel vorm van die dominante stories van die gespreksgenote.

Ter wille van agtergrond die volgende:

- Die persone wat vir die gevallestudie geselekteer is, is persone wat die skrywer vir berading genader het.
- Aangesien hulle stories met religieuse diskoerse en konstrukte verband gehou het, is hulle geselekteer om aan die navorsing deel te neem.
- Die gesprekke word in verbatimvorm weergegee en is transkripsies van die aantekeninge wat tydens die gesprekke gemaak is. Gesprek 6.4.1 is nie in verbatimvorm nie, maar wel 'n opsomming van die strekking van die gesprek, aangesien dit geblyk het dat dié gesprek 'n 'inleiding' was tot die gesprek wat daarop gevolg het.
- In die deelnemende, ongestruktureerde gesprekke is 'n indiepte-begrip van die navorsingsprobleem bekom. Na elke gesprek vind refleksie op die gesprek plaas.
- Daar word gefokus op die alledaagse en natuurlike ervarings van die gespreksgenote. Die fokus is op die gevoelens, indrukke en ervarings van die gespreksgenote. Daarom is daar 'n oop-einde en 'n natuurlike verloop in die gesprekke.

- Ter wille van die betroubaarheid en geldigheid van die narratiewe beradingsproses vind 'n refleksie ook deur die gespreksgenote plaas.
- Skuilname word vir die gespreksgenote in die gevallestudies gebruik.
- In al drie gevallestudies is die skrywer die narratiewe berader (NB).

## 6.2 DIE STORIE VAN NELIA

Nelia is 'n lidmaat in 'n gemeente. Nelia sukkel oor die algemeen met haar gesondheid. Sy is onlangs gediagnoseer met serebrale atrofie – 'n mediese toestand wat met breindegenerasie te doen het. Die skrywer ontvang 'n telefoniese oproep dat sy baie emosioneel is en dat dit baie sleg gaan met haar. Die skrywer besoek haar op 29 Julie 2003. Sy lê in die bed en dit is hier waar die eerste gesprek plaasvind.

### 6.2.1 Die eerste gesprek:

| | |
|---|---|
| N1: | Dominee, dat gaan ellendig met my! Ek het 'n geweldige worsteling in my! Hoekom het die Here dit oor my gebring?<br>Al my familie sukkel met hartprobleme en ek het gedink dat as ek ernstig siek sou word, dit ook my hart sou wees.<br>Ek kan nie meer bid nie. Hoekom verhoor die Here nie my gebede nie? |
| NB1: | Wat is dit wat jou laat dink dat God dit oor jou gebring het? |
| N2: | Maar ons glo mos Hy heers oor alles. Dit moet sy wil wees. |
| NB2: | As dit God is wat die siekte oor jou gebring het, watter rol speel God dan in jou siekte? |
| N3: | *(Sy huiwer om die vraag te beantwoord. Baie versigtig opper sy die gedagte dat God verantwoordelik is – dat Hy aandadig is, dat God blameer word.)*<br>MAAR Dominee, God het seker 'n doel hiermee, anders sou Hy dit nie laat gebeur het nie. |
| NB3: | Wat dink jy sal God se rede wees om die siekte oor jou te bring? |
| N4: | Dit is seker maar my straf wat ek moet dra! |
| NB4: | Straf? Het jy dan iets verkeerd gedoen om God se straf te verwag? |
| N5: | *(Nelia is weer emosioneel. Sy kan geen rede vind vir hierdie 'straf' wat sy moet verduur nie, gesien in die lig van hoe sy haar hele lewe voor God ingerig het.)*<br>MAAR Dominee, dalk tugtig die Here my omdat Hy my liefhet! |
| NB5: | Nelia, sê vir my wat jy verstaan onder 'liefde'. |
| N6: | Dit beteken toegeneentheid, aanvaarding en daarmee saam gaan blydskap en vreugde. |
| NB6: | Nelia, ek hoor jou die volgende sê. Liefde wat gaan oor 'n positiewe gesindheid teenoor ander, is vir jou iets moois. Maar as jy praat oor God se liefde dan |

*Eerste gesprek vervolg:*

verwag jy nie 'n positiewe gesindheid van God teenoor jou nie, maar sy straf. Hoe laat dit jou voel?

N7: Moedeloos en depressief. Ek sien vir my geen uitkoms nie!!

NB7: Nelia, uit jou woorde verstaan ek dat jy aan die een kant God se ondersteuning en liefde wil beleef, maar aan die ander kant beleef jy dat Hy aandadig is aan jou siekte en jou straf. Dit maak dat jy nie na Hom kan uitreik nie en dit maak jou moedeloos en depressief. Hoor ek reg?

N8: Dit is so, ja!

*(Op hierdie punt praat ons oor God se beheer in die wêreld en in mense se lewens. Is God allesoorsaaklik? Is elke detail gepredestineer? Is daar nie soms situasies waar God nie in beheer is nie? Die gesprek het gehandel oor die moontlikheid dat die realiteit nie geslote is nie, maar oop en dat God ook in 'n oop-verhouding (paragraaf 5.5) tot die mens tree. Die detail van hierdie gesprek is te veel om hier aan te dui. Slegs die gevolgtrekking van hierdie gesprek word in die res van die gesprek hier voortgesit.)*

NB8: As God vir jou sê dat die rede vir jou siekte nie sy straf vir jou is nie, hoe sal jy oor jou siekte dink?

N9: Dan is my siekte iets natuurliks wat met my gebeur. Nie ek of God is die oorsaak daarvan nie.

NB9: As dit is dat liefde toegeneentheid beteken en jy ontdek dat dit ook waar is van God, wat sê dit vir jou van God in hierdie situasie?

N10: Dat God nie ongevoelig staan teenoor my nie, maar eintlik saam met my voel! *(Nelia is op hierdie stadium weer emosioneel.)*

*(In afsluiting van hierdie gesprek onderneem skrywer om Nelia oor 'n week weer te besoek. Skrywer moedig Nelia aan om in die komende week na te dink oor wat sy so pas oor God gesê het om te probeer verstaan wat dit vir haar in haar situasie beteken.)*

### *6.2.1.1 Refleksie op die eerste gesprek:*

Uit die eerste gesprek met Nelia is dit duidelik dat haar dominante storie wat sy gekonstrueer het oor haar siekte, vervleg is met met religieuse konstrukte (N1). Hierdie religieuse konstrukte wat betekenis verleen aan die rol van God in haar siekte lei tot dun beskrywings. Haar verlede, hede en toekoms word aan dié dun beskrywings in die dominante storie gemeet en dit is duidelik dat dit nie veel ruimte laat om die kompleksiteit van haar belewenisse rondom haar siekte te verstaan nie (N3, N4, N5). Die dun beskrywings het haar gesprek met God en oor God laat stagneer (N7).

Dit is verder duidelik dat hierdie dominante storie oor haar siekte haar totaal ontmagtig en dat sy haar situasie in terme van haar 'disfunksies' (straf wat sy

verwag op iets wat sy gedoen het) beskryf. Sou sonde die oorsaak wees van haar siekte, dan is die 'bewys' daar dat God haar straf.

In die gesprek met Nelia is begin met 'n proses van dekonstruksie - die uitmekaar haal van haar dominante storie. Hierdie proses is nodig, want dis belangrik om te verstaan hoe Nelia haar dominante storie met konstrukte aan mekaar gesit het en wat die betekenis daarvan vir haar is. Verder is dekonstruksie ook vanuit 'n sosiale konstruksionistiese perspektief nodig, want hierdeur word verstaan wat die rol van religieuse diskoerse is wat Nelia beïnvloed het in die keuse van God-konstrukte wat sy gemaak het.

In aansluiting by die dun beskrywings oor God se rol in haar siekte, word speurvrae gevra om begrip te verkry van die onderliggende opinies en gevoelens wat eie is aan Nelia se verstaan van haar dominante storie, byvoorbeeld 'Wat is dit wat jou laat dink dat God dit oor jou gebring het?', '...sê vir my wat jy verstaan onder liefde' (NB3, NB5).
Uit die antwoorde op hierdie vrae, '...ons glo mos Hy heers oor alles..', '...God het seker 'n doel hiermee...', '...seker maar my straf...', '...dalk tugtig die Here my omdat Hy my liefhet!', blyk die betekenis van Nelia se verstaan van God (N3, N4, N5). Waar sou die verstaan van God vandaan kom? Is dit deel van religieuse diskoerse wat aan God dink as deterministies en wat onwrikbaar sy planne uitvoer ten koste van mense? Dit hou verband met diskoerse wat totaliserende gevolgtrekkings maak – diskoerse wat in paragraaf 5.4 tradisionele, konvensionele dogmas genoem is. Dit is religieuse diskoerse wat die realiteit as geslote beskou en lei tot konstrukte wat ook by Nelia die geval is, dat God aandadig is, dat elke detail vasgelê is, dat menslike belewenis en vryheid aan God se plan gebonde is. Metafore van God wat uit Nelia se storie identifiseerbaar is, is 'Medepligtige', 'Voltrekker van straf' en 'Onsimpatieke'. Hoewel hierdie metafore nie pertinent genoem word nie is dit onderliggend en is die skrywer van mening dat hierdie metafore tog verband hou met Nelia se deterministiese verstaan van God.

Vir die skrywer was dit in hierdie gesprek nodig om aan hierdie taal en religieuse diskoerse aandag te gee, want die binding tussen Nelia se storie en God se Storie was vir haar 'n probleem. Daar is saam met Nelia gekyk na haar God-konstrukte en hoe haar verstaan bygedra het om by dun beskrywings van God uit te kom. Daar is ook gekyk in watter mate dié konstrukte bydra tot die mag van die dominante storie in haar lewe. Daar is in die gesprek (N8) gefokus op die oop-beskouing van God (soos bespreek in paragraaf 5.5). Inherent aan die oop-beskouing is die moontlikheid om te help met die herskrywing van gespreksgenote se stories. Saam met Nelia is daar gekyk of daar nie ander oop gevolgtrekkings van God gemaak kan word nie. Die gesprek oor Nelia se God-konstrukte was maar slegs 'n stap om uiteindelik haar hele dominante storie te herskryf!

Nelia se behoefte aan die 'ervaring van God se toegeneentheid teenoor haar', word deur die skrywer as 'n opening in haar verhaal gesien, vir die ontwikkeling van 'n alternatief op haar dominante storie. Dit is op hierdie stadium nog verduister deur probleem-konstrukte, maar die opvolgende vrae, na die gesprek oor haar God-konstrukte, is bedoel om hierdie opening as 'n unieke uitkoms te ontgin (NB8, NB9). Daar word aan Nelia vrae gevra wat bedoel is om weg te beweeg van die probleem en om 'n ander begrip van haar realiteit en God se realiteit te verkry. Die vrae is refleksief en fokus subtiel op die behoefte van die unieke uitkoms, 'As God vir jou sê, dat die rede vir jou siekte nie sy straf vir jou is nie, hoe sal jy oor jou siekte dink?', 'As dit is dat liefde toegeneentheid beteken en jy ontdek dat dit ook waar is van God, wat sê dit vir jou van God in hierdie situasie?' (NB8, NB9). Nelia se antwoorde (N9, N10) op dié vrae word in hierdie gesprek nie verder ondersoek nie. Die nuwe metafore wat hieruit kan ontwikkel word gelaat om in die volgende gesprek uitgebou te word. Nelia behoort eers te gaan nadink oor die rol van beperkende religieuse taal sodat sy die invloed daarvan goed kan begryp.

### 6.2.2 Die tweede gesprek:

Die Sondag tussen die eerste en die tweede gesprek is Nelia vir die eerste keer

in byna 'n jaar en 'n half in die erediens. Die skrywer besef dat iets in Nelia se dominante storie moes gebeur het om die verandering in Nelia te weeg te bring. Skrywer besoek haar op 5 Augustus 2003 vir 'n tweede gesprek. Nelia sit en wag in die sitkamer: "Dominee sal my nie weer in die bed kom besoek nie".

| | |
|---|---|
| NB1: | Nelia, ek was verbaas toe ek jou Sondag by die erediens sien. Dit was vir my werklik positief. Hoe het dit gebeur dat daar so groot verandering gekom het? |
| N1: | Dominee, 'n groot verandering hét plaasgevind. Na verlede week se besoek het ek besef ek moet my uitkyk verander. Ek het ook 'n boek by 'n vriendin gekry, 'JY KAN: 7 beginsels om 'n wenner te wees'. Ek het ook besluit ek gaan alleen in die motor klim en dokter toe ry. Ek was 'n bietjie dronk en onvas op my voete, maar ek het dit reggekry. Ek het al solank 'n behoefte daaraan om kerk toe te gaan en het besluit dit is nou die tyd om iets daaromtrent te doen!! |
| NB2: | Ek is baie bly oor die positiewe verandering. Wat sê hierdie dinge oor jouself? |
| N2: | Ek kan oorwin. |
| NB3: | Is daar dalk iets wat jou steeds pla wat dalk kan maak dat jy twyfel in jou oorwinning? |
| N3: | Al wat nog in my gedagtes ronddraai is die 'kolletjies op die brein'. Dit wys op die plate. Dit is glo tekens van kinderberoerte en dis waar die degenerasie van die brein plaasvind. En dan kry ek flitse uit my verpleegjare van mense met siniliteit. Dis nie 'n aangename gesig nie en ek vrees dat dieselfde my gaan oorkom – dat ek self op 'n punt gaan kom dat ek nie meer besef wat om my gebeur nie. Elke keer as ek so vergeetagtig raak of bietjie van balans af is, dan raak ek angstig. |
| NB4: | Nelia, dis reg as ek sê dat die kolletjies nog al die jare daar was? |
| N4: | Ja. |
| NB5: | Al die jare het jy daarmee geleef sonder dat jy daarvan bewus was. Hoe was dit toe jy nie geweet het nie? |
| N5: | Wel, ek het geen bekommernis gehad nie! |
| NB6: | Na al die jare, weet jy nou. Wat maak hierdie wete aan jou? |
| N6: | Bekommerd en bevrees. |
| NB7: | Wat maak die vrees aan jou? |
| N7: | Dit laat my onseker voel oor myself. Ek is so bang ek val dat ek soms nie kans sien om uit die huis te beweeg nie. |
| NB8: | Vrees laat jou onseker voel, ten spyte van die feit dat jy die afgelope week uitbeweeg en alleen gery het? |
| N8: | Ja. In die huis is ek nie so bang nie, maar ek is tog onseker en bang buite die huis. |
| NB9: | So, in die huis is die vrees nie daar nie - jy voel seker om rond te beweeg, maar buite die huis pak die vrees jou beet en laat dit jou onseker voel. Korrek? |

*Tweede gesprek vervolg:*

*(Vrae word gevra in 'n poging om die vrees te eksternaliseer en te objektiveer. Sy sukkel om die vrees te objektiveer, maar deur suggestie besluit sy dat die vrees vir haar soos 'n kwaai hond is. Die kwaai hond is in die erf rondom die huis. Dit maak haar versigtig om uit te beweeg, want dit is vir haar 'n bedreiging, maar in die huis is sy veilig.)*

NB10: Wat doen hierdie kwaai hond aan jou?

N9: Dit laat my nie toe om uit te beweeg nie, dit maak van my 'n kluisenaar.

NB11: Hoe laat dit jou voel dat die hond jou 'n kluisenaar maak?

N10: Dis vir my sleg, want ek wil soms uitbeweeg, maar is bang vir die hond.

NB12: Was daar dalk iewers 'n geleentheid die afgelope ruk toe dit vir jou wel moontlik was om verby die kwaai hond te glip en uit te beweeg? .

N11: Wel ja, die afgelope week het ek dit 'n paar keer reggekry!

NB13: Wat het jy beleef toe jy besef dat jy die kwaai hond ontglip het en hy jou nie kon verhinder om uit te beweeg nie?

N12: Ek het goed gevoel dat ek dit reggekry het! Ek het die invloed van die hond ontglip. Ek het vir hom gewys ek is baas.

NB14: Nelia, wat sê dit vir jou oor hoe jy die vrees en onsekerheid wat jou teister, kan hanteer?

N13: Ek moet nie dat dit my 'n kluisenaar maak en verhinder dat ek uitbeweeg nie. Ek moet dinge doen wat my selfvertroue weer bou. Ek moet meer motor bestuur en uitbeweeg en 'n kierie kry as dit nodig is!
Dominee, ek is al deur groot operasies en elke keer het die woorde van Jesaja 41:13 my gedra! Ek dink nou weer aan daardie woorde: "Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand, Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie, Ék help jou."

NB15: Watter verskil maak die woorde van Jes 41:13 vir jou in jou lewe?

N14: Dat ek saam met God hierdie situasie sal wen.

NB16: Wat sê dit vir jou van God?

N15: Hy is my Helper – Hy gee tog om! Hy is my Bondgenoot teen die hond!

NB17: En hoe voel jy hieroor?

N16: Dankbaar, verseker van God se hulp en ek kan met Hom daaroor praat!

*(Skrywer stel aan Nelia voor dat sy ook na die boek moet gaan kyk wat haar vriendin vir haar gegee het en dat daar by 'n volgende geleentheid oor die boek gepraat sal word.)*

### *6.2.2.1 Refleksie op die tweede gesprek:*

Sondagoggend in die kerk het die skrywer gedink: "Nelia het my voorgespring. Ek was van voorneme om met die volgende besoek te begin eksternaliseer ensovoorts, en kyk nou, hier het sy sommer vanself verander!".

By navraag oor wat die verandering gebring het, is dit duidelik dat Nelia deur die vorige gesprek oor haar religieuse konstrukte bemagtig is om besluite te neem (N1). Die dekonstruksie van hierdie religieuse konstrukte het die dominante storie sy greep op haar lewe laat verloor. Skielik het Nelia 'n ander perspektief. Sy sê: "...ek moet my uitkyk verander". Deur haar realiteit en God se realiteit vir haar oop te maak, is sy bemagtig om keuses te maak (vergelyk paragraaf 5.5 – Tabel 5). Die 'behoefte aan God' wat in die vorige gesprek as 'n opening raakgesien is, maar nie ontwikkel is nie, is deur Nelia self as 'n unieke uitkoms aangewend wat ontvou het in die landskap van aksie, deur die erediens by te woon. Dit het Nelia verder bemagtig om ander dinge ook te doen wat vir maande nie meer die geval was nie. Nelia het spontaan eienaarskap begin neem van haar lewe en behoeftes. Dit is opvallend dat die aanvanklike dun beskrywings van God stil-stil 'verdwyn' het. Toe die invloed en mag daarvan verstaan is, het dit hulle greep verloor.

Nelia het spontaan begin om haar lewe te herskryf. Sy is baie ingenome met haar 'oorwinnings' die afgelope week (N1, N2). Nelia het bewys dat probleme nooit 100% 'suksesvol' is nie. Haar 'oorwinnings' is unieke uitkomste en daarom word daaroor navraag gedoen om te bepaal wat die betekenis daarvan is. Vrae word gevra om te bepaal wat die kwaliteit van die oorwinnings in die landskap van aksie is byvoorbeeld: 'Is daar dalk iets wat jou steeds pla wat dalk kan maak dat jy twyfel in jou oorwinning?' (NB3). Die bedoeling is om die implikasie daarvan vir die landskap van identiteit te bepaal.

Die vrae ontbloot dat die dominante storie nog nie sy mag heeltemal verloor het nie. Daar is nog 'n werking, vrees, wat Nelia se poging om haar storie te herskryf kan kelder. Dit kom nou na vore dat die storie oor vrees (N6, N7, N8, N9) saam met die dun beskrywings van die religieuse diskoerse ontwikkel het (vergelyk paragraaf 5.5 – Tabel 4). Vrees word nou ontbloot omdat die religieuse konstrukte gedekonstrueer is en hulle greep verloor het.

Vrees word geëksternaliseer en geobjektiveer (NB9). Vrees word metafories die 'kwaai hond'. Deur dekonstruktiewe vraagstelling word die taktieke en invloed van die 'kwaai hond' blootgelê (NB10, NB11, N12).

Nelia besef egter dat sy die 'kwaai hond' reeds uitoorlê het. Die 'oorwinnings' waarna vroeër verwys is, word nou die openinge in die verhaal wat aangewend word om as unieke uitkomste aangewend te word in die herskrywing van haar storie (N11, N12).

Daar word gepoog om in die gesprek hierdie unieke uitkomste te ontwikkel in die landskap van identiteit, '...wat sê dit vir jou oor hoe jy die vrees en onsekerheid wat jou teister, kan hanteer?'(NB14). Hierdeur is probeer om 'n nuwe konteks te skep waarin Nelia bemagtig word om 'n alternatiewe storie tot stand te bring.

Dan bring Nelia spontaan nog 'n unieke uitkoms na vore in die gesprek (N13). Hierdie uitkoms is 'n religieuse konstruk, 'n God-konstruk, wat eie is aan 'n oop-beskouing van God. "God is sensitief teenoor my ervaringe!", (vergelyk paragraaf 5.5 – Tabel 5). Dit is 'n konstruk wat in teenoorgestelde sin aansluit by Nelia se aanvanklike probleem - haar onvermoë om haar storie met God se Storie te integreer. Wat was haar behoefte toe? Gerusstelling van God se kant af? En nou, wat word deur die unieke uitkoms metafories geartikuleer? "God is my Helper. God is my Bondgenoot" (N15), (vergelyk paragraaf 5.5 – Tabel 4). Ook hierdie unieke uitkoms word ontwikkel in die landskap van identiteit (NB17), in 'n poging om die betekenis daarvan vas te lê.

In afsluiting van die gesprek word Nelia uitgedaag om met hierdie nuwe gedagtes te eksperimenteer sodat sy vir haar 'n alternatiewe storie daaruit kan konstrueer. Nelia word ook aangemoedig om die boek wat sy by die vriendin ontvang het, te lees, want dit bevat ook verhale van soortgelyke ervaringe. Hieruit vind sy hopelik nog insigte wat kan bydra tot die ontwikkeling van nuwe vaardighede wat nodig is vir die konsolidering van haar alternatiewe storie.

### 6.2.3 Die derde gesprek:

Vir die tweede agtereenvolgende Sondag is Nelia by die erediens. Skrywer besoek haar weer op 11 Augustus 2003.

| | |
|---|---|
| N1: | Dit gaan regtig beter. Een dag is maar op, die ander af, maar dit gaan baie beter. Ek het by my dogter ook 'n boek met dagstukkies gekry. Vanoggend se dagstukkie se boodskap was dat ons 'Weemoed' soos 'n klippie moet weggooi, soos 'n klippie in die water. Al wat jy moet sien, is die rimpeling wat gaandeweg verdwyn. En ek het my voorgeneem om dit met my eie weemoed te doen as dit dalk op my toesak. Gooi dit weg! |
| NB1: | Hoe voel jy as jy jouself so hoor praat? |
| N2: | Ek voel, soos ek laas gesê het, dat ek kan oorwin. En ek beleef dat die Here my daarmee help. |
| NB2: | Nelia, ek is bly om dit te hoor. Is daar dalk ook iets uit die boek 'JY KAN', wat vir jou van waarde is? |
| N3: | Ja, die beeld van die wingerdstok in Johannes 15 – Christus is die wingerstok en ons is die lote. |
| NB3: | Nou vertel vir my, wat in die beeld van die wingerstok is vir jou van waarde? |
| N4: | Daar is heelwat: Jesus bevestig sy betrokkenheid by ons, sy ondersteuning. |
| NB4: | En wat sê Jesus beteken daardie betrokkenheid en ondersteuning in ons lewe. |
| N5: | Dit help ons om vrug te dra en te groei. En ja, God dra ook die sorg vir die instandhouding van die wingerdstok. God sorg dat die verbinding tussen die lote en die wingerdstok gesond is. |
| NB5: | Nelia, as die Here nou kon deel wees van hierdie gesprek, wat dink jy sal Hy vir jou spesifiek wil sê, oor dit wat jy so pas oor Johannes 15 gesê het? |
| N6: | Ek dink Hy sal vir my sê dat hierdie beeld ook op my van toepassing is! Hoekom sal die Here my uitsluit? Hy sal wil hê dat ek Hom moet sien as my Bondgenoot wat saam met my veg vir oorwinning omdat Hy vir my lief is en vir my omgee. Hy wil graag sien dat ek voluit leef, want ek is aan Hom verbind. |
| NB6: | En wat beteken dit vir jou lewe en jou siekte vorentoe? |
| N7: | Die siekte is iets waarmee ek moet saamleef, maar die gedagtes wat daarmee saamgaan kan ek nou anders hanteer, want ek besef dat God nie 'n aandeel daarin het nie, maar saam met my in die stryd tree om dit die hoof te bied! |

#### *6.2.3.1 Refleksie op die derde gesprek:*

Nelia is besig om die beginsels van haar alternatiewe storie in haar gedagtes in te messel (N1, N2). Sy besef egter dat die nuwe realiteit wat daardeur geskep word, ook oop is: 'Een dag is maar op, die ander af...' (N1). Sy is realisties - die siekte gaan nie sondermeer verdwyn nie, maar sy neem deel aan die

herskrywing van haar storie op 'n innoverende en verantwoordelike wyse. Sy vind selfs 'n metafoor (klippie in die water) om haar voornemens te artikuleer en daarmee konsolideer sy haar alternatiewe storie.

Nog 'n metafoor (wingerstok en lote) wat sy verkry uit die boek wat sy gelees het, is belangrik vir die konsolidering van haar alternatiewe storie (N3). Die Skrifgedeelte wat sy gebruik, help haar om God se Verhaal met haar storie te integreer – dit wat sy aanvanklik nie kon regkry in die dominante storie nie. Sy vind in die Skrifgedeelte 'n metaforiese taalkonstruk, 'God is my bondgenoot' (N6), wat sy al in die herskryf van haar storie, mee begin werk het. Daarom kan sy dié nuwe taal ook koppel aan haar ervaringe en kan dit legitimiteit verleen aan die nuwe betekenis wat sy aan haar alternatiewe storie gee. Hieruit sien sy vir haarself 'n oop toekoms waaraan sy met vrymoedigheid en verantwoordelikheid kan deelneem (N7). Sy put vir haarself daaruit hoop omdat sy nou die gerusstelling waarna sy aanvanklik gesmag het, gevind het binne 'n nuutgevonde verhouding met God.

### 6.2.4 Refleksie deur die gespreksgenoot:

| | |
|---|---|
| NB1: | Nelia, wat is vir jou die verskil tussen die eerste gesprek en vandag se gesprek? |
| N1: | Sjoe! Dominee het my twee weke gelede gesien as iemand wat baie moedeloos was met 'n verskriklike worsteling. En ek dink vandag is die teendeel waar. Ek het beheer oor my lewe verloor, maar hierdie gesprekke het my regtig gehelp om my lewe weer vir myself terug te neem. Ek kan sê dat die hond verjaag is!! |
| NB2: | En die manier wat jy oor God gedink het. Hoe het dit verander? |
| N2: | Wel Dominee, ek het kleigetrap oor God. Dominee het seker agtergekom dat ek God blameer, maar ek het nie die vrymoedigheid gehad om dit te sê nie. Ek besef nou dat ek verkeerd gedink het oor God en dat dit by my 'n ongegronde worsteling ontketen het. Die manier wat ek nou oor God dink, is vir my werklik bevrydend en dit help my om staande te bly as ek die simptome van my siekte beleef. |
| *Nelia vra of sy skrywer maar 'n vraag mag vra.* | |
| NB3: | Ja. |
| N3: | Het Dominee sielkunde studeer op universiteit? |
| NB4: | Hoekom wil jy weet? |
| N4: | Nee, net die tipe vrae wat Dominee vra. Ek moes so woes dink oor alles, oor hoe ek voel en dink! |

*Refleksie vervolg:*

| | |
|---|---|
| NB5: | Was dit vir jou sleg? |
| N5: | Nee, ek sê mos dit was vir my goed. |

Die refleksie (N1, N2) deur Nelia is 'n aanduiding dat Nelia deur die narratiewe beradingsproses in staat gestel is om op haar eie denke (en konstrukte) tė kan reflekteer en begryp wat die rol daarvan in haar lewe is.

Die vrae wat Nelia aan die einde aan die skrywer stel, is veelseggend (N3, N4). Dit verwoord haar positiewe belewenis van die berading. Om haar vraag te beantwoord, vertel skrywer Nelia meer oor die uitgangspunte van die narratiewe berading: die dominante storie, konstruktivistiese epistemologie, sosiale konstruksionisme, eksternalisering, objektivering, unieke uitkomste, herskrywing en die alternatiewe storie.
Nelia luister aandagtig. Sy verstaan en sy beleef dat dit vir haar 'gewerk' het. Die skrywer en Nelia groet. Sedertdien is sy nog elke Sondag in die kerk!

## 6.3 DIE STORIE VAN RIANA

Riana besoek die skrywer op 1 September 2003. Riana het drie seuns. Sy is jare gelede van hulle pa geskei en sy laat die kinders in pleegsorg by haar ouers grootword. Haar jongste seun, hy was 25 jaar oud, het onlangs selfmoord gepleeg. Hy het geen selfmoordbrief agtergelaat nie. Geen rede kan gevind word vir die selfmoord nie. Almal 'vermoed' daar was verhoudingsprobleme tussen hom en 'n vrou wat heelwat ouer as hy was. Dié vrou is egter stil en niemand het die vrymoedigheid om met haar te praat nie. Riana loop die afgelope ruk en soek na antwoorde.

### 6.3.1 Die eerste gesprek:

| | |
|---|---|
| R1: | Dominee, ek kom praat oor my 'twee leemtes'. Die een leemte is Willie se dood. Maar sy dood het 'n ander 'leemte' na vore laat kom waarop ek altyd 'n 'deksel' gesit het. Hierdie leemte is dat daar 'n vierde kind was wat na Willie gebore is. Niemand weet van hierdie kind nie - slegs my ouers, susters en my eksman. Die bevalling met Willie was baie moeilik en hy was 'n veeleisende en |

*Eerste gesprek vervolg:*

siek kind. Ek het besluit om my te laat steriliseer. Na die sterilisasie het ek net al groter geword. Die dokter het gesê dit is normaal. Maar ek het net bly groter word. Een dag het ek vreeslike pyne gehad en besef daar is groot fout. Ek het vir my eksman gesê, daar's fout en dat ek by die hospitaal moet uitkom. Hy wou eers gaan braai by 'n vriend. Intussen het die pyne net al hoe erger geword en is ek op die ou einde self, met al my pyne, hospitaal toe. Daar kom hulle toe agter dat ek 5 ½ maande swanger is. Maar die kind het 'n uur voor geboorte gesterf. Hy was volmaak – die ewebeeld van Willie. Die kind is vir lank daar by my gelos en daarna weggeneem. Ek weet nie wat hulle met hom gemaak het nie. My suster wat 'n verpleegster is, het destyds vir my gesê dat hy moontlik verbrand is. Dit is vir my verskriklik. Al die jare het ek stilgebly, dit onder 'n 'deksel' toegehou. Ek het my gedagtes afgelei en nie daaroor gepraat nie. Maar nou met Willie se dood besef ek net weer dat ek nie een kind verloor het nie, maar twee! Alles raak net te veel, ek kan nie slaap nie. My gedagtes maak my gek. Dominee, ek is waarlik in 'n put en ek kan nie daaruit kom nie.

NB1: Riana, vertel my 'n bietjie meer oor die leemte wat Willie gelaat het.

R2: Dit was vir my baie erg aanvanklik, maar soos die dae aanstap kry ek berusting. Ek weet dat hy veilig 'anderkant' aangekom het. Hy is by die Here. Hy is by my suster en by my oupa en ouma. En ek het baie herinneringe aan hom wat my aan die gang hou.

NB2: As ek reg na jou luister Riana, dan klink dit of Willie se dood daartoe aanleiding gegee het dat jy weer beleef wat destyds rondom die ander kind gebeur het. Is dit reg?

R3: Dis reg. Ek beleef nou alles dubbel.

NB3: En nou wil die pot oorkook. Die deksel werk nie meer nie!

R4: Ja. In 'n sin is Willie se dood vir my makliker om te aanvaar want ek het mooi herinneringe aan hom en ek kon hom begrawe en totsiens sê. Maar ek het soveel onbeantwoorde vrae oor die ander kind. Waar is hy? Hy het nie 'n naam gehad nie. Ek verwyt myself dat ek te laat was. Hoe kon ek so dom gewees het om nie die tekens te lees nie en selfs toe ek die vreeslike pyne gehad het, wou die kind vir my sê dat ek moet help en ek het nie gehoor nie!!

NB4: Kom ons praat 'n bietjie oor die naam. Waarom maak 'n naam vir jou saak?

R5: God sê tog: "Ek het jou by die naam geroep, jy is Myne".

NB5: So, jy voel dat 'n naam vir die kind belangrik is anders bestaan die moontlikheid dat God nie van hom kennis neem nie?

R6: Dis reg, hy is sommer so weggegooi, hoe weet God van hom?

NB6: Riana, kom ons lees Psalm 139 en Esegiël 16. Dit is twee wonderlike beelde wat vir ons iets vertel van hoe God oor ongebore kinders dink en wat sy gevoel teenoor verworpenes is.

*(Die gedeeltes word gelees en verduidelik. In Psalm 139 kom dit uit dat God 'n*

*Eerste gesprek vervolg:*

***besondere band het met ongebore kinders, terwyl ander onbewus is van hulle bestaan. Net so beeld Esegiël 16 God uit as Iemand wat hom ontferm oor 'n kind waaraan niemand na geboorte aandag verleen nie.)***

R7: Ek besef dat 'n naam nie nodig is om hom vir God aanvaarbaar te maak nie. Maar Dominee, as ek bid, dan bid ek vir almal. Ek dra hulle by die naam aan God op en as ek by dié kind kom, dan kan ek hom nie aan die Here opdra nie!

NB7: So Riana, dit klink vir my 'n naam is vir jóú belangrik want daardeur kry die kind 'n eie identiteit.

R8: Ja, ek besef dis wat vir mý belangrik is!

NB8: Maar dan wil ek suggereer dat jy dalk vir die kind 'n naam gee. Wat sou die kind se name gewees het as hy sou leef?

R9: Johannes Petrus Malan. Ek sou hom Johan noem.

NB9: Is dit vir jou aanvaarbaar? Kan jy aan hom dink as Johan? Kan jy Johan aan die Here opdra?

R10: Nee, want hy is weggeruk en ek weet nie of 'n familienaam gepas is nie.

NB10: Is daar dan dalk 'n ander naam waarmee jy na hom kan verwys?

R11: Ek dink ek moet hom Kleinman noem. Ja, dis vir my beter.

NB11: Riana, kom ons kyk 'n bietjie na Kleinman se dood. Hoe voel jy oor daardie leemte wat sy dood in jou lewe gelaat het?

R12: Ek kon nog nooit iets omtrent daardie leemte doen nie. Ek het dit maar net onder 'n deksel versteek, want ek verstaan nie hoekom dit gebeur het nie. Die dokters het nie met my gepraat nie. Ek weet nie wat die oorsaak was van sy dood nie. Sou hulle iets kon doen om sy lewe te red as ek betyds by die hospitaal was? Hoekom het ek nie die tekens reg gelees nie? Wie weet, dalk het hy 'n gebrek gehad en het hy natuurlik geaborteer. Ek weet nie – hy het dan so normaal gelyk. Dalk het die Here geweet van iets wat voorlê, vir my of vir Kleinman en dat Hy geweet het ek sou dit dalk nie kon hanteer nie. Toe het die Here hom maar geneem om my die trauma te spaar. Daar moes 'n doel daarmee gewees het. Niks gebeur sonder rede nie – kyk vir Job!

NB12: Riana, uit dit wat ek hoor, sien ek dat jy probeer verstaan, soos Job. Jy probeer verstaan wat gebeur het en antwoorde bly jou ontglip. Vir Job duur dit 42 hoofstukke lank en dan kry hy nog steeds nie 'n antwoord nie. Vir jou duur dit al meer as 20 jaar lank. As jy net geweet het, dan sou jy kon vrede maak, nè? As jy sou uitvind dat die rede vir Kleinman se dood was dat jy te laat by die hospitaal opgedaag het, hoe sal dit jou laat voel?

R13: Skuldig, want dan het ek sy dood veroorsaak! Ek het getalm toe hy my probeer waarsku het.

NB13: As jy sou uitvind dat jy skuld aan Kleinman se dood het, wat gaan jy vir Kleinman sê?

R14: Dat ek jammer is. Jammer dat ek hom versaak het, jammer dat ek hom

*Eerste gesprek vervolg:*

teleurgestel het en nie na sy waarskuwings geluister het nie.

NB14: As die rede vir sy dood was dat hy 'n gebrek gehad het en natuurlik geaborteer is, hoe sal jy dan voel?

R15: Dit sal vir my makliker wees om dit dan te aanvaar, maar nog steeds voel ek half skuldig teenoor Kleinman.

NB15: Wat sal die rede wees dat jy dan nog steeds sal skuldig voel teenoor hom?

R16: Want dit is my liggaam wat hom verwerp het.

NB16: So, ten spyte van die feit dat sy dood 'n natuurlike oorsaak kon gehad het, voel jy skuldig oor jóú liggaam hom verwerp het?

R17: Ek voel, ja.

NB17: In hierdie geval, wat wil jy vir Kleinman sê?

R18: Ek wil weer vir hom sê dat ek jammer is. En ek is vir hom jammer oor dit wat met hom gebeur het. Ek wil hê hy moet weet dis nie wat ek hom sou toewens nie.

NB18: As die rede was dat God jou en Kleinman iets wou spaar omdat Hy iets geweet het wat jy nie weet nie, hoe sal jy voel?

R19: Wel, ek sal bly wees om dan ten minste te weet wat die oorsaak van sy dood is. Maar ek sal graag wou weet wat die rede is. God sou dit nie sonder rede laat plaasvind nie. Dalk sou ek getoets moes word soos Job en dalk sou ek nie die toets slaag nie.

NB19: Hoe voel jy oor dit wat jy so pas gesê het?

R20: Ek verwyt myself dat ek nie die doel kan sien nie! Ek voel skuldig, want dit het dalk alles iets met my te doen. Dalk het God my gestraf oor die 'moordgedagtes' wat ek teenoor die kinders se pa gekoester het.

NB20: Riana, as dit die rede is, wat wil jy vir Kleinman sê?

R21: Dat ek jammer is dat God by voorbaat iets met hom moes laat gebeur omdat ek nie die toets sou slaag nie?

NB21: Riana, ek dink jy hoor in jou eie woorde dat jy iets sê! Ongeag van hierdie redes wat ons aangevoer het wat moontlik tot Kleinman se dood kon bydra, wie dra op die ou einde die skuld?

R22: Ek?

NB22: Jy sê: "Ongeag van die antwoord – Riana is skuldig!!".

*(Riana peins oor dié gedagte – daar is 'n lang stilte en dan begin sy weer praat oor Willie se dood.)*

R23: Met Willie se dood was daar ook tekens. 'n Week voor sy selfmoord het ek 'n SMS ontvang. Hy het gesê daar wag die 8ste Augustus 'n verrassing vir my. Hy wou nie sê nie, maar hy was opgewonde. Hy is die 8ste Augustus begrawe!
Hoe moes ek weet, wat hy bedoel het? Dis vir my net soos Kleinman. Ek het nie die tekens gelees nie! En weer 'n keer was ek te laat. *(Riana is baie emosioneel.)*

*Eerste gesprek vervolg:*

NB23: Hoe laat dit jou voel?

R24: Ja, ek hoor. Ek voel alweer skuldig, maar ek kan nie help nie!
Van kleinsaf was hy die enetjie aan wie ek die meeste aandag moes gee omdat hy so sieklik was. Willie was dié een van die drie kinders wat my altyd verantwoordelik gehou het vir die egskeiding. Hy het ervaar dat ek hulle pa verstoot het en hulle ook, toe ek hulle in pleegsorg by my ouers geplaas het. Willie was die kind vir wie se aandag ek die hardste geveg het. Hy het eers in 1995 weer met my begin praat. Hierdie keer moes ek weer vir sy lewe baklei, maar ek het nie geweet ek moes nie – ek het hom ook in die steek gelaat.

NB24: As ek so na jou luister dan sien ek dat Willie se dood op die ou einde 'n klomp skuldgevoelens kom oopvlek het. Die deksel waarmee jy alles wil toehou, is nie meer voldoende nie. Wat is besig om uit die pot te kook?

R25: SKULD?

NB25: Wat maak hierdie Skuld aan jou?

R26: Dit maak my seer. En hierdie seer maak my te bang om dinge in die oë te kyk, want al wat ek beleef is seerkry!

NB26: Is ek reg as ek sê, Skuld knou jou af?

R27: Dit boelie my, dit maak my lewe chaos. Ek kan nie die nut verstaan nie, ek kan ook nie mý nut verstaan nie. Ek voel nutteloos. Dit lyk my ek is net goed genoeg om skuld te dra! Dit het my geroof van lewenslus, my medemenslikheid, my selfvertroue en selfbeeld.

NB27: Dit klink my Skuld voel vere vir Riana, maar dit kry iets met Riana reg!

R28: Ek besef skuld gebruik my as sy handlanger. Dit misbruik my en ek het dit nooit besef nie. Dit laat my dink ek móét oor iets skuldig voel, al weet ek self nie waaroor moet ek skuldig voel nie.
Dit laat my skuldig voel teenoor God en dat God my ook blameer vir 'n klomp goed en ek besef dat dit my geestelike lewe ten slegte beïnvloed.
En ek besef nou dit laat my ook skuldig voel teenoor die kinders.

NB28: Wat wil Skuld hê moet jy nie beleef nie?

R29: Om te vergewe en om vergewe te kan word. Om blydskap te beleef. Om goed te voel oor myself.

NB29: Op watter wyse dink jy kan jy Skuld se invloed in jou lewe teëwerk?

R30: Terwyl ek hier sit, besef ek, ek moet vier goed doen:

1. Ek moet met Willie die saak gaan uitklaar.
2. Ek moet met Kleinman gaan praat oor wat gebeur het.
3. Ek moet met die ander kinders oor Kleinman, Willie en die pleegsorg gaan praat.
4. Ek het sake om met God te gaan uitklaar.

*Eerste gesprek vervolg:*

| |
|---|
| *(Ek doen navraag by Riana oor hoe sy hierdie sake gaan hanteer; moontlik 'n 'gebed' wat as middel sal dien om haar gesprek met God te fasiliteer, moontlik 'n foto van Willie as baba wat sal dien om Kleinman te visualiseer en met hom te kan praat, moontlik kan sy 'n brief skryf aan die ander kinders. Dit was bedoel om vas te stel of daar enige moontlikhede van simboliese handelinge kan wees om haar te help om hierdie voornemens te artikuleer. Riana sê egter dat sy die sake op haar eie tyd in haar eie privaatheid wil uitsorteer.)* |

*6.3.1.1 Refleksie op die eerste gesprek:*

Riana het aanvanklik gesê: "Ek weet nie of Dominee hond haaraf gaan maak met my nie." Dit was byna die skrywer se ervaring. Riana stel 'n 'dominante storie' aan die orde wat aanvanklik klink of dit vervleg is met religieuse vrae, 'n soeke na God in 'n tyd waarin haar psigiese pyn ondraaglik geword het (R2-R6). Sy bied religieuse vrae aan as die kwessie, '...hoe weet God van hom?'. 'n Paar dekonstruerende vrae word gevra om haar religieuse kwessies te probeer verstaan (NB2-NB6). So stel die skrywer die betekenis wat sy daaraan heg vas en word daar deur Skrifbenutting gepoog om haar bewus te maak van 'n alternatiewe verstaan van die kwessie. 'n Metaforiese verstaan van God as 'n Ontfermer wat betrokke is by mense, skep nuwe religieuse konstrukte wat sal bydra tot alternatiewe betekenisse wat sy aan die religieuse kwessies kan gee – of immers so is deur die skrywer gemeen. Deur nog 'n paar speurvrae en refleksiewe vrae te vra, word daar verder gebou aan die identiteit van die doodgebore kind. So 'verdwyn' die aanvanklike probleem wat rondom die religieuse kwessie ontstaan het (NB7-NB10).

Dit blyk dat die religieuse kwessies egter nie die werklike kwessie is nie. Dit is nie die eintlike dominante storie nie. Hierdie geheime storie en die religieuse konstrukte wat daarmee saamgaan, is slegs bydraend tot 'n ander dominante storie. Dit is dan hierdie dominante storie waaraan die aanvanklike religieuse kwessie van die doodgebore kind geïnterpreteer is (R12-R22).

Wat uiteindelik, deur verdere vraagstelling aan Riana, as die dominante storie aan die lig kom, is haar skuldgevoelens – die pot wat daarmee oorkook (R23-R25). Dié dominante storie het dun beskrywings tot gevolg – dun beskrywings oor haarself wat lei tot 'n swak selfbeeld. Hierdie dun beskrywings ontmagtig Riana om haar skuldgevoelens te verwerk. Haar internaliserende spreke oor haarself maak dat die dominante storie oor skuld in stand gehou word. En dan verstaan die skrywer dat dit haar verhoudinge affekteer; haar verhoudinge met die twee oorlede kinders, haar twee lewende kinders en met God. Sy beleef (teenoor God) sy is die sondebok en dit laat haar nietig voel. Skuldgevoelens vind in hierdie minderwaardigheid 'n teelaarde en dit word in haar verhouding met die kinders gereflekteer. Dit het tot gevolg dat sy nie by magte is om die kompleksiteit van haar seer en verlies te kan verwerk nie.

Sonder om metafories na die skuld te verwys, word dit deur eksternaliserende en objektiverende vraagstelling ondersoek (NB25-NB28). Die invloed en taktiek van Skuld word blootgelê, in 'n poging dat Riana sal verstaan watter plan Skuld met haar het. Riana besef wat die rol van Skuld in haar lewe is en begin spontaan om 'n teenaanval te beplan. Dit was vir die skrywer opvallend dat sy so vinnig bemagtig is om tot dié aksie oor te gaan, maar dit is positief aangesien hierin iets van haar aanvaarding van verantwoordelikheid wat nodig is vir die skep van 'n alternatiewe storie, lê (R30).

Die suggesties oor moontlike simboliese handelinge om Riana 'oor die drumpel' te help en om haar voornemens te artikuleer, is vir haar nie toepaslik nie. Dit word daar gelaat, want die skrywer besef dat Riana nie met dié suggesties identifiseer nie. Riana word toegelaat om die voornemens op haar eie tyd en plek tot uitvoering te bring.

### 6.3.2 Die tweede gesprek:

Riana besoek die skrywer weer op die 5de September 2003.

| | |
|---|---|
| NB1: | En toe Riana, vertel my hoe lyk die pot en die deksel? |
| R1: | Die pot is hierdie week goed geroer. Maar dit het tot bedaring gekom. Daar is nog net so bietjie om uit te skep, dan kan die pot gewas word. |

*Tweede gesprek vervolg:*

| | |
|---|---|
| | Ek en die Here het 'n paar sakies uitgesorteer. Ek het ook sy vergifnis aanvaar en ek weet ek hoef nie meer skuldig te voel oor alles nie. Ek het besluit ek moet meer betrokke raak by die gemeente om ook vir Hom van nut te wees.<br>Ek het Willie hierdie week goed die leviete voorgelees. Ek het met hom geraas oor wat hy aangevang het. Maar ek het hom ook verseker van my liefde vir hom en vir hom laat weet dat ek gereeld met hom gaan praat.<br>Ek het ook met Kleinman gepraat. Ek voel die ding tussen ons is ook uitgesorteer en ek weet hy is saam met Willie in goeie hande. Ek is tevrede. |
| NB2: | So, jy het besluit om gereeld 'hallo' te sê. |
| R2: | Ja, ek het vir hulle gesê ek gaan gereeld van my laat hoor!<br>Ma het vir my twee boeke gegee. Die een is 'Die lewe na die dood' en dit het my nogal gehelp om 'n paar vrae te beantwoord. Die ander is 'n boek met dagstukke. Ek het onmiddellik oopgeslaan by die 5de Augustus, die dag toe Willie selfmoord gepleeg het. Dit het gehandel oor die dood. Toe blaai ek na die 8ste Augustus, die dag toe Willie begrawe is. Dit het gehandel oor die opstanding.<br>En toe dink ek weer wat Theuns (tweede broer) gesê het die dag toe Willie selfmoord gepleeg het. Theuns het op sy broer afgekom en na die hele petalje het hy ook met die Here geworstel en het hy duidelik die oortuiging gekry om Jeremia 45 te lees. Ek het dit oor en oor gelees, maar weet nie wat om daarvan te maak nie.<br>*(Skrywer lees saam met Riana Jeremia 45. Dit handel oor 'n woord van die Here aan Baruk, die sekretaris van die profeet Jeremia. Jeremia en Baruk se lewe is bedreig deur koning Jojakim, omdat dié boos was oor die profesieë van Jeremia teen hom. Baruk het net sy werk gedoen, hy was maar net die sekretaris van Jeremia, en nou word sy lewe bedreig. Die Here praat met Baruk en sê vir hom dat Hy Baruk se klagtes hoor, dat Hy sy lyding en vrees sien. Die Here bevestig aan Baruk dat Hy die bose koning en sy handlangers gaan straf (die volk Juda word in ballingskap weggevoer), maar Baruk sal SY LEWE BEHOU. Die Here sal toesien dat dit gebeur!)* |
| NB3: | Beteken hierdie verklaring van Jeremia 45 vir jou iets? |
| R3: | Ja. Ek dink dit gee my 'n stuk vrede. Daar was definitief iets wat Willie se lewe bedreig het, maar ek weet die Here sal toesien dat Willie SY LEWE BEHOU. Daar is soveel doemprofete wat praat oor die sonde van selfmoord. Maar hoe weet ons? Hierdie woorde gee my vrede! |
| NB4: | En die res van die pot. Die ander twee seuns, kon jy met hulle praat? |
| R4: | Dit is vir my nog so bietjie van 'n tameletjie. Ek weet nog nie mooi hoe ek dit gaan doen nie. Ek wil nie telefonies met hulle praat nie en 'n brief skryf is uit. Ek kan nie hierdie saak so hanteer nie. Ek wil hulle van aangesig tot aangesig sien. Oor 'n paar Sondae doop Werner-hulle (die oudste). Ek dink dis die |

*Tweede gesprek vervolg:*

| | |
|---|---|
| | geleentheid wat ek met die ander twee gaan praat. Maar ek twyfel of ek dit gaan regkry. Ek het so lank stilgebly. Daar was 'n geheim wat so lank geslote was. Dit gaan vir hulle 'n skok wees. Maar ek moet daaroor praat en oor die pleegsorg ook. |
| NB5: | Riana, was daar ooit 'n geleentheid in jou lewe wat jy te staan gekom voor iets wat jy gemeen het jy nie opgewasse voor was nie, maar toe tog wel iets kon vermag? |
| R5: | Ja, ek is vroeg uit die skool. Ek het nie my matriek voltooi nie. Al die ander susters het. Ek het in 'n mate minderwaardig gevoel en het nodig gehad om vir myself te bewys dat ek dit ook kan doen. Terwyl ek getroud was met die seuns se pa, het ek later matriek onder moeilike omstandighede geslaag. Ek het daarna voortgegaan met rekenaarkursusse wat vir my 'n intellektuele uitdaging was (omdat ek gedink het ek was dom), maar ek het al die kursusse suksesvol voltooi. |
| NB6: | Wat sê dit vir jou oor jouself? |
| R6: | Ek kan. As daar 'n wil is, is daar 'n weg! |
| NB7: | Wat sê dit vir jou oor hierdie uitdaging met die twee seuns waarvoor jy ook te staan kom? |
| R7: | Waar daar 'n wil is, is daar 'n weg. Dominee weet, ek besef nou dat ek ook met die twee meisiekinders moet praat - Werner se vrou en Theuns se aanstaande. Hulle het albei in kinderhuise grootgeword. Hulle ouers leef almal, maar daar bestaan nie goeie verhoudinge nie. Ek besef dat hierdie gesprek met my twee seuns oor hulle pleegsorg ook dalk begrip by die meisiekinders kan bring oor hulle eie situasie. As hulle iets van my verhaal hoor, sal hulle dalk ook hulle ouers se optrede verstaan. Wie weet, dis dalk net hier wat ek van nut kan wees? |
| NB8: | Wie weet? Dalk net is jóú woorde vir hulle van betekenis. Ek is baie bly oor jou voorneme om met hulle te praat Riana en ek hoop dat die geleentheid waarvan jy praat, sal realiseer. Ek wil jou aanmoedig om toe te sien dat dit gebeur, want jy besef tog nou dat dit vir jou eie gemoedsrus nodig is. |

### *6.3.2.1 Refleksie op die tweede gesprek:*

Riana het drie van haar voornemens deurgevoer. Sy is aktief besig om haar storie te herskryf (R1, R2). Sy het met God gepraat. In hierdie gesprek het duidelik iets gebeur, want Riana sê die volgende: "Ek het ook sy vergifnis aanvaar en ek weet ek hoef nie meer skuldig te voel oor alles nie. Ek het besluit ek moet meer betrokke raak by die gemeente om ook vir Hom van nut te wees". Sonder dat Riana in hierdie gesprekke pertinent gewys is op dun beskrywings van God het die narratiewe proses daartoe bygedra dat haar beskouing van God

spontaan verander het. Haar religieuse konstrukte wat aan die hand van die dominante storie van skuld geïnterpreteer is, het spontaan verander toe die dominante storie se dun beskrywings aangespreek is. Haar verstaan van God is skielik oop. Sy beleef dat alles nie meer geheel en al verlore is nie (R2, R3). Sy kon vrykom van haar persoonlike gevoelens van skuld wat sy teenoor God ervaar. Sy kan haar selfs nou oriënteer ten opsigte van 'n nuwe lewe van toewyding aan God, waar sy nie meer nietig voel teenoor God nie, maar juis van nut wil wees. (Riana help reeds met die dataprojektor in die eredienste en het ingeskakel by die damesbybelstudie.)
Hierdie belewenis van vryheid van skuld het dit vir haar ook moontlik gemaak om met die twee oorlede kinders sake uit te sorteer. Ook wat met hulle gebeur het, is nie meer vir haar geheel en al verlore of betekenisloos nie. Die gedagte van Jeremia 45 bevestig dit vir haar. In hierdie opsig dra die religieuse konstruk by om haar alternatiewe belewenisse wat nodig is vir haar alternatiewe storie, te artikuleer.

Die deurvoering van Riana se laaste voorneme is vir haar nog 'n probleem (R4). Dit is dalk die 'toets' van die dominante storie waarvoor sy te staan kom. Hoe gaan sy dit slaag? Vraagstelling wat bedoel is om unieke uitkomste te identifiseer, word aan Riana gestel. Daar is 'n opening in die dominante storie en dit word ontgin (NB5, R5). Dit bring Riana se vaardighede en kwaliteite wat vir lank deur die dominante storie verskans is, na vore – 'Sy kan as sy wil, want sy kon al toe sou wou'! Die unieke uitkoms word in die landskap van identiteit uitgebou. Dit is duidelik dat Riana begrip ontwikkel van die betekenis van die unieke uitkoms, want sy eksperimenteer daarmee in die landskap van aksie: 'Ek besef dat hierdie gesprek met my twee seuns oor hulle pleegsorg ook dalk begrip by die meisiekinders kan bring oor hulle eie situasie. As hulle iets van my verhaal hoor, sal hulle dalk ook hulle ouers se optrede verstaan. Wie weet, dis dalk net hier wat ek van nut kan wees?' (R7).
Hierdie unieke uitkoms bemagtig Riana om verder aan haar alternatiewe storie te skryf.

### 6.3.3 Refleksie deur die gespreksgenoot:

| | |
|---|---|
| NB1: | Riana, in die begin het jy vir my gesê dat jy oor jou twee leemtes kom praat. Hoe lyk daardie leemtes nou? |
| R1: | Ek het aanvanklik beleef dat ek net verloor. Die leemtes het my daaraan herinner. Dit het by my 'n spanning veroorsaak omdat ek nie geweet het hoe om hierdie verlies te verwerk nie. In die proses het ek myself blameer. Maar hierdie gesprekke het my gehelp om myself van hierdie blaam 'los te maak' - as dit die regte woord is. Ek weet dit klink dalk snaaks om te sê ek praat met die oorlede kinders, maar hierdie praat maak dat ek nie die verlies aan hulle so erg beleef nie. En ja, die feit dat ek oor die leemte rondom Kleinman kan praat en gaan praat, het my gehelp. Ek is geneig om alles op te krop en nie daaroor te praat nie, maar dit het gehelp om met Dominee daaroor te praat. |
| NB2: | Riana, waar staan jy nou ten opsigte van die put waarvan jy gepraat het in die vorige gesprek? |
| R2: | Ek is stadig maar besig om uit te klim. My kop steek al bo die water uit. Met die vorige gesprek was ek weg onder die water. Dominee het vir my 'n paar toue afgegooi. Ek weet dit gaan nie maklik wees om uit te klim nie. Soms sal dit vir my voel dat ek die greep op die toue gaan verloor as my hande seer word. Maar ek weet ek het begin en ek moet die uitklimproses voortsit. Ek weet die gesprek met die kinders gaan 'n pynlike ervaring wees en dit sal dalk die geleentheid wees wat my hande gaan seer word, maar ek weet ek moet die greep behou as ek bo wil uitkom. |
| NB3: | Voel jy dat die gesprekke vir jou die moeite werd was? |
| R3: | O ja! Ek het mos gesê ek weet nie of Dominee my kan uitsorteer nie, maar ek sien vir myself lig. En daarom voel ek, wil ek Dominee bedank dat Dominee bereid was om my storie aan te hoor. |

In die refleksie deur Riana op haar belewenis van die berading is dit duidelik dat dit vir haar van betekenis was (R1, R2). Riana het die geleentheid gekry om deur berading weer verantwoordelikheid te aanvaar vir haar lewe, sonder dat sy die rol van skuldige hoef in te neem. Riana, 'sien vir haarself lig' (R3) en dit is duidelik dat sy deur hierdie narratiewe gesprekke 'n alternatiewe storie kon konstrueer wat haar help om op 'n betekenisvolle wyse in 'n nuwe rigting te beweeg.

## 6.4 DIE STORIE VAN SYBRANDT EN TINA

Die skrywer voer op 2 September 2003 die eerste gesprek met Tina alleen. Tina noem dat sy wil praat oor die wêreld wat so deurmekaar is. As sy na haar en Sybrandt se kinders kyk en sien hoe hulle lewe ontspoor, dan het sy 'n klomp vrae wat haar teister. Die eerste gesprek word nie in die vorm van 'n verbatim weergegee nie, maar is 'n opsomming van die strekking van die gesprek. Die rede hiervoor is dat tydens die gesprek dit geblyk het dat dit in werklikheid 'n 'inleiding' was tot die gesprek wat daarop volg.

### 6.4.1 Die eerste gesprek:

Sybrandt en Tina se enigste seun is onlangs geskei. Hulle tweede oudste dogter Mariaan, is van haar man vervreem. Sy en die twee kinders bly nou op hulle eie. Tina vertel dat sy aanvanklik vies was vir die seun en Mariaan. Sy is ook bekommerd oor die kleinkinders wat nou in onstabiele omstandighede moet grootword. Dit voel vir Tina asof die basis wat hulle as ouers vir die kinders geskep het, doodeenvoudig uitgeval het.
Dit is oor Mariaan wat sy meer bekommerd is. Mariaan sê skynbaar dat dit baie goed gaan, maar Tina kan sien dat sy baie rusteloos is. Om met haar te praat help nie veel nie, want Mariaan praat nie maklik nie. Mariaan blameer haar hele lewe lank altyd ander vir haar probleme en foute. As kind het Mariaan, wat die tweede van vier kinders was, altyd haar ouers, veral haar ma, geblameer vir haar emosionele probleme. Volgens Tina ly Mariaan aan die tipiese 'middelkind-sindroom'. Ousus was 'n stoute kind en Ma en Pa was altyd hiperpartydig vir haar omdat hulle altyd iewers 'n vuur moes doodslaan. Toe kom Mariaan, daarna die boetie wat pa se goue seun was en daarna die kleinsus oor wie almal altyd 'n ophef gemaak het omdat sy so oulik was. Mariaan het later en nou onlangs weer sielkundige hulp gaan soek. Tina weet nie of dit enigsins gehelp het nie. Nou met die huweliksverbrokkeling het haar man natuurlik al die skuld gekry. Tina het lank geworstel oor hierdie kind. Het sy as ouer nie dalk tog vir Mariaan afgeskeep nie? Tina was nooit gek oor ouma Mariaan, haar skoonma, nie. Dalk het sy onbewustelik haar antagonisme teenoor Ouma op die kind geprojekteer.
Tina het so twee maande gelede vir Mariaan verskoning en vergifnis gevra vir indien sy onbewustelik sou bydra tot Mariaan se emosionele kwessies. Sy het ook vir die Here vergifnis gevra. Sy het vir Mariaan gesê dat hulle die pad vorentoe anders moet loop en moet probeer om die verlede agter te laat.
Op die vraag hoe dit nou met Tina en Mariaan se verhouding gaan, is daar 'n bietjie huiwering. En dan begin Tina praat oor die geheime worsteling waarmee sy en Sybrandt te doen het. Mariaan is skynbaar in 'n homoseksuele verhouding. Tina wou al met 'n vriendin hieroor praat, maar sy is so dankbaar sy het nie, want sy weet nie of dit net daar

*Eerste gesprek vervolg:*

sou bly nie. Tina het ook met 'n sielkundige gaan praat, maar dit het nie veel gehelp nie. Sy wou ook nie met die skrywer, haar predikant, daaroor praat nie, maar besef tog dat dit nodig is. Sy het met Mariaan daaroor probeer praat. Esegiël 3:18-21 het dit vir Tina duidelik gemaak dat sy ernstig met Mariaan oor dié saak moet praat aangesien dit volgens haar en Sybrandt sonde is: "*Wanneer Ek vir 'n goddelose sê hy gaan sterwe, en jy waarsku hom nie, jy praat nie en jy waarsku nie die goddelose teen sy bose optrede om hom so in die lewe te hou nie, dan sal hy deur sy sonde sterwe, maar Ek sal van jou rekenskap eis vir sy dood*". Dit was op haar as ouer om haar kind te waarsku! Mariaan het dit blykbaar nie te goed hanteer nie.

Aangesien dit alreeds 'n lang gesprek was, het die skrywer voorgestel dat die saak in 'n tweede gesprek met albei die ouers waar Sybrandt ook teenwoordig is, bespreek word. Die aangeleentheid raak immers albei ouers en die gesin. Tina stem daartoe in en noem dat Mariaan se broer en susters dit skynbaar nie so erg soos die ouers ervaar nie.

*6.4.1.1 Refleksie op die eerste gesprek:*

Die gesprek is volgens die skrywer (soos reeds genoem) een lang 'inleiding' tot die storie wat op hierdie stadium dominant is in die lewe van Sybrandt en Tina - die dominante storie rondom hulle dogter se homoseksualiteit.

Hoewel daar in die gesprek nog nie sprake was van 'n proses van narratiewe berading nie, kom daar in die eerste gesprek vir skrywer twee sake na vore. Die eerste is Sybrandt en Tina se religieuse konstrukte in verband met homoseksualiteit en die rol daarvan in die dominante storie. Die tweede is hoe dié saak die gesin, maar veral die ouers se betekenis van hulle eer as ouers beïnvloed.

### 6.4.2 Die tweede gesprek:

Die skrywer ontmoet Sybrandt en Tina gesamentlik op 4 September 2003.

NB1: Sybrandt, Tina het die saak rondom Mariaan aangeroer. Ek weet dit is vir julle as ouers 'n sensitiewe saak en daarom is ek dankbaar dat julle tog bereid is om daaroor te praat. Tina het my ook al bietjie ingelig oor hoe sy die saak met Mariaan opgeneem het. Maar, hoe voel jy as pa oor die saak?

S1: Dit is vir my totaal onaanvaarbaar. Die Bybel veroordeel dit en dit is waarmee ek volstaan.

NB2: Weet Mariaan hoe jy daaroor voel?

S2: Ja, ek het vir haar gesê, ek keur dit nie goed nie en gaan ook nie verder met haar daaroor praat nie. Ek dink Tina is dalk die een wat haar meer daaroor kwel.

*Tweede gesprek vervolg:*

NB3: Tina, jy het in die vorige gesprek genoem dat jy met Mariaan daaroor gepraat het. Beteken dit dat jy tog bereid is om met Mariaan daaroor te praat?

T1: Ja, Mariaan het met ons daaroor gepraat en ek voel ek moet met haar daaroor praat!

NB4: Tina, in die vorige gesprek het jy genoem dat Mariaan nie maklik praat nie. Die feit dat Mariaan tog met julle oor haar seksualiteit gepraat het, wat sê dit vir julle?

T2: Ek dink, dis dalk omdat sy tog wil hê ons moet vir haar begrip hê, dat ons dalk moet probeer om te verstaan.

NB5: En dink julle sy ervaar dat sy begrip van haar ouers ontvang?

S&T3: Nee.

NB6: Wat laat julle so sê?

T3: Dit is moeilik. Ons praat met haar omdat die Bybel so verdoemend daaroor praat en ons wil hê sy moet insien waarmee sy besig is.

NB7: En sien sy dit in?

S4: Nee.

T4: Die kere wat ek na Skrifgedeeltes verwys het soos Romeine 1, het sy gesê ons moet die volgende hoofstuk ook lees: 'daar is geen verontskuldiging, vir jou, mens wat 'n ander veroordeel, wie jy ookal is'.

NB8: Wat dink julle van Mariaan se antwoord?

S5: Haar ou laai, sy wil nie haar eie foute insien nie, sy sal altyd die blaam verskuif.

NB9: *Doen ons almal nie maar dit as dit by ons sondes en foute kom nie?* Sê vir my, hoe raak hierdie stryd om haar tot insig te bring en haar oënskynlike onwilligheid om tot insig te kom, julle verhouding met haar?

S6: Wel, dit doen die verhouding nie goed nie. Dit skep spanning.

NB10: Die aanhaal van 'n klomp tekste om die een se standpunt te regverdig en vice versa, waar bring dit julle?

T5: Nêrens.

NB11: Daarom wil ek voorstel dat ons dalk 'n bietjie praat oor hierdie verdoemende tekste waarna julle verwys. Kan ons dit so doen?

S&T7: Ja.

*(Die Bybeltekste wat handel oor homoseksualiteit lei tot 'n lang gesprek. Die gesprek sluit sake soos Skrifgebruik binne konteks in, persoonlike en sosiale konstrukte wat veroorsaak dat die Skrif nie neutraal gelees word nie, maar eerder soos 'n 'filter' funksioneer. Daar word gepraat oor wetenskaplike pogings om die verskynsel van homoseksualiteit te verklaar. Daar bestaan medies-biologiese verklarings, gedragswetenskaplike verklarings en psigies-emosionele verklarings. Dit is nie 'n poging om homoseksualiteit te regverdig of summier af te wys nie, maar om Sybrandt en Tina tot die besef te bring dat dit 'n komplekse saak is, wat op verskillende maniere verstaan kan word.)*

*Tweede gesprek vervolg:*

NB12: Ek besef dat hierdie verklarings slegs verklarings is. As Christene soek ons morele leiding en dis vir ons tog belangrik wat die Bybel sê. Dis ook wat ek van julle verstaan. Julle kan tog sekerlik ook getuig dat in julle eie lewe waar julle 'n stryd moet stry teen sonde, dit nie 'n maklike saak is nie, juis omdat dit vir julle belangrik is om 'n lewe te lei wat julle meen vir God aanvaarbaar is. Dink julle dat Mariaan totaal onverskillig teenoor die Here staan?

T6: Glad nie.

NB13: So, ek verstaan dan dat sy in haarself 'n stryd het om te probeer verstaan. Is dit reg?

T7: Beslis.

NB14: Julle pogings om haar gedrag met wette en dreigemente reg te stel, waartoe dra dit by?

S8: Dit dra waarskynlik by tot haar stryd en wroeging.

NB15: Hoe voel julle daaroor?

T8: Ons besef dit help nie. Dis seker hoekom sy Pa en Ma se foute ook met tekste en dreigemente probeer regstel!

NB16: En, kry Mariaan dit reg om Pa en Ma tot ander insigte te laat kom?

T9: *(Lag effentjies.)* Nee.

NB17: Dink julle nie sy beleef weereens, dalk soos in haar kinderjare, dat Pa en Ma nie wil verstaan nie? Ek verstaan julle optrede ook, want as goeie ouers meen julle, moet julle die kinders se gedrag regstel. Dit word immers verwag van ouers, nè? Hoeveel te meer nie van Christelike ouers nie. Dit is ook hoekom Esegiël 3 so sterk appèl op julle lewe maak. Verstaan ek reg?

S&T9: Dit is verseker so.

NB18: Ek wil voorstel dat ons na die verhaal van die owerspelige vrou kyk!
*(Die verhaal word in Johannes 8 gelees. Daar word verduidelik dat die skrifgeleerde en Fariseërs reg opgetree het. Hulle het gedoen wat die wet sê. Owerspel was 'n strafbare sonde en die vrou moes gestenig word. Dit was die aanvaarde handeling in die geval – almal het dit geweet, selfs die vrou!)*
Wat is vir julle opvallend van die verhaal?

S&T10: Jesus wat sekerlik die wet van God ken, tree heeltemal teen die manier van doen op.

NB19: Wat doen Jesus anders?

S11: Hy sê die een wat sonder sonde is, moet die eerste klip gooi. Hy laat hulle na hulle eie harte kyk.

NB20: Beteken dit vir julle iets oor die manier wat julle Mariaan hanteer?

S&T12: Ja. Ons moet dalk soos Jesus kyk.

NB21: Het Jesus die vrou net laat gaan?

S13: Nee, Hy het vir haar gewys dat sy ook verkeerd is.

*Tweede gesprek vervolg:*

| | |
|---|---|
| T10: | Hy het haar vergewe en gesê sy moenie weer met haar leefwyse voortgaan nie. |
| NB22: | Jesus het vir hulle almal gewys dat hulle verkeerd opgetree het, terwyl die skrifgeleerdes en Fariseërs gedink het hulle doen reg. Daar is 'n beginsel in die verhaal wat belangrik is. Die vergifnis wat sy beleef en haar bevryding beteken nie dat dit wat sy verkeerd gedoen het geregverdig word nie. Jesus wil hê sy moet besef dat sy haar lewe verder met verantwoordelikheid moet gaan leef. Julle het gesê Mariaan worstel met haarself en julle besef ook dat julle veroordeling nie die worsteling verbeter nie, maar eerder die spanning verhoog. Kan julle Mariaan vertrou om verantwoordelike keuses in haar lewe te maak? |
| T11: | Ja, sy is 'n verantwoordelike mens. |
| NB23: | Wat dink julle sal haar reaksie wees as julle sê dat julle haar as Christin vertrou om 'n verantwoordelik keuse voor God te maak? |
| S&T14: | Dit sal vir haar baie beteken. |
| NB24: | Hoekom? |
| T12: | Omdat sy sal beleef dat Pa en Ma tog bereid is om haar kant van die storie te verstaan. |
| NB25: | En is dit die geval, is julle bereid om te luister en te verstaan? |
| S&T15: | Ja, ter wille van onsself en Mariaan. |
| NB26: | Dink julle hierdie gesprek was vir julle van betekenis? |
| S&T16: | Ja, dit gee vir ons iets om oor na te dink. Baie dankie. |

*6.4.2.1 Refleksie op die tweede gesprek:*

In hierdie gesprekke met Sybrandt en Tina is dit duidelik dat religieuse diskoerse baie beslis 'n rol speel in die beskrywing van die dominante storie. Die dominante storie handel oor hulle dogter se homoseksualiteit en hulle pogings om dit te 'verwerk'. Vir ouers wat hulle kinders binne 'n normale, Christelike milieu grootgemaak het en vir al hulle kinders dieselfde geleenthede probeer skep het, is hierdie bekendmaking 'n seer slag.

Die religieuse diskoerse wat Sybrandt en Tina oor homoseksualiteit handhaaf, dra sekerlik by tot 'n dun beskrywing van die dominante storie (S1, S2). Dit het uit die aard van die saak die maatstaf geword waaraan die dominante storie geïnterpreteer word. Waar kom die religieuse diskoerse vandaan? Met die dekonstruksie van die sosiale diskoerse van hulle leefwêreld, sowel as die religieuse diskoerse van hulle geloofsgemeenskap, het die gespreksgenote

bewus geword van hoe hulle persoonlike konstrukte oor tyd gevorm is deur hulle sosiale- en geloofsgemeenskap.

Daar is gekyk na die religieuse konteks (geloofsgemeenskap) waarvan hulle deel is. Soos daar in paragraaf 5.6 aangedui is, is die Skrif deel van die Christelike geloofsgemeenskap se identiteit. Dit speel 'n rol in die lewe van die gespreksgenote in dié gevallestudie (S1, T3, T4). Aangesien dit so groot rol gespeel het, was dit vir die skrywer nodig om aan die rol van Skrifgedeeltes wat bydra tot die verstaan van die dominante storie, aandag te gee. Dit moes egter sensitief geskied om nie die gespreksgenote se eie geloofservaring en oortuiging nietig te verklaar nie.

Verder is hierdie dun beskrywings ondersteun deur totaliserende sosiale diskoerse oor homoseksualiteit. Tina se dankbaarheid dat sy nié met die vriendin gepraat het nie (en ook haar huiwering om met die skrywer te praat) is 'n aanduiding dat hulle besef het dat hulle saam met hulle kind moontlik gemarginaliseer sou word omdat die gemeenskap waarin hulle leef dit as 'n refleksie op hulle as ouers sou sien (Gesprek 6.4.1).

Die dun beskrywings het 'n geslote realiteit wat die gesin se interpersoonlike verhoudings nadelig beïnvloed, tot gevolg (S6).

In Tabel 2 (p. 46) is aangedui dat eksternaliserende gesprekke die norm van die status quo uitdaag en so diskrimenerende praktyke sigbaar maak. Die dekonstruerende gesprek oor homoseksualiteit het iets van die sosiale en religieuse diskoerse blootgelê, sodat die probleem van blaam en nie-aanvaarding los gemaak kon word van die gespreksgenote en hulle dogter. Hierdie probleem is nie pertinent geobjektiveer nie, maar in die gesprek was dit tog moontlik om die invloed van die probleem te ondersoek (NB12 – NB17).

Na die skrywer se mening beleef die gespreksgenote en hulle dogter 'n behoefte aan katarsis (vergelyk Tabel 4 – p. 69). Albei partye beleef 'n onvermoë om die probleem uit te praat. Die totaliserende diskoerse dra tot hierdie onvermoë by. Die behoefte aan iemand wat luister en verstaan (in albei gevalle) word

oorskadu deur blaam en skuld wat deur die totaliserende diskoerse gevoed word.

Is daar enige unieke uitkomste wat identifiseerbaar is? Is daar uitsonderings wat buite die dominante storie staan en die dominante storie weerspreek? Skrywer meen die feit dat Mariaan tog met haar ouers die saak van haar seksualiteit bespreek het, is 'n opening in die storie (NB4). Tina sê self: "Ek dink, dis dalk omdat sy tog wil hê ons moet vir haar begrip hê, dat ons dalk moet probeer om te verstaan" (T2). Hierdie opening skep ruimte om ander moontlike wyses van verstaan te vind. Die dekonstruksie van die diskoerse het alreeds begin om daardie ruimte te skep.

Aangesien die Skrif in hierdie gespreksgenote se lewe so 'n belangrike rol speel, is dit dan ook benut om die gespreksgenote bewus te maak van ander verstaansmoontlikhede (NB18). 'n Semantiese skuif (vergelyk paragraaf 5.6) kan 'n totaal nuwe dimensie in die gesprek bring. Die Bybelverhaal is aangewend om die beginsel dat God sensitief is teenoor mense, uit te lig. In die gesprek het dit daartoe bygedra dat hulle die verhouding met hulle dogter nuut kan inrig, maar dat daar ook 'n nuwe etiese basis geskep word om die probleem te hanteer. So is daar dus 'n nuwe oop realiteit geskep wat nodig is vir die herskryf van die dominante storie (S&T10, S11, S&T 12, T10, NB22).
Die beginsel van die Bybelverhaal wat die unieke uitkoms artikuleer, word op die landskap van aksie en identiteit ondersoek. Dit is duidelik dat die gespreksgenote dit as 'n verkieslike uitkoms beskou en onderneem om dit verder te ontwikkel in 'n alternatiewe storie (NB23, T12, S&T15).

### 6.4.3 Refleksie deur gespreksgenote:

Aan die einde van die gesprek vind daar 'n kort refleksie deur die gespreksgenote plaas (NB26, S&T16). In die reflekterende vrae (NB23, NB25) oor hoe die gespreksgenote die gesprek met hulle dogter gaan voortsit, word 'n verandering van gesindheid bespeur (T12, S&T15, S&T16). Of dit hulle gedrag totaal gaan verander, is 'n ander vraag, maar in konklusie meen hulle dat die

narratiewe gesprek sekerlik daartoe bygedra het dat hulle sake het om oor 'na te dink'(S&T16) - sake wat die uitkoms van die storie ten goede kan beïnvloed.

## 6.5 SAMEVATTING

In die drie gevallestudies wat in hierdie hoofstuk bestudeer is, is dit duidelik dat religieuse konstrukte deel was van die stories wat deur die gespreksgenote aan die orde gestel is. Die rol daarvan was in elke geval verskillend:

- In die eerste geval het die religieuse konstrukte 'n eksistensialistiese tema gehad. Dit het te doen gehad met diepliggende geestelike ervaringe wat die gespreksgenoot tot uiting wou bring in 'n oënskynlike deterministiese wêreld.
- In die tweede geval het die religieuse konstrukte te doen gehad met die interne emosionele struktuur van die gespreksgenoot.
- In die derde geval het die tema van die religieuse konstrukte te doen gehad met waardes en oortuigings.

In die gesprekke met die gespreksgenote is daar nie alleen gepoog om die beginsels van die narratiewe berading toe te pas nie, maar is die religieuse kwessies wat deel was van die dominante storie ook spesifiek ondersoek. Skrywer was deurgaans bedag daarop om nie objektiwistiese waarhede of etiese norme vanuit die Skrif op die gespreksgenote af te dwing nie. Daar is in die verloop van die gesprekke gesien hoe die gespreksgenote later tog spontaan keuses gemaak het ten opsigte van religieuse konstrukte waarmee hulle die beste kon identifiseer. Die proses van narratiewe berading kon telkens aangewend word om die gespreksgenote se dominante stories te herskryf sodat alternatiewe stories na vore getree het.

Van Jaarsveld (2001:123) meen dat in die verandering van religieuse diskoerse en konstrukte dikwels 'n transformasie van die totale mens bespeur word. Wanneer God en mens ontmoet, vind 'n konstitutiewe en agogiese verandering in mense se lewens plaas. Daarmee bedoel hy die volgende:

- Konstitutiewe verandering is 'n wesenlike bestaansverandering waarin die klem val op verandering in die menslike wil en rede.
- Agogiese verandering vind plaas waar kennis en inligting die persoon beïnvloed en dit die mens se totale lewenswandel en sy lewensprioriteite raak.

Dit is in hierdie gevallestudies waargeneem. Die religieuse inligting wat in hierdie studies gebruik is, het in die gespreksgenote se stories bygedra tot die verandering van hulle wil en rede (konstitutief) en tot die verandering van hulle lewenswandel en prioriteite (agogies).

# HOOFSTUK 7

# REFLEKSIE OP DIE STUDIE

## 7.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk is 'n refleksie op die studie. Data is op 'n teoretiese en 'n empiriese wyse versamel. Vervolgens word 'n oorsig gegee van die studie sowel as 'n gevolgtrekking ten opsigte van die probleemstelling en doelstellings wat vir hierdie studie gestel is.

## 7.2 SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN DIE STUDIE

In hoofstuk 1 is die volgende doelstellings gestel:

- Om ten opsigte van die probleemstelling, die onderliggende patrone en invloede van sosiale gedrag te ondersoek en meer spesifiek dan religie as sosiale instelling.
- Om aan die hand van die teorie van narratiewe berading met gespreksgenote in gesprek te tree ten opsigte van die probleemstelling.

In hoofstuk 2 is breedvoerig aandag gegee aan die postmoderne denkraamwerk wat die agtergrond vorm vir die teorie van die narratiewe berading. Daar is aandag gegee aan die uitgangspunt van die konstruktivisme dat mense se realiteite gekonstrueerde realiteite is. Hierdie konstruksies bevat mense se verstaan en begrip van hulle leefwêreld. Vanuit die sosiale konstruksionisme is aangedui hoe sosiale diskoerse, met die fokus op religieuse diskoerse, tot stand kom en bydra tot die vorming van mense se persoonlike konstrukte ten opsigte van hulleself, hulle wêreld en hulle probleme. Mense se verstaan van hulle realiteite is produkte van 'n sekere perspektief of diskoers.

In hoofstuk 3 is gekyk na die rol van taal in die totstandkoming van diskoerse en konstrukte – spesifiek dan die rol van religieuse taal in religieuse diskoerse en konstrukte.

In hoofstuk 4 is aandag gegee aan die waarde van die narratiewe benadering tot berading. Die uitgangspunt van die benadering is dat daar met mense se stories gewerk word - stories wat mense oor hulleself, hulle wêreld en hulle probleme konstrueer. Daar is aangedui hoe om hierdie stories te hanteer sodat mense van die greep van problematiese stories losgemaak kan word.

In hoofstuk 5 is daar nader aan die fokus van die studie beweeg. Met die bydrae van dekonstruksie, is lig gewerp op die oordragprosesse van godsdienstige idees en oortuigings. Deur dekonstruksie word die betekenis van ervaringe en belewenisse ten opsigte van religie bekend gemaak. Op dié wyse is aangedui wat mense se binding aan en afhanklikheid van God is. So is konstrukte en diskoerse blootgelê wat dun beskrywings in die dominante stories van mense tot gevolg het. Daar is aangedui dat die proses van rekonstruksie van religieuse konstrukte mense se vertroue in die realiteit versterk omdat hulle deur rekonstruksie hulle probleemdeurdrenkte stories kon herskryf. Op die manier is nuwe insig en begrip verkry.

In hoofstuk 6 is in gesprek getree met gespreksgenote. Elkeen van die gespreksgenote se dominante storie het iets te doen gehad met religieuse konstrukte en diskoerse. Die religieuse konstrukte en diskoerse se invloed is deur dekonstruksie ondersoek om te bepaal in watter mate dit bydra tot die betekenis wat aan die dominante stories geheg is. In elk van die gevalle het dit in 'n mindere of meerdere mate 'n rol gespeel in die verstaan van die dominante storie. Baie mense meen dat as mens oor religieuse sake praat heilige grond betree word. Wanneer religie self daartoe bydra dat mense 'n probleem beleef, is daar dikwels 'n huiwering om daaroor te praat, aangesien daar dalk gemeen kan word dat hulle oneervol is of dat hulle geestelik te kort skiet.
Dit was in hierdie hoofstuk opvallend dat deur 'n narratiewe gesprek met die gespreksgenote te voer, daar uitkoms vir hulle gekom het. Nie alleen het die dominante storie verander nie, maar beperkende religieuse diskoerse en konstrukte het ook hulle greep verloor.

## 7.3 BYDRAE VAN DIE STUDIE

Hierdie studie is nie bedoel om 'n teologiese basis te skep om God te verklaar of om fenomenologies na godsdiens te kyk nie. Verder is dit nie die bedoeling om waarde-oordele te maak of voorskriftelik te wees ten opsigte van die religieuse inhoude van die gespreksgenote se stories nie. In hierdie studie word aandag gegee aan die rol van religieuse diskoerse en konstrukte in die stories wat mense konstrueer.

Volgens die skrywer is die bydrae van die studie die volgende:

- Dit is duidelik dat konstrukte die produkte is van sosiale diskoerse. In die geval van religieuse konstrukte is dit die produk van religieuse diskoerse.
- Konstrukte word aangewend om ervaringe te verstaan. Net so wend mense religieuse konstrukte (oor wie God is en hoe Hy oor hulle voel) aan om hulle ervaringe te verstaan.
- Uit die aard van die saak is religieuse konstrukte uniek aan elke individu omdat dit ook bepaal word deur sekere behoeftes en gebeure binne 'n sekere konteks, op 'n sekere tyd. Hierdie unieke religieuse konstrukte reflekteer dus ook in 'n mate die persoon se binding met God. 'n Problematiese binding is dikwels die oorsaak dat mense in 'n situasie van berading kom.
- In die gevallestudies is dit opmerklik dat die tradisionele beskouing van God bygedra het tot die totstandkoming van konstrukte wat dun beskrywings tot gevolg gehad het. Dit was duidelik dat die absolute dogmas nie tot 'n sinvolle binding van die gespreksgenote se stories en God se Storie kon bydra nie.
- Wat na vore kom, is dat die probleem nie God self is nie, maar die konstruk oor God. Telkens is die konstruk oor God verabsoluteer asof dit God self is. God is groter as die konstruk oor Hom.
- Dit is verder opmerklik dat waar die gespreksgenoot se konstruk oor God verander het, die gedrag van die gespreksgenoot én die gedrag van die 'probleem' verander het.
- Hierdie verandering het as volg plaasgevind:

- o Deur die prosesse van narratiewe berading het die skrywer gepoog om tot 'n beter begrip van die gespreksgenote se stories en spesifiek die religieuse konstrukte te kom.
- o Die oop-beskouing van God is ontgin in die herskrywing van die gespreksgenote se stories. Op hierdie wyse is God nader gebring aan die konkrete belewenisse van die gespreksgenote.
- o Die belangrikheid van die alternatiewe storie is op betekenisvlak vasgelê om die gespreksgenote te bemagtig om vry te kom van die werking van die 'probleem' en hulle lewe in 'n nuwe rigting te laat beweeg.

## 7.4 TEKORTKOMINGE IN DIE STUDIE

In die empiriese hoofstuk merk die skrywer sekere leemtes:

- Daar is nie in elke gevallestudie aan elke beginsel van die narratiewe berading aandag gegee nie. Daar was nie werklik geleentheid vir simboliese handelinge nie en dit is nie in al die gesprekke geëksploreer nie. Waar simboliese handelinge gesuggereer is (tweede gevallestudie), was daar 'n onwilligheid van die gespreksgenoot se kant af. As berader moes die skrywer dit respekteer. In die derde gevallestudie is die proses van eksternalisering en objektivering dalk nie genoegsaam ontwikkel nie.
- Die manier waarop religieuse diskoerse in die empiriese studie hanteer is, het by sommige gespreksgenote (derde gevallestudie) tot frustrasie gelei wat kon maak dat hulle dit as 'n leemte beleef. Hulle het direkte antwoorde verwag. Die 'versoeking' was groot om aan hierdie verwagting van die gespreksgenote te voldoen. Die gesamentlike ondersoek en dekonstruksie van hulle religieuse konstrukte was iets waaraan hulle nie sondermeer gewillig deelgeneem het nie.
- Gesprekke met ander rolspelers sou dalk kon bydra tot die konsolidering van die alternatiewe storie in die tweede en die derde gevallestudie. Prakties was dit nie moontlik nie. Refleksies deur die twee lewende seuns (in die tweede gevallestudie) en die dogter (in die derde gevallestudie) sou byvoorbeeld wenslik gewees het.

## 7.5 AANBEVELINGS VIR TOEKOMSTIGE NAVORSING

Die volgende voorstelle vir toekomstige studie word aan die hand gedoen:

- In hierdie studie is daar enkele religieuse temas aan die orde gestel. Religieuse konstrukte en diskoerse hou egter verband met 'n legio ander moontlike temas. Daar is dus die moontlikheid om ook ander sake te ondersoek, soos byvoorbeeld die rol van religieuse konstrukte en diskoerse in huweliksverhoudinge en die verwerking van trauma.
- Daar is verwys na die gebruik van metafore oor God. Om die rol van verskillende metafore oor God in narratiewe te ondersoek, is 'n verdere moontlikheid vir toekomstige navorsing.
- Die gebruik van simboliese religieuse handelinge in narratiewe berading is ook 'n moontlikheid om te ondersoek. Aangesien dit bydra tot die konsolidering van alternatiewe stories, kan die betekenis en waarde van religieuse simboliek vir alternatiewe stories ondersoek word.

## 7.6 REFLEKSIE DEUR DIE SKRYWER

Die nadenke omtrent die narratiewe berading en die postmoderne denke as begronding daarvan, was 'n proses waardeur die skrywer ook persoonlike groei beleef het. Die persoonlike groei bestaan enersyds daarin dat die skrywer se denke omtrent en werkswyse in berading verander het. Die narratiewe berading het vir die skrywer 'n onmisbare en bruikbare middel geword in sy bediening. Dit word met vrug aangewend waaroor die skrywer dankbaar is.
Andersyds bestaan die persoonlike groei daarin dat die skrywer ook sy eie persoonlike konstrukte en diskoerse kan ondersoek. Die skrywer beleef 'n groter gemaklikheid daarmee om 'nie te weet nie'.

Die ondersoek ten opsigte van religieuse diskoerse was vir die skrywer ook bevredigend. Die skrywer besef dat daar met vrymoedigheid gesoek kan word na ander maniere van dink oor God. Dit plaas nie noodwendig die eer van God op die spel nie – dit bevry eerder die skrywer en die mense met wie hy werk, om God op 'n nuwe relevante wyse in hulle lewe te betrek.

Die gesprekke met die gespreksgenote was vir die skrywer ook 'n positiewe ervaring. Hoewel daar leemtes was (soos genoem in paragraaf 7.4), was dit vir die skrywer nie 'n probleem nie omdat daar juis in die narratiewe berading 'n gemaklikheid is in die wyse waarop die proses plaasvind. Die leemtes beteken nie noodwendig dat daar gefouteer is nie, want in al die gevalle kon die gespreksgenote vir hulleself 'n oplossing vind deur die herskrywing van hulle stories. Dit het die proses van narratiewe berading vir die skrywer die moeite werd gemaak.

## 7.7 SLOTGEDAGTE

Hierdie studie is ingelei met die woorde van Elizabeth Eybers (vergelyk p. vii):

*Hoe ingewikkeld weerloos is die mens,*
*... tog kom dit voor dat jy teenoor hom staan*
*sonder gebruikaanwysing, met die wens*
*dat julle saam iets van mekaar mag leer...*
*Gaan dan met groot omsigtigheid te werk:*
*van alles waaraan hy hom kan beseer...*
*sal jy jou nooit volledig vergewis...*

Dié woorde som iets van die skrywer se belewenis van die narratiewe berading op. Van die omvang van die gespreksgenote se belewenisse het die skrywer maar slegs kennis geneem. Die skrywer het deur die gesprekke probeer verstaan hoe weerloos die gespreksgenote gelaat is deur hulle dominante stories. Deur die narratiewe berading kon die skrywer versigtig meehelp dat die gespreksgenote weer hulle waardigheid en hoop terugvind – en hieroor is die skrywer dankbaar!

## BIBLIOGRAFIE

ARMISTEAD, M.K. 1995. God images in the healing process. Minneapolis : Fortress Press.

BERGER, P. & LUCKMANN, T. 1966. The social construction of reality. A treatise in the sociology of knowledge. New York : Doubleday.

BRINK, A.P., *red.* 2000. Groot Verseboek. Kaapstad : Tafelberg Uitgewers.

COMBS, G. & FREEDMAN, J. 1990. Symbol, Story and Ceremony. Using metaphor in individual and family therapy. New York : W.W. Norton & Company.

CRAFFORD, J.D. & KOTZÉ, D.J. 1997. 'n Narratiewe pastorale terapie met depressiewe persone. Acta Theologica, 1:99-119.

CRESWELL, J.W. 1998. Qualitative inquiry and research design: choosing among five traditions. Thousand Oaks : Sage.

DELPORT, C.S.L. & FOUCHÉ, C.B. 2002. The qualitative research report. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grass roots (for the social sciences and human service professions). 2nd ed. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 356-359.)

DE VOS, A.S. 2002. Qualitative data analysis and interpretation. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grass roots (for the social sciences and human service professions). 2nd ed. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 339-355.)

DOAN, R.E. 1997. Narrative therapy, Postmodernism, Social Constructionism, and Constructivism: Discussion and Distinctions. Transactional Analysis Journal, 27(2):128-133.

DOHERTY, W.J. 1991. Family therapy goes postmodern. Family Therapy Networker, :37-42

DURAND, J.J.F. 1982. Skepping, Mens, Voorsienigheid. Pretoria : NG Kerk Boekhandel.

DU TOIT, B.J. 2001. God? Geloof in 'n postmoderne tyd. Bloemfontein : CLF-Uitgewers.

ERICKSON, M.J. 1998. The evangelical left: Encountering Postconservative Evangelical Theology. Cumbria : Paternoster Press.

FOUCHÉ, C.B. 2002a. Problem formulation. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grass roots (for the social sciences and human service professions). 2nd ed. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 104-113.)

FOUCHÉ, C.B. 2002b. Selection of researchable topic. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grass roots (for the social sciences and human service professions). 2nd ed. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 95-103.)

FOUCHÉ, C.B. 2002c. Research strategies. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grass roots (for the social sciences and human service professions). 2nd ed. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 270-277.)

FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2002. The place of theory and the literature review in the qualitative approach to research. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grass roots (for the social sciences and human service professions). 2nd ed. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 265-269.)

FRANKLIN, S.T. 1990. Speaking from the Depths: Alfred North Whitehead's Hermeneutical Metaphysics of Propositions, Experience, Symbolism, Language, and Religion. Grand Rapids : Eerdmans Publishing Co.

FREEDMAN, J. & COMBS, G. 1996. Narrative Therapy: The Social Construction of preferred realities. New York : WW Norton Company, Inc.

GERGEN, K.J. 1985. Social constructivist movement in psychology. American Psychologist, 40:266-275.

GERGEN, K.J. 1991. The saturated self: dilemmas of identity in contemporary life. New York : Basic Books.

GERGEN, K.J. & GERGEN, M.M. 1991. Towards Reflexive methodologies. (*In* Steier, F., *ed.* Research and Reflexivity. London : Sage Publications. p. 76-95.)

GRIFFITH, J.L. & GRIFFITH, M.E. 1992. Therapeutic Change in Religious Families: Working with the God-Construct. (*In* Burton, L.A., *ed.* 1992. Religion and the family - when God helps. New York : The Haworth Pastoral Press, Inc. p. 63-86.)

GREEF, M. 2002. Information collection: Interviewing. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grass roots (for the social sciences and human service professions). 2nd ed. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 291-320.)

HOLSTEIN, J.A. & GUBRIUM, J.F. 1995. The active interview. Thousand Oaks : Sage. (Qualitative Research Methods Series, 1995:37)

LAX, W.D. 1992. Postmodern Thinking in a Clinical Practice. (*In* McNamee, S. & Gergen, K.J., *eds.* Therapy in social construction. London : Sage. p. 69-82.)

LOUW, D.J. 1997. Pastoraat as vertolking en ontmoeting: teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Kaapstad : Lux Verbi.

MARSHALL, C. & ROSSMAN, G.B. 1999. Designing qualitative research. 3rd ed. Thousand Oaks : Sage.

MARVEL, D., HUSKEY, T., LERNER, D. & THURLOW, R. 2000. A field guide to narrative therapy methods.
[Beskikbaar op internet:] http://www.socialworkonline.com/narrative.htm
[Datum van gebruik: 2/8/2003]

Mc LEOD, W.T., *ed.* 1986. The new Collins concise dictionary of the English language. Glasgow : William Collins Sons & Co. Ltd.

MORGAN, A. 2000. What is narrative therapy? An easy to read introduction. Adelaide : Dulwich.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1990. Basic concepts in the methodology of social sciences. Pretoria : Human Science Research Council.

MÜLLER, J. 1996. Om tot verhaal te kom: Pastorale gesinsterapie. Pretoria : RGN.

POTGIETER, R. 2000. Beraad met kinders: 'n Narratiewe ondersoek binne die sosiologie. Vanderbijlpark : PU vir CHO. (Skripsie – MA)

REID, W.J. & SMITH, A.D. 1981. Research in social work. New York : Columbia University Press.

RICE, R. 1980. The Openness of God: The relationship of divine foreknowledge and human free will. Nashville : Herald Publishing Association.

SCHAEFER, R.T. 1989. Sociology. 3rd ed. New York : McGraw-Hill.

SEIDMAN, I. 1998. Interviews as qualitative research. 2nd ed. New York : Teachers College Press.

SHAPIRO, J. & ROSS, V. 2002. Applications of Narrative Theory and therapy to the Practice of Family Medicine. Family Medicine:96-100, February.
[Beskikbaar op internet:] http://www.bmts.com/~cookes/Narrative.htm
[Datum van gebruik: 2/8/2003]

STRYDOM, H. 2002. Information collection: Participant observation. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grass roots (for the social sciences and human service professions). 2nd ed. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 278-290.)

SWANEPOEL, H.J. 2000. Narratiewe berading met 'n geskeide persoon: die gebruik van metafore vanuit 'n sosiologiese perspektief. Vanderbijlpark : PU vir CHO. (Skripsie – MA)

SWANEPOEL, H.J. 2003. Postmodernisme: Wat is dié denke? *Beeld*:10, Jul. 21.

SWEEN, E. 1999. CG Jung Pages.
[Beskikbaar op internet:] http://www.cgjungpages.org/articles/sween1.html
[Datum gebruik: 2/8/2003]

VAN JAARSVELD, F.J. 2001. Die rol van Godskonsepte vir pastorale terapie: 'n konstrukteoretiese benadering. Bloemfontein : UOVS. (Proefskrif – Phd)

VAN DER WATT, D. 1993. Constructions of Constructivism. Pretoria : UNISA (Skripsie – MA)

VON GLASERSFELD, E. 1991. Knowing without metaphysics: Aspects of the radical constructivist position. (*In* Steier, F., *ed.* Research and Reflexivity. London : Sage Publications. p. 12-29.)

WHITE, M. & EPSTON, D. 1990. Narrative means to therapeutic ends. New York : Norton.